21. Albei woonbuurte word deur die munisipaliteit van Vanderbijlpark beheer.

22. Vereeniging:

Wat die distrik Vereeniging betref het my opdrag betrekking op die gebeure te Evaton, 'n klein dorpie wat omtrent 12 myl van Vereeniging geleë is en Sharpeville, 'n Bantoe woonbuurt wat ongeveer 2 myl buite die dorp Vereeniging geleë is.

23. In Evaton woon slegs ongeveer 2,000 blankes. Nagenoeg 50,000 Bantoes woon in hulle eie woonbuurte wat aan die dorp grens. Die meerderheid van hierdie Bantoes werk te Vanderbijlpark, Vereeniging, Meyerton en Johannesburg.

24. Sharpeville, wat deur die munisipaliteit van Vereeniging beheer word, is 'n indrukwekkende Bantoe woonbuurt. Families woon saam in huise terwyl ongetroude mans in 'n hostel gehuisves word. Tydens die gebeure het daar nagenoeg 8,655 volwasse mans, 6,843 volwasse vrouens en 20,863 kinders onder die ouderdom van 18 jaar in Sharpeville gewoon. Ongeveer 1,700 ongetroude mans word in enkel kwartiere binne Sharpeville gehuisves.

25. In elkeen van die woonbuurte wat deur 'n munisipaliteit beheer word fungeer 'n Adviserende Naturellekomitee ooreenkomstig die bepalings van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945) soos gewysig by Wet No. 36 van 1957. Die bevoegdheid van 'n komitee word as volg in artikel 37 van laasgenoemde Wet gestel, nl.:

"37. (2) (a) 'n Adviserende naturellekomitee of 'n vergadering van lede van twee of meer sodanige komitees ingevolge 'n regulasie byeengeroep, oorweeg en doen verslag oor -

(i) enige regulasie wat die stedelike plaaslike bestuur voornemens is om ingevolge sub-artikel (3)

14/...

of (4) van artikel agt-en-dertig uit te vaardig of oor te neem;

(ii) enige aangeleentheid wat na sodanige komitee of vergadering deur die stedelike plaaslike bestuur of deur middel van die stedelike plaaslike bestuur deur die Minister verwys word;

(iii) enige aangeleentheid wat in besonder die belange van naturelle in die stadsgebied raak, waaromtrent die komitee of vergadering dit nuttig of wenslik ag om verslag te doen,

en stuur sy verslag aan die stedelike plaaslike bestuur of deur die stedelike plaaslike bestuur aan die Minister, na gelang van die geval, binne sodanige tydperk as wat aan die komitee of vergadering meegedeel word deur sodanige stedelike plaaslike bestuur.

(b) 'n Adviserende naturellekomitee of 'n vergadering van lede van twee of meer sodanige komitees ingevolge 'n regulasie byeengeroep, kan ook die uitvaardiging of oorname van 'n regulasie wat hy in belang van naturelle in die stadsgebied nodig of wenslik ag, by die stedelike plaaslike bestuur aanbeveel.".

26. Die enigste van die betrokke woonbuurte wat 'n polisiestasie binne sy grense het is Sharpeville. Hierdie polisiestasie is op 23 Oktober 1959 geopen. Die personeel bestaan uit 'n blanke sersant, 2 blanke konstabels, 8 Bantoe sersante en 27 Bantoe konstabels. Die ligging van en ander besonderhede in verband met die polisiestasie blyk uit sekere aanhangsels waarna hieronder verwys word. Die getuienis dui daarop dat voor die gebeure wat in hierdie verslag ter sprake is, daar 'n goeie gesindheid tussen die polisie te Sharpeville en die inwoners bestaan het.

27. Daar is enkele verwysings in die getuienis na die ekonomiese en ander omstandighede waaronder die Bantoes in die woonbuurte woon. Dit was klaarblyklik nie binne die bestek van die Kommissie om op daardie sake in te gaan en feitebevindings insake die geldigheid van griewe te doen nie. Vir sover daar egter n moontlike verband tussen griewe en die gebeure op 21 Maart 1960 kon wees, moes die Kommissie van die bestaan daarvan kennis neem. Ek verwys later na hierdie aangeleentheid.

28. Ek heg hierby aan n kaart waarop die ligging van die verskeie woonbuurte ten opsigte van mekaar asook ten opsigte van die dorpe Vanderbijlpark en Vereeniging aangedui word. (Aanhangsel "A").

HOOFSTUK III.

DIE PAN AFRICANIST CONGRESS EN SY VERBAND MET DIE BETROKKE GEBEURE.

29. Die getuienis bewys bo enige redelike twyfel dat n Bantoe organisasie, nl., die Pan Africanist Congress, ten nouste betrokke was by die gebeure waaroor hier verslag gedoen word. Die aanvoorwerk vir die betogings wat plaas-gevind het was in hoofsaak deur lede van die organisasie en persone wat hulle goedgesind was, onderneem. Wat die betogers van Bopholong en Sharpeville betref was lede van die organisasie ongetwyfeld te alle tersaaklike tye as leiers erken. Hoewel direkte getuienis ontbreek in die geval van die betogers van Boiphatang en Evaton, is dit waarskynlik dat lede van die organisasie ook daar die leiding waargeneem het.

30. Dit val nie binne die bestek van die Kommissie se opdrag om breedvoeriglik oor die stigting, algemene doel-stellings en optrede van die Pan Africanist Congress verslag te doen nie. Vir sover die doelstellings en optrede egter met die betrokke gebeure in verband staan is dit noodsaaklik om daarvan kennis te neem.

31. Vir sover ek hier na die doelstellings en optrede van die Pan Africanist Congress verwys verlaat ek my op getuienis wat voor die Kommissie gegee is, inligting wat blyk uit sekere bewysstukke wat ingedien is asook die getuienis van die President van die organisasie, Robert Mangaliso Sobukwe, gegee in n strafsaak waarin hy en andere gedurende April 1960 in die Johannesburgse Streekshof as beskuldigdes tereggestaan het. (Saak No. L.17/1960). Ek heg hierby aan n uittreksel uit die getuienis wat Sobukwe by daardie geleentheid gegee het. Dit handel met die stigting, doelstellings en optrede

van die Pan Africanist Congress in verband met die betogings op 21 Maart 1960. (Aanhangsel "B").

32. Die Pan Africanist Congress was op 4 April 1959 gestig deur persone wat gedurende November 1958 vanweë beleidsverskille as lede van n ander Bantoe organisasie, die African National Congress, bedank het. Die beweging is na die voorvalle op 21 Maart 1960 deur wetgewing in die ban gedoen en bestaan nie meer as wettige organisasie nie. (Wet No. 34 van 1960).

33. Uit Sobukwe se getuienis blyk, onder meer, dat die organisasie die uiteindelike omverwerping van blanke oorheersing beoog het. Die eerste doelwit was die onmiddellike afskaffing van die sogenaamde paswette. Die getuienis bewys dat die Pan Africanist Congress besluit het dat n veldtog teen die "paswette" op 21 Maart 1960 van stapel gestuur sou word en dat hierdie veldtog tot 1963 sou voortduur wanneer die uiteindelike doelwit - omverwerping van blanke oorheersing - verwesenlik sou word. Die besluit om tot hierdie optrede oor te gaan was geneem tydens n nasionale konferensie van die organisasie wat op 19 en 20 Desember 1959 gehou was. Die werklike beplanning en aard van die veldtog in verband met die afskaffing van die paswette sou deur n dagbestuur (National Working Committee) van die organisasie waargeneem word. Die datum waarop die veldtog van stapel gestuur sou word sou deur die President, Sobukwe, bepaal word en volgens sy verklaring in die getuienis waarna reeds verwys is het hy eers op 18 Maart 1960 (n Vrydag) by geleentheid van n perskonferensie bekendgemaak dat die veldtog op Maandag, 21 Maart 1960, sou begin. Volgens hom sou niemand voor hierdie bekendmaking geweet het dat die veldtog op 21 Maart sou begin nie. Die getuienis dui

op geen rede waarom hierdie bekendmaking so lank vertraag is nie. 'n Moontlike rede is dat die President die betrokke owerhede so min geleentheid soos moontlik wou gee om teen-maatreëls te tref. 'n Naweek, wanneer meeste Bantoe-werknemers tuis bly, sou ook die organiseerders van die veltog 'n goeie geleentheid bied om die verskeie optogte te reël.

34. Voor ek daartoe oorgaan om verslag te doen oor die optrede van die Pan Africanist Congress binne die distrikte Vanderbijlpark en Vereeniging wil ek graag na 'n bepaalde omstandigheid verwys. Die getuienis dui daarop dat die Pan Africanist Congress in die vooruitsig gestel het dat die veldtog op 'n landswye grondslag sou plaasvind. Te oordeel na inligting aan my verstrek blyk dit dat behalwe in die distrikte Vanderbijlpark en Vereeniging en in die omgewing van Kaapstad daar nie elders in die land voorvalle van die aard wat hier ter sprake is voorgekom het nie. Betreklike klein groepies Bantoes het hulle by enkele polisiestasies vir arrestasie aangemeld nadat hulle hulle bewysboeke (dit is die sogenaamde pas) by hulle huise gelaat het. Hierdie gebeure het egter nie tot enige insidente gelei nie. Die uitleg mag moontlik wees of dat die Pan Africanist Congress nie 'n landswye aanhang gehad het nie en dat hulle invloed slegs in sekere gebiede gegeld het of dat hulle opsetlik op sekere gebiede gekonsentreer het ondanks die feit dat daar voorgegee is dat die veldtog op 'n landswye grondslag sou plaasvind. Indien laasgenoemde uitleg korrek is, het dit sekerlik 'n verband met die knaende pogings wat byvoorbeeld te Sharpeville gedoen is om 'n skare byeen te bring.

35. Takke van die Pan Africanist Congress is in al die Bantoe woonbuurte waarna verwys is gestig. Daar is nie bevredigende getuienis oor die aantal lede binne daardie

19/...

woonbuurte nie. Die sekretaris van die Sharpeville-tak, Nyakane Tsolo, wat voor die Kommissie getuig het, het die ledetal van sy tak op ongeveer 150 gestel. Die ondervoorsitter, Thomas More, het dit op ongeveer 100 gestel. Die ondervoorsitter van die Bopholong-tak, Sidwell Kaza, het die ledetal van sy tak op ongeveer 50 gestel. Daar is geen getuienis ten opsigte van die posisie te Boiphatang of Evaton nie. In die getuienis wat die President, Sobukwe, in die strafsaak gegee het, het hy erken dat daar by n geleentheid opsetlik vals inligting oor die ledetal gegee is. Die pers is moegedeel dat die ledetal 35,000 was toe dit reeds ongeveer 100,000 was. Die getalle wat aan die Kommissie verstrek is, is dus nie noodwendig akkuraat nie.

36. Hoewel die Kommissie se opdrag slegs op die gebeure op 21 Maart 1960 betrekking het, is dit egter noodsaaklik om na enkele gebeure voor daardie datum te verwys, en veral na die optrede van die Pan African Congress in verband met die reëling van die verskeie byeenkomste. Die gebeure op 21 Maart 1960 staan immers nie los van die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het nie, en moet teen die agtergrond van daardie omstandighede gesien word.

37. Die bewyse is duidelik dat die Pan Africanist Congress veraf die begin van Maart 1960 intensiewe voorbereidende stappe in verband met die voorgenome veldtog gedoen het. Verskeie pamflette wat voorgee deur die Pan Africanist Congress opgestel te wees, is in die betrokke woonbuurte versprei. In die getuienis word na vier pamflette verwys en hulle is ook as bewysstukke ingedien. Ek heg hierby aan afskrifte van die betrokke pamflette (Aanhangsels "C", "D", "E" en "F"). Hulle is blykbaar in hierdie volgorde versprei. Die laaste pamflet (dit is Aanhangsel "F") is gedurende die

nag van 17/18 Maart 1960 versprei; d.w.s. die verspreiding daarvan het met die bekendmaking van die begindatum van die veldtog saamgeval. Nyakane Tsolo het in sy getuienis erken dat hy die pamflette gesien het, maar ontken dat hy hulle in sy hoedanigheid van sekretaris van die Shrapeville-tak ontvang het, of dat die tak enige pamflette vir verspreiding ontvang het. Volgens sy getuienis sou hy ook nie geweet het wie die pamflette in Sharpeville versprei het nie. Dit is te betwyfel of Tsolo se getuienis in hierdie verband die waarheid is. Hoe dit ookal sy, die pamflette is in die verskeie woonbuurte versprei. Volgens Tsolo sou die Sharpeville-tak geen aparte stappe gedoen het om inwoners by die polisiestasie byeen te bring nie. In hierdie verband kan sy getuienis ook nie aanvaar word nie.

38. Die leiers van die Pan Africanist Congress wat voor die Kommissie getuig het, het sonder uitsondering beklemtoon dat dit die plan was dat slegs vrywilligers aan die veldtog sou deelneem en dat geen geweld gepleeg sou word nie. Ek handel later met die kwessie of daar dwang uitgeoefen is op persone wat aan die verskeie betogings deelgeneem het. Die getuienis regverdig nie n besluit dat die Pan Africanist Congress as sulks openlik geweldpleging as deel van die veldtog voorgestaan het nie. Daar is getuienis dat die Voorsitter van die Sharpeville-tak, Job Tsolo, by geleentheid van n vergadering wat op 10 Januarie 1960 gehou was en deur ongeveer 30 persone bygewoon was hom as volg in Engels uitgelaat het: "We are ready to destroy white domination against the black people in Africa and the only weapon is to fight. There is no freedom without bloodshed." Afgesien van die feit dat die getuienis oor wat by die vergadering gesê sou gewees het nie bevredigend is nie, is so n enkele

uitlating nie genoegsame regverdiging vir n besluit dat geweldpleging wel beplan was nie. Dit is in elk geval te betwyfel of die leiers van die organisasie geweldpleging openlik sou bepleit het, selfs al sou hulle besluit het dat daar, indien nodig, tot geweldpleging oorgegaan moet word. Wat egter duidelik blyk uit die pamflette is dat hulle daarop bedag was dat die veldtog lewensverlies mag meebring en dat hierdie moontlikheid hulle nie laat terugdeins het nie.

39. Die inhoud van die laaste pamflet (Aanhangsel "F") is van belang. Die eerste drie pamflette het die veldtog in die vooruitsig gestel en die Bantoes ingelig oor hoe hulle hulle op die belangrike gebeurtenis moes voorberei. Hulle moes kos opgaar en geld spaar. Elkeen moes £1.2.6. bydra tot n fonds wat bedoel was om weduwees en afhanklikes van die "nasie" te versorg. Die noodsaaklikheid vir dissipline en opoffering is beklemtoon. "There is no need for bloodshed. What is needed is UNITY and SACRAFICE. In 1960 we take our first step, in 1963 our last, towards freedom and independence" - so word dit in een van die pamflette gestel. In Aanhangsel "F" word besonderhede in verband met die veldtog vir die eerste maal uiteengesit. Die eise wat daarin gestel word is, onder meer, die algehele afskaffing van die paswette en n minimum loon van £35 per maand vir elke werknemer. Die Bantoes is opgedra om hulle op 21 Maart 1960 by polisiestasies vir arrestasie aan te meld. Almal moes bereid wees om gevangenisstraf te ondergaan. Die leuse was: geen borgstelling, geen verweer, geen boetes. Terwyl die veldtog aan die gang sou wees moes almal tuis bly. Die belofte was dus onafhanklikheid en n nuwe bedeling op ruim skaal vir die Bantoe werknemer - en dit alles binne drie jaar en sonder geweldpleging. So n program was voorwaar berekken om die belangstelling en geesdrif van die Bantoes gaande te maak.

22/...

Die hele benadering was dat die Bantoes die 21ste Maart 1960 as n dag van geskiedkundige belang moes beskou. Na my beskouing is dit waarskynlik dat hierdie oorwegings die gemoedstoestand van die Bantoes op 21 Maart 1960 beïnvloed het.

40. Daar is getuienis wat daarop dui dat van die Bantoes die bewysboekstelsel as iets uit die bose beskou. Dit val nie binne die bestek van die Kommissie om ondersoek na die stelsel in te stel en verslag daaroor te doen nie. So ook is dit na my beskouing nie die taak van die Kommissie om vas te stel of die griewe in hierdie verband geregverdig is al dan nie. Die opregtheid van die getuienis van sommige getuies oor hierdie aangeleentheid het my egter beïndruk. Dit kan dus geredelik aanvaar word dat die Pan Africanist Congress se wekroep om tot die stryd teen die "passtelsel" toe te tree baie Bantoes vir daardie deel van die veldtog gewen het onafgesien die feit of hulle nou lede van die organisasie was en of hulle in die algemene en meer revolusionêre beleid daarvan belanggestel het al dan nie.

41. Die getuienis verwys ook na enkele ander omstandighede wat, indien dan nie n regstreekse, tog n onregstreekse verband met die gebeure het. In sy getuienis verwys die superintendent van Sharpeville na die lone van die inwoners en waag die mening dat dit nie genoegsaam is om hull in staat te stel om n bevredigende lewensstandaard te handhaaf nie. Volgens hom sou dit hulle vatbaar gemaak het vir die propoganda van die Pan Africanist Congress wat aansienlike loonsverhogings in die vooruitsig gestel het. Dit sou dit vir die Pan Africanist Congress moontlik gemaak het om die inwoners van Sharpeville vir hulle saak te wen ondanks die feit dat volgens hom die oorgrote meerderheid normaalweg

vriendeliewend en wetsgehoorsaam is. Ek kon natuurlik nie op die saak ingaan en vasstel watter gewig aan hierdie oorweging geheg moet word nie. Dit is egter die opinie van n persoon wat deeglik vertroud is met omstandighede te Sharpeville en wat, vir sover ek kon oordeel, simpatiek teenoor die inwoners gesteld is.

42. In die loop van die verrigtinge is daar ook verwys na die feit dat die Bantoes (vermoedelik veral dié wat politiek-bewus is) gefrustreer voel omdat daar dan geen effektiewe manier is om hulle griewe reggestel te kry nie. Hoewel die Adviserende Naturellekomitee vermoedelik van alle moontlike griewe binne n woonbuurt kan kennis neem, kan hulle slegs in n adviserende hoedanigheid optree. Sommige van die getuies het hulle baie skerp oor die ondoeltreffendheid van hierdie komitees uitgelaat, en daarop gesinspeel dat die veldtog wat deur die Pan Africanist Congress beoog is die enigste manier is om aan hulle griewe uiting te gee en so verligting te probeer kry.

43. In hierdie Hoofstuk het ek kortliks verslag gedoen oor die verband tussen die Pan Africanist Congress en die gebeure op 21 Maart 1960. Hoewel die Kommissie se opdrag nie n verslag oor die doen en late van daardie organisasie vereis nie, is dit nogtans nodig om van die bovermelde feite kennis te neem omdat dit, ten dele altans, die agtergrond is waarteen die gebeure op 21 Maart 1960 gesien en verstaan moet word.

44. Op 18 Maart 1960 het die President van die Pan Africanist Congress bekendgemaak dat die geskiedkundige veldtog, wat bedoel sou gewees het om sonder geweldpleging plaas te vind, op Maandag 21 Maart 1960, dwarsdeur Suid-Afrika sou begin. Dit is nou die taak om na aanleiding van die getuienis verslag te doen oor wat daarna gebeur het, en veral om vas te stel wat daartoe

24/...

aanleiding gegee het dat nagenoeg 75 lede van die Suid-Afrikaanse Polisie op die eerste dag van die veldtog te Sharpeville op n skare Bantoes gevuur en 69 gedood en ongeveer 180 verwond het.

HOOFSTUK IV.

DIE GEBEURE IN DIE DISTRIK VANDERBIJLPARK.

45. Eksemplare van die pamflette waarna reeds verwys is, is onder die Bantoes in die distrik Vanderbijlpark versprei. Munisipale amptenare belas met die beheer van Bopholong en Boiphatang het daarvan kennis gedra en die posisie dopgehou. Niks noemenswaardig het egter voor die vroeë oggendure van Maandag 21 Maart gebeur nie.

46. Volgens berigte wat sowel die polisie as die munisipale amptenare ontvang het, het Bantoes in Bopholong en Boiphatang vanaf omstreeks 1 vm. op die Maandag die inwoners uit hulle huise geroep en aangesê om groepe te vorm met die doel om later na die polisiestasie (wat binne Vanderbijlpark gelê is) te marsjeer waar hulle hulle vir arrestasie sou aanmeld. Almal is blykbaar versoek om hul.e bewysboeke tuis te laat. Hoofkonstabel Kotze van die Suid Afrikaanse Polisie het getuig dat hy omstreeks 1 uur vm. Bopholong besoek het en waargeneem het hoe n aantal Bantoes van huis tot huis beweeg om die inwoners op te roep om by hu le aan te uit. Hy het met die Bantoes gepraat en hulle het om meeg deel dat hulle voornemens is om na die polisiestasie te ga n. Die polisie het geen stappe gedoen om hierdie optred stop te sit nie. Dit blyk dat daar in elk geval te min polisie was om handelend op te tree. In sy getuienis verwys hy ook na die feit dat daar van die kant van die Bantoes geen vyandig-gesindheid teenoor die polisie geopenbaar is nie. Hy en ander lede van die polisie het tussen Bopholong en Boiphatang beweeg en die posisie dopgehou.

26/...

47. Die getuienis bewys dat van die persone wat met die reëling van die optogte behulpsaam was geweld en dreigemente van geweld gebruik het om inwoners van Bopholong te dwing om by die optog aan te sluit. Dat dit so was blyk nie alleen uit die getuienis van n munisipale inspekteur, Van Wyk nie, maar ook uit die getuienis van inwoners van Bopholong wat voor die Kommissie getuig het.

48. Die onder-voorsitter van die Bopholong-tak van die Pan Africanist Congress, Sidwell Kasa, het voor die Kommissie getuig en erken dat hy as leier van die Bopholong betogers opgetree het. Hy sê dat hy omstreeks 3.30 vm. as gevolg van die lawaai wakker geword het en toe by n groep Bantoes aangesluit het. Hy het blykbaar die verdere leiding waargeneem. Sy getuienis dat hy niks te doen gehad het met die verspreiding van die Pan Africanist Congress se pamflette nie kom my vreemd voor en is waarskynlik vals. Volgens hom sou die polisie hom genader het in verband met die optrede van persone wat andere in hulle huise wakker maak. Hy sou die polisie toe meegedeel het dat hy hulle behulpsaam sou wees om daardie persone te arresteer indien die polisie hulle kon vind. Hy sê voorts dat die polisie tussen die skare ingegaan het en later teruggekom het en hom toe meegedeel het dat hulle nie voorvalle van daardie aard gesien het nie. Ek twyfel of so n gebeurtenis ooit plaasgevind het. Na my beskouing dui die getuienis egter daarop dat hy waarskynlik kennis gedra het van die feit dat inwoners gedwing word om by die optog aan te sluit en dit ten minste oogluikend toegesien het.

49. Volgens die getuienis voor die Kommissie blyk dit waarskynlik te wees dat die Bantoes gelas was om hulle bewysboeke by hulle huise te laat en na die polisiestasie in optog te marsjeer sodat hulle daar gearresteer kon word. Hoewel geweld en dreigemente gebruik is om van die inwoners te dwing om by

27/...

47. Die getuienis bewys dat van die persone wat met die reëling ~~van die optogte~~ behulpsaam was geweld en dreigemente van geweld gebruik het om inwoners van Bopholong te dwing om by die optog aan te sluit. Dat dit so was blyk nie alleen uit die getuienis van n munisipale inspekteur, Van Wyk nie, maar ook uit die getuienis van inwoners van Bopholong wat voor die Kommissie getuig het.

48. Die onder-voorsitter van die Bopholong-tak van die Pan Africanist Congress, Sidwell Kasa, het voor die Kommissie getuig en erken dat hy as leier van die Bopholong betogers opgetree het. Hy sê dat hy omstreeks 3.30 vm. as gevolg van die lawaai wakker geword het en toe by n groep Bantoes aangesluit het. Hy het blykbaar die verdere leiding waargeneem. Sy getuienis dat hy niks te doen gehad het met die verspreiding van die Pan Africanist Congress se pamflette nie kom my vreemd voor en is waarskynlik vals. Volgens hom sou die polisie hom genader het in verband met die optrede van persone wat andere in hulle huise wakker maak. Hy sou die polisie toe meegedeel het dat hy hulle behulpsaam sou wees om daardie persone te arresteer indien die polisie hulle kon vind. Hy sê voorts dat die polisie tussen die skare ingegaan het en later teruggekom het en hom toe meegedeel het dat hulle nie voorvalle van daardie aard gesien het nie. Ek twyfel of so n gebeurtenis ooit plaasgevind het. Na my beskouing dui die getuienis egter daarop dat hy waarskynlik kennis gedra het van die feit dat inwoners gedwing word om by die optog aan te sluit en dit ten minste oogluikend toegesien het.

49. Volgens die getuienis voor die Kommissie blyk dit waarskynlik te wees dat die Bantoes gelas was om hulle bewysboeke by hulle huise te laat en na die polisiestasie in optog te marsjeer sodat hulle daar gearresteer kon word. Hoewel geweld en dreigemente gebruik is om van die inwoners te dwing om by

27/...

die optog aan te sluit, is daar geen getuienis wat daarop dui dat die inwoners van Bopholong en Boiphatang òf deur lede van die Pan Africanist Congress òf enigiemand anders onder die indruk gebring is dat dit deel van die veldtog is dat geweld teenoor die polisie gebruik moes word nie. Sidwell Kasa het getuig dat hy die mense meegedeel het dat daar nie geweldpleging sou wees nie en dat hulle geen wapens moes dra nie. Hoewel hy na my beskoning in verskeie opsigte vals getuig het, is dit beslis moontlik dat hy in hierdie opsig die waarheid praat. Hoe dit ookal sy, die getuienis regverdig n besluit dat die oorgrote meerderheid van die Bopholong en Boiphatang betogers nie wapens gedra het nie.

50. Die skare in Bopholong en Boiphatang het geleidelik aangegroei. Die bestuurder van die Nie-blanke Sake Departement van die Vanderbijlpark Munisipaliteit, Knoetze, het omstreeks 6 vm. na Bopholong gegaan en geskat dat daar toe n skare van nagenoeg 3,000 persone byeengekom het. Vandaar het hy na Boiphatang gegaan waar hy n groep van ongeveer 250 aangetref het. Hy het drie lede van die Adviserende Komitee in die administratiewe kantore aangetref en hulle het hom meegedeel dat hulle verplig word om aan die betoging deel te neem. Hy is toe weer terug na Bopholong en het ook toe daar vir die eerste keer tekens van vyandiggesindheid waargeneem. Ongeveer 7 vm. het die Bopholong skare, wat uit mans, vrouens en kinders bestaan het tot ongeveer 4,000 vermeerder en was hulle besig om in die rigting van die dorp te beweeg. Hulle het reeds tot teenaan die Goue Hoofweg gestaan. Daar was n geringe aantal polisie (nagenoeg 12) wat geprobeer het om die skare te stuit.

51. Knoetze het by hierdie geleentheid met Sidwell Kasa gepraat en hom ve. sook om nie met die optog voort te gaan nie.

Hy het ~~dit ook aan~~ hom gestel dat dit dan die plan sou gewees het dat slegs mans aan die optog sou ~~deelneem~~. Dit is duidelik dat nóg Kasa nóg die lede van die skare toe bereid sou gewees het om die optog te staak. Knoetze het die indruk gekry dat Kasa toe nie meer in staat was om die skare te beheer nie.

52. Omstreeks 7.15 vm. het die skare die Goue Hoofweg begin oorsteek en hulle opmars na die polisiestasie voortgesit. Aangesien daar slegs 10 blanke polisie-amptenare en ongeveer 14 Bantoe konstabels by die Goue Hoofweg beskikbaar was is geen poging gedoen om die skare te keer nie. Die Bantoes het van hulle kant ook geen neiging getoon om met die polisie handgemeen te raak nie. Afgesien van voorvalle waar van die betogers op die persele van woonhuise oortree het en bediendes gedwing het om by hulle aan te sluit het die opmars ordelik verloop totdat die skare ongeveer 8 vm. by die polisiestasie stelling ingeneem het. Na die skatting van getuies sou daar van 3,000 tot 5,000 Bantoes (mans, vrouens en kinders) in die onmiddellike omgewing van die polisiestasie aanwesig gewees het. (Daar moet onthou word dat die Boiphatang betogers nooit by die van Bopholong aangesluit het nie, aangesien laasgenoemde groep reeds voor die aankoms van die Boiphatang betogers uiteengejaag is).

53. Hoewel lawaaierig, was die Bopholong betogers aanvanklik vreedsaam en selfs so inskiklik dat hulle op versoek van die polisie vanaf die straat na oop terrein ten weste van die polisiestasie beweeg het. Sidwell Kasa en ander leiers het voor die skare op en neer beweeg en hulle aangemoedig om by herhaling die vir hulle betekenisvolle slagkreet "Afrika!" uit te roep. Dat dit bereken was om die gemoedere gaandeweg te laat oplaai is heel duidelik.

54. Knoetze het die skare nogeens kort na hulle aankoms by die polisiestasie toegespreek en by hierdie geleentheid het Sidwell Kasa as tolk opgetree. Knoetze was goed bekend onder die inwoners van Bophelong en Boiphatang en hy was dus op daardie stadium die aangewese persoon om hulle toe te spreek. Hy het hulle meegedeel dat die owerhede van die betoging en die redes daarvoor kennis geneem het, en dat hy hulle aanraai om of na hulle werk of huistoe te gaan aangesien die optog onwettig was. Hoewel die skare hom aangehoor het, het hulle te kenne gegee dat hulle nie voornemens was om uiteen te gaan nie. Hierna het die skare al hoe meer opgewonde geraak.

55. Kaptein Cawood van die Suid-Afrikaanse Polisie, Vereeniging, het omstreeks 8 vm. by die polisiestasie, Vanderbijlpark, aangekom en was van toe af in bevel van die plaaslike polisie. Hy het n besonder gunstige indruk op my gemaak. Advokaat Kentridge, wat die hoof betoog namens belanghebbendes voorgedra het, het hom lof toegeswaai vir sy optrede in verband met die betogings. In sy betoog stel hy dit as volg: "The one officer who appears to have displayed all these qualities (... reflection, initiative and humanity ....) on 21st March, Captain Cawood, met with signal success." Ek wil nog byvoeg dat hy na my beskouing n eerlike en betroubare getuie was.

56. Die getalsterkte van die polisie onder bevel van kaptein Cawood was 22 blankes (wat 3 speurders ingesluit het) en 11 Bantoes. Die bewapening het bestaan uit 1 stengeweer, .303 gewere, rewolwers en knuppels. In die getuienis word daarna verwys dat n aantal blanke burgerlikes met vuurwapens in die nabyheid van die polisiestasie vergader het. Van hierdie persone was daar etlikes wat gemeen het dat die Bantoes met vuurwapens uiteengeja moes word aangesien daar toe reeds

bekend was dat duisende betogers van Boiphatang op pad na die polisiestasie was. Kaptein Cawood het hulle aangemaan om kalm te bly en dit ook baie duidelik gestel dat vuurwapens slegs op sy bevel gebruik sou word.

57. Die skare was teen hierdie tyd luidrugtig, en daar was n neiging om die polisie uit te tart. Daar was egter geen poging om die polisie aan te val of enige geweld te pleeg nie. Kaptein Cawood het Sidwell Kasa, wat as leier uitgewys is, genader en hom versoek om die skare te beweeg om na hulle huise terug te keer. Kasa wou of kon die versoek nie uitvoer nie. Hy het verklaar dat hy nie meer die skare kon beheer nie. Kaptein Cawood het toe aan hom gesê dat hy nie met so n leier kan onderhandel nie en gelas dat hy aangehou word.

58. n Aantal Bantoes, wat blykbaar ook leiers was het toe na vore getree en gesê dat hulle sou vertrek indien Sidwell Kasa vrygelaat word. Kaptein Cawood het aan hierdie versoek voldoen. Knoetze het op sy versoek weer die skare toegespreek en hulle aangesê om huistoe te gaan. Kasa het as tolk opgetree. Hy het hulle ook gewaarsku dat indien hulle nie binne 5 minute uiteengaan nie geweld gebruik sou word om hulle uiteen te dryf.

59. Kaptein Cawood het self ook die skare probeer toespreek, maar kon nie daarin slaag nie. Dit het toe geblyk dat hulle vasberade was om nie uiteen te gaan nie, ondanks die vrylating van SidwellKasa. Die algemene toestand het toe ook versleg. Vanuit die skare het uitroepe gekom van "Skiet ons". Enkele Bantoes het oor die heining van die polisiestasie geklim en sommige het met die polisie handgemeen geraak waar pogings gedoen is om hulle terug te druk.

60. Volgens kaptein Cawood het die posisie gevaarlik geword,

31/...

veral daar hy inligting gehad het dat n groot optog van Boiphatang, wat net uit mans bestaan het, op pad na die polisiestasie was. Hy was ook bevrees dat die gewapende blanke inwoners en die Bantoes slaags kon raak. Die gemoedstoestand aan albei kante was sodanig dat die moontlikheid van so n botsing wel bestaan het.

61. Daar is geen getuienis dat daar enige voorafbeplande opset was om die polisie of hulle stasie aan te val nie. Skermutselinge tussen enkele betogers en polisie moet in daardie lig gesien word en nie as bewys van n algemene aanval deur die skare of n deel daarvan op die polisie nie. Kaptein Cawood se benadering was dat die aanwesigheid van so n groot aantal betogers by die polisiestasie in die omstandighede waarna ek reeds verwys het die handhawing van openbare orde bedreig en dat hulle dus beweeg moes word om uiteen te gaan. Hy was veral bewus van die feit dat hy n betreklike geringe aantal polisie tot sy beskikking gehad het en dat hy hom in n onmoontlike posisie kon bevind indien die betogers van Boiphatang ook sou opdaag.

62. Ek het reeds verwys na stappe wat gedoen is om die skare te beweeg om uiteen te gaan. Die betogers was gewaarsku dat geweld gebruik sou word indien hulle nie binne 5 minute aan die versoek gehoor gee nie. Hierdie waarskuwing is by meer as een geleentheid herhaal. Kaptein Cawood het 9 traangasbomme tussen die skare gegooi en die polisie het die voorstes begin terugdruk en met enkele van hulle handgemeen geraak. Kaptein Cawood het besluit dat die skare nie uiteen wou gaan nie en dat geweld gebruik sou moes word. Hy het opdrag gegee dat n stormloop met knuppels uitgevoer word.

63. Daar is n geskil oor die omstandighede waaronder hierdie stormloop met knuppels begin is. In sy getuienis het

32/...

Sidwell Kasa erken dat daar opdrag gegee is dat die skare binne 5 minute uiteen moes gaan en dat hy as tolk opgetree het. Sy getuienis was dat hy reeds vroeër die môre aan die betogers gesê het dat hulle na hulle huise moes terugkeer indien hulle versoek word om dit te doen. Sy getuienis hieroor lui: "In the morning I said to the crowd, going there, 'If we are told to go back, we must be satisfied and we must go back and wait for the day the man could come and speak to us'". (U Eksellensie sal daarop let dat hier, soos te Sharpeville en blykbaar ook te Langa, n verwysing is na iemand wat die Bantoes sou kom toespreek). Hy sê ook dat hy hulle by die polisiestasie aangeraai het om na Bopholong terug te keer en ook meegedeel het dat hulle die posisie daar kon bespreek. Hy sou kaptein Cawood meegedeel het dat 5 minute nie n redelike tyd was om die skare te gun om uiteen te gaan nie. Volgens hom sou traangasbomme gebruik gewees het onmiddellik na hy die betogers toegespreek het - vermoedelik nog voor die verstryking van die tydperk van 5 minute - en toe die skare reeds begin het om uiteen te gaan. Hy het ook Knoetze se getuienis dat die skare reeds voor kaptein Cawood se aankoms versoek was om huistoe te gaan, ontken. Volgens Kasa se getuienis het daar dus nie die noodsaaklikheid vir n stormloop met knuppels bestaan nie.

64. Ek het reeds daarna verwys dat Sidwell Kasa nie n betroubare getuie is nie. Waar sy getuienis met die van kaptein Cawood en Knoetze verskil is ek nie bereid om sy getuienis te aanvaar nie. Na my beskouing het die skare ruim geleentheid gehad om uiteen te gaan voordat die polisie hulle knuppels gebruik het. Dit is in elk geval na my beskouing onwaarskynlik dat kaptein Cawood n knuppel stormloop sou gelas het indien hy te eniger tyd n neiging aan die kant van die betogers om uiteen te gaan, sou waargeneem het.

65. Die knuppel stormloop het toe plaasgevind en 16 blanke polisie, 14 Bantoe polisie en 14 munisipale inspekteurs het daaraan deelgeneem. Hierdie optrede was nie onmiddellik suksesvol nie. Sommige Bantoes het hulle teëgesit en wou nie wyk nie. Na enkele minute het die skare as geheel egter op die vlug geslaan en in die rigting van Bopholong beweeg. Op pad het groepe egter nog steeds weerstand gebied. Hulle het die polisie onder die klippe gesteek en enkele van hulle selfs tydelik oorweldig. Dit blyk dat daar op hierdie stadium met vuurwapens gevuur is. Sommige daarvan het geknal in n gebied waar daar geen lede van die polisie was nie. Die skote was waarskynlik deur burgerlikes afgevuur, hoewel daar tog n moontlikheid bestaan dat enkele van die Bantoes ook vuurwapens kon besit het. Kaptein Cawood het n polisie-amptenaar wat geskiet het betig. Daar is eg er geen getuienis wat daarop dui dat iemand by daardie geleentheid gedood of verwond is nie. Kaptein Cawood meld in sy getuienis dat hy omtrent 15 skote gehoor het.

66. Die oorgrote meerderheid van die skare het sonder enige vertraging of verdere tekens van verset na Bopholong terug-gekeer. Etlike honderde Ba[illegible]s het egter net buite die dorp stelling ingeneem en klippe [illegible]. Kaptein Cawood het 10 polisie oor die pad opgest[illegible]n die groep gewaarsku dat indien hulle naderkom en klipp[illegible] gooi hy op hulle sou skiet. Hierdie groep het toe teruggeval en die polisie gewink om nader te kom. Hierdie groep he[illegible] feitlik uitsluitlik uit jong mans bestaan. Hoewel n paar klippe na die polisie gegooi was het die groep in die rigting van Bopholong teruggeval. Kaptein Cawood het van die polis[illegible]e na die polisiestasie teruggestuur en 5 man by hom gehou. Hy het toe waargeneem dat Bantoes besig was om motorvoertuie op die Goue Hoofweg voor te keer, en dat sommige van hulle goedere uit n vragmotor

verwyder het. Hy het drie konstabels geneem en met n geleende motorkar soontoe gery. Die meerderheid van hierdie Bantoes het toe tot binne Bopholong teruggeval. Toe hy by die Goue Hoofweg aankom het hy n groep van 100 na 150 jong Bantoes opgelet wat omgedraai en klippe opgetel het. Daar was n jong Bantoe aan die spits wat vroeër reeds die polisie met klippe bestook het. Hierdie groep het op kaptein Cawood se motorkar afgestorm. Kaptein Cawood het n geweer by een van die konstabels geleen en die leier doodgeskiet. Die hele groep het toe tot in Bopholong teruggeval. Oor hierdie voorval getuig Kaptein Cawood as volg:

"Net toe ons by die Golden Highway kom, toe het ongeveer 100 na 150 jong Naturelle omgedraai. Daar was n jong Naturel gewees - ek het hom vroeër ook gesien, dat hy met klippe gegooi het. Hy, lyk dit vir my, was die leier gewees. Hy het gegooi; hy het ook klippe opgetel en nader gehardloop.

Waar het jy hom vroeër gesien? --- Net hier by die garage. Hy was een van die wat daar by so n hoop klippe gestaan het, en daar gegooi het na ons, en so aan.

Jy het hom nie by die Polisiestasie gesien nie? --- Ek kan nie onthou nie. In elk geval, hy het toe daar na n klomp geskree en geroep hulle moet uitkom; hulle het toe uitgekom, klippe opgetel en gegooi. Hy het toe ook eers gegooi, en toe n paar groot klippe opgetel en nader gehardloop. Ek weet nie; dit het gelyk asof hy ons in die kar wou kom seermaak, of iets van die aard. Die klomp het hom gevolg. Ek het gesien as ek nie nou iets doen nie, agter my was ook n kar met monse gewees; daar was verskeie karre daar gewees, en hulle sou die mense in die karre seermaak. Almal het klippe gehad toe hulle aangestorm gekom het. Ek het toe n geweer gevat by

35/...

een van die kêrels, en ek het die Naturel doodgeskiet net toe hy gooi. Ek het hom hier deur geskiet, en agter uit, net toe hy die klip na ons-toe gooi (toon aan borskas).

Wat was die reaksie gewees? --- Hy het onmiddellik daar neergestort. Hulle het toe staan en kyk, klippe neergegooi en lokasie-toe gegaan.

Hoekom het jy dit juis nodig geag om hom te skiet? --- Ek het net drie man by my gehad, en al die Naturelle was alreeds in die lokasie in gewees. Ek het hom geskiet om verskeie redes. Nr. 1, omdat ek geglo het dat hy en sy mense, wie hy gelei het, wou vir ons daar in daardie voertuie kom seermaak; dit was die een rede. Die tweede rede is dat toe hy nou uitkom met hierdie mense, het baie mense begin omdraai om terug te kom, en ek het gevrees vir die mense wat daardie pad gebruik; hulle lewens sou in gevaar wees as die klomp mense nou daar moet uitkom en moleste daar in die pad aanvang. Ook, sover ek kon sien, was hy n leier van n klomp Naturelle wat al vantevore klippe gegooi het, en nou weer met klippe bestook het.

Meen jy dat dit die gewenste uitwerking gehad het? --- Dit het, ja. Hulle het onmiddellik die klipgooiery gestaak, en omgedraai.".

67. Kaptein Cawood het na die polisiestasie teruggekeer waar hy die betogers van Boiphatang, wat toe reeds besluit het om na hulle huise terug te keer, aangetref het. Hy het hulle meegedeel dat hulle dit onmiddellik moes doen. Hulle het dit dan ook onmiddellik gedoen.

68. Oor die optrede van die groep van Boiphatang - wat geheel-en-al verskil van die optrede van ander groepe waaroor hierdie verslag handel - getuig Knoetze as volg:

"Was u by die Polisiestasie gewees toe die Boi Phatong klomp daar aangekom het? --- Ja; dit was vir daardie doel dat ek daar gewag het. Die Polisie het n berig ontvang dat daar omtrent 5,000 mense in optog was. Ek het gedink die syfer kon nie waar wees nie want ek is goed bekend met die bevolking van die lokasie. In elk geval, toe hulle aangekom het, het ek die skare geskat op omtrent 2,500, en dit was mense uit Boi Phatong; en ek het hulle toe gevra om stelling in te neem aan die Suidekant van die Polisiestasie en ek het hulle gevra om uit die pad te bly want ek het gesê as mense iemand daar raakry kan hulle maar (onhoorbaar). Toe het ek ene Samuel Dhlamine, wat ek baie goed ken, na vore sien kom en ek het hom gevra of hy een van die leiers is, toe sê hy nee, daar is nie leiers nie, hulle - hy kom maar net vorentoe. Toe het ek vir die mense gesê, en hy het getolk, dat die owerhede kennis geneem het en dat dit aan die Staat sal oorgedra word, wat die doel was van die optog, en ek het hulle aangeraai om onmiddellik te versprei en huistoe te gaan. Ek het seker nie langer as drie of vier minute met hulle gepraat nie, en hy het getolk vir my en die mense het daarna omgedraai en weggegaan en daar was geen verdere voorval nie.

DIE VOORSITTER: Was dit hoofsaaklik mans, of was daar ook ...? --- Dit was uitsluitlik mans gewees. Daar was geen vrouens of kinders by gewees nie.

VERHOOR HERVAT: Het u enige verklaring vir die onderskeid tussen die optog van Boi Phatong vergeleke met die van Bophelong? --- Die gedrag?

Die feit dat daar nou net mans was, en die ander, verstaan ek, was vrouens ook? --- Ek sou sê een van die redes daarvoor is dat Boi Phatong-lokasie verder uit die

dorp geleë is; dit is omtrent 4 myl uit die dorp geleë en Bophelong is maar ongeveer 2½ myl; en volgens ek vir Dhlamini ken, sou hy baie sterk beheer uitgeoefen het oor die skare wat onder sy beheer gestaan het terwyl die ander man, volgens my opinie, n swak persoonlikheid het. Met ander woorde, die Bophelong affêre was n "free-for-all". Almal het somar aangesluit. Die ander was myns insiens n baie beter georganiseerde optog.

DIE VOORSITTER: Die onder Dhlamini? --- Die onder Dhlamini, van Boi Phatong af. Dhlamine was aan ons bekend as die brein agter die hele organisasie in daardie omgewing.

VERHOOR HERVAT: Watter omgewing? --- In Vanderbijl-park.

Sluit dit nou Bophelong ook in? --- Ja; dit sluit al die lokasies in. Dit het ook duidelik geblyk die volgende dag, toe hy gekom het; terwyl ek besig was om n skare van omtrent 300 toe te spreek in Bophelong-lokasie om 6-uur die volgende oggend het hy met ander leiers daar aangekom en toe het ek hulle gevra om persone aan te wys om na die Polisie saam met my te gaan sodat ons die saak kon uitpraat. Toe was hy aangewys as die hoof, en n paar ander persone het saamgekom.

Is dit, dink u, die enigste rede vir die onderskeid tussen die optrede van die twee klompe? --- Ja, en moontlik dat die eerste klomp voor die Polisiestasie suksesvol uitmekaar gejaag was; dit het heel moontlik n sielkundige uitwerking op die ander klomp gehad. Hulle was bewus daarvan. Ek dink hulle moes bewus gewees het daarvan. Heelwaarskynlik het dit die deurslag gegee, ook; en dan - ek ken hulle baie goed. Ek ken ook vir Dhlamini goed, en moontlik het my gesprek selfs daartoe bygedra.".

69. Volgens die getuienis blyk dit dat 2 Bantoes doodgeskiet is. Ek het reeds verwys na die geval waar kaptein Cawood een doodgeskiet het. Dr. H. Steyn, die Distriksgeneesheer, het 2 nadoodse ondersoeke gedoen, en een daarvan het klaarblyklik betrekking op die Bantoe wat deur kaptein Cawood geskiet was. Wat die ander geval betref kon ek geen betroubare getuienis verkry nie. n Onderwyser van Bopholong, Ernst Pooe, het getuig dat hy gesien het hoe n jong Bantoe geskiet word. Volgens hom sou n polisieman in uniform vanuit n polisievoertuig geskiet het. Die voorval het blykbaar in dieselfde omgewing en ook nagenoeg op dieselfde tyd plaasgevind as die waarby kaptein Cawood betrokke was. Daar is geen getuienis dat enige ander voertuig met polisie toe in die omgewing was nie, en dit is moontlik dat die getuie Pooe se getuienis verwys na die Bantoe wat deur kaptein Cawood geskiet is, en dat hy fouteer waar hy meen dat daar vanuit die motorkar geskiet is. Daar moet egter onthou word dat daar heelwat oproerigheid in die omgewing van die Goue Hoofweg was: voertuie is voorgekeer en met klippe bestook en in een geval was daar ook plundering en roof. Dit is dus moontlik dat die Bantoe in daardie omstandighede geskiet was en dat die persoon wat geskiet het òf nie besef het dat hy hom doodgeskiet het nie òf die feit nou opsetlik verswyg. Nog n moontlikheid is natuurlik dat die bestaan van daardie getuienis nie tot my kennis gekom het nie en dat ek dus geen stappe gedoen het om daardie getuienis te verkry nie.

70. Hoewel albei groepe deur blanke woonbuurte beweeg het blyk dit dat die betogers, behalwe in uitsonderingsgevalle, geen poging gedoen het om eiendom te beskadig of die inwoners met geweld te bedreig nie. Hoewel daar getuienis is dat sommige Bantoes van [illegible] Bopholong groep kieries gedra het blyk

69. Volgens die getuienis blyk dit dat 2 Bantoes doodgeskiet is. Ek het reeds verwys na die geval waar kaptein Cawood een doodgeskiet het. Dr. H. Steyn, die Distriksgeneesheer, het 2 nadoodse ondersoeke gedoen, en een daarvan het klaarblyklik betrekking op die Bantoe wat deur kaptein Cawood geskiet was. Wat die ander geval betref kon ek geen betroubare getuienis verkry nie. n Onderwyser van Bopholong, Ernst Pooe, het getuig dat hy gesien het hoe n jong Bantoe geskiet word. Volgens hom sou n polisieman in uniform vanuit n polisievoertuig geskiet het. Die voorval het blykbaar in dieselfde omgewing en ook nagenoeg op dieselfde tyd plaasgevind as die waarby kaptein Cawood betrokke was. Daar is geen getuienis dat enige ander voertuig met polisie toe in die omgewing was nie, en dit is moontlik dat die getuie Pooe se getuienis verwys na die Bantoe wat deur kaptein Cawood geskiet is, en dat hy fouteer waar hy meen dat daar vanuit die motorkar geskiet is. Daar moet egter onthou word dat daar heelwat oproerigheid in die omgewing van die Goue Hoofweg was: voertuie is voorgekeer en met klippe bestook en in een geval was daar ook plundering en roof. Dit is dus moontlik dat die Bantoe in daardie omstandighede geskiet was en dat die persoon wat geskiet het òf nie besef het dat hy hom doodgeskiet het nie òf die feit nou opsetlik verswyg. Nog n moontlikheid is natuurlik dat die bestaan van daardie getuienis nie tot my kennis gekom het nie en dat ek dus geen stappe gedoen het om daardie getuienis te verkry nie.

70. Hoewel albei groepe deur blanke woonbuurte beweeg het blyk dit dat die betogers, behalwe in uitsonderingsgevalle, geen poging gedoen het om eiendom te beskadig of die inwoners met geweld te bedreig nie. Hoewel daar getuienis is dat sommige Bantoes van die Bopholong groep kieries gedra het blyk

dit dat dié van Boiphatang geen wapens gedra het nie, of dit altans nie openlik gedra het nie. Toe die Bopholong groep by die polisiestasie aangekom het was daar ongeveer drie polisie-amptenare beskikbaar.

HOOFSTUK V.

DIE GEBEURE IN DIE DISTRIK VERENIGING.

EVATON.

71. Ek het reeds daarna verwys dat ongeveer 2,000 blankes en 50,000 Bantoes in aparte woonbuurte te Evaton woonagtig is. Daar is slegs een polisiestasie in die buurt en die is aan die oostekant van die blanke woonbuurt geleë. Die Bantoe woonbuurt is aan die westekant van die blanke woonbuurt geleë.

72. Dit ly geen twyfel dat die Evaton-tak van die Pan Africanist Congress pamflette van die aard waarna reeds verwys is onder die Bantoes versprei het of ten minste toegesien het dat dit versprei word. Die vermoede is dat lede van die tak en andere wat hulle goedgesind was verantwoordelik was vir die reëling van die betoging by die polisiestasie op 21 Maart 1960. Daar is geen getuienis oor die ledetal van die Evaton-tak nie.

73. Uit die getuienis blyk dat groepies Bantoes vanaf omtrent 7 vm. begin byeenkom het. Dat dwang op inwoners toegepas is om by die betoging aan te sluit kan as n feit aanvaar word, hoewel ek nie in staat is om enige juiste beeld te vorm van die omvang van die dwang nie. n Bantoekommissaris, T.C. Klopper, het geskat dat die aantal vrywilligers op so laag as 10% gestel kan word. Hierdie skatting steun egter nie op enige bevredigende gronde nie. n Bantoe getuie, Simon Makhalemele, wat getuig het dat hy gedwing was om by die betoging aan te sluit het egter verklaar dat die meerderheid van die betogers as gevolg van dwang wat op hulle uitgeoefen was aan die optog deelgeneem het. Hoofkonstabel Kukard van die Suid-Afrikaanse Polisie te Evaton het geskat dat slegs

omtrent 30% van die betogers vrywillig daar was. In hierdie verband is ek geneig om te glo dat betogers na die voorval nie te gretig sou gewees het om te erken dat hulle uit eie beweging aangesluit het nie.

74. Dit blyk ook dat ander stappe gedoen is om die inwoners te verhoed om na hulle werk te gaan. Volgens die getuienis van Kukard was geen busse daardie oggend beskikbaar om werknemers na hulle werk te vervoer nie. Volgens inligting wat hy ingewin het, blyk dit dat busbestuurders nie bereid was om aan diens te gaan nie omdat hulle gevrees het dat hulle dit tot hulle skade sou doen. Een van hierdie bestuurders, Richard Civela, het voor die Kommissie getuig oor hoe hy deur Bantoes voorgekeer was wat toe die passasiers verjaag het en hom beveel het om na sy depot terug te keer.

75. Daar is ook getuienis dat strate versper is deur groot klippe daarop te rol. Dit was blykbaar bedoel om die verkeer - insluitende polisie voertuie - te belemmer.

76. Die groepe het bymekaar aangesluit en na die polisiestasie gemarsjeer waar hulle omstreeks 9.30 vm. aangekom het en op oop terrein aan die suid-oostekant daarvan stelling ingeneem het. Daar is geen getuienis dat die betogers wapens gedra het nie. Volgens Hoofkonstabel Kukard sou daar van 15,000 na 20,000 Bantoes (mans, vrouens en kinders) vergader het. Die getalsterkte van die polisie was toe 12 blankes en 18 Bantoes. Hulle het onder bevel van luitenant Van Eeden gestaan.

77. Drie of vier van die betogers, wat vermoedelik leiers was, het na luitenant Van Eeden gegaan en aan hom gesê dat hulle nie bewysboeke dra nie en gearresteer wou word. Die antwoord wat aan hulle gegee was, as dat hulle buite moes wag

42/...

sodat die polisie te besig was. Die Bantoes is terug na die skare en het blykbaar aan hulle verslag gedoen. Na 'n kwartier het hulle teruggekeer en is nogmaals gevra om te wag. Hoofkonstabel Fukard het in sy getuienis verduidelik dat die polisie so opgetrse het om tyd te wen. Luitenant van Eeden het versoek dat versterkings na Evaton gestuur word.

78. Teen ongeveer 10.30 vm. het die skare runoerig geword. Die vier Bantoes het weereens na luitenant Van Eeden gekom met n versoek dat hulle gearresteer moet word. Terwyl hulle nog besig was om te praat het vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag opgedaag en duikvlugte bo die betogers uitgevoer. (Soos later sal blyk, is dit Majoor van Zyl van die Suid-Afrikaanse Polisie te Vereeniging wat voorgestel het dat vliegtuie gestuur word. Die verwagting was blykbaar dat hierdie duikvlugte die betogers moontlik sou laat besluit om uiteen te gaan). Wat Evaton betref is hierdie verwagting dan ook verwesenlik. Aanvanklik het die betogers hulle nie juis aan die vliegtuie gesteur nie, maar nadat die duikvlugte n paar maal herhaal is, het party van die betogers se moed hulle blykbaar begewe en het hulle besluit om huistoe te gaan. Toe n deel van die skare met die terugtog begin het die res ook nie op hulle laat wag nie. Daar het ook polisie-versterkings opgedaag maar dit blyk dat die betogers toe reeds op pad terug was.

79. Behalwe miskien in twee gevalle waar van die betogers kafees binnegegaan het en goedere gesteel het, is daar geen getuienis van geweld of dreigemente van geweld teenoor die blanke inwoners nie ondanks die feit dat die betogers deur die blanke woonbuurt gemarsjeer het. Soos in die geval van Vanderbijlpark is daar ook hier geen getuienis wat daarop

dui dat daar enige voorafbeplande opset was om die polisie of die polisiestasie aan te val of dat geweld of dreigemente van geweld te enige tyd teenoor die polisie toegepas is nie. Ek het reeds verwys na die feit dat dwang wel op Bantoe inwoners toegepas is om hulle te verkry om aan die betoging deel te neem.

HOOFSTUK VI.

DIE GEBEURE IN DIE DISTRIK VERENIGING.

SHARPEVILLE.

INLEIDING.

80. Die algemene strekking van die getuienis is dat die inwoners van Sharpeville normaalweg n wetsgehoorsame en vredeliewende gemeenskap is. Die woonbuurt was die trots van die munisipale amptenare wat by die beheer daarvan betrokke was. Wat die betrekkinge tussen die inwoners en die plaaslike polisie betref het daar blykbaar niks geskort nie.

81. Op 21 Maart 1960 het duisende van hierdie inwoners by die Sharpeville polisiestasie vergader en teenaan die noordelike, westelike en suidelike draadomheinings stelling ingeneem. Polisieversterkings het met gereelde tussenposes opgedaag en teen ongeveer 1.15 nm. was daar 130 blanke en 77 Bantoe polisie-amptenare binne die omheinde terrein van die polisiestasie. Buite die onheinde terrein, maar nog in die onmiddellike omgewing van die polisiestasie, was daar n verdere 29 blanke en 62 Bantoe polisie-amptenare. Omstreeks 1.40 nm. het 75 lede van die polisiemag ongeveer 700 skote afgevuur as gevolg waarvan 69 Bantoes gedood en nagenoeg 180 verwond is.

82. Aan die een kant word dit nou gestel dat, alhoewel daar by geleentheid liedere gesing en slagkrete aangehef is, die skare deurgaans in n gemoedelike stemming was, dat daar geen aanvaarbare getuienis is wat daarop dui dat die skare of n aansienlike deel daarvan vyandiggesindheid teenoor die polisie geopenbaar het of die polisie aangeval het of wou aanval nie, en dat die tragiese voorval in hoofsaak gewyt moet

word aan en n direkte uitvloeisel is van rassevrees, raase-vooroordeel en die gevoel van minagting wat die polisie, as blankes, teenoor die Bantoegemeenskap koester. Daar-teenoor is dit die strekking van die polisiegetuienis dat van die aanwesiges by die polisiestasie reeds vroeër die dag by voorvalle betrokke was waar geweld sowel teenoor as deur die polisie gebruik is, dat die gemoedere van die skare by die polisiestasie gaandeweg as gevolg van aanhitsing deur die leiers opgelaai het totdat breekpunt bereik is toe hulle omstreeks 1.40 nm. begin het om die polisie aan te val en dat die polisie toe verplig was om te vuur ten einde die aanval af te weer.

83. Die stellings bots lynreg en kan nie redelikerwys in hulle geheel met mekaar versoen word nie. Soos later blyk kan hulle wel ten dele met mekaar versoen word. Na my beskouing is die enigste praktiese benadering tot die feite-geskille wat uit die getuienis blyk die wat deur geregshowe by die beregting van siviele gedinge erken en toegepas word.

84. Volgens die onder-voorsitter, Thomas More, was die Sharpeville-tak van die Pan Africanist Congress gedurende Julie 1959 gestig. Die Superintendent van Sharpeville (Labuschagne) het getuig dat hy vanaf September 1959 klagtes van inwoners in verband met die bedrywighede van die Pan Africanist Congress ontvang het. Onder kruisverhoor het dit geblyk dat dit slegs enkele inwoners was wat by hom kom kla het. Die bedenkinge van die inwoners het, onder meer, betrekking gehad op die optrede van die Pan Africanist Congress om Bantoes van die sogenaamde "tsotsi"-tipe as lede te werf. Vir sover ek die woord "tsotsi" verstaan het dit blykbaar betrekking op n tipe jong Bantoe wat in die algemeen werksku en losbandig van gedrag is. Dit blyk dat die woord

soms vryeliker as wat die omstandighede regverdig gebruik word. Dit is egter, wat Sharpeville betref, n feit dat die meerderheid van die lede van die Pan Africanist Congress jong Bantoes was. Die onder-voorsitter, More, en die Sekretaris, Tsolo, is onderskeidelik 25 en 20 jaar oud.

85. Die Pan Africanist Congress het ongetwyfeld die inwoners van Sharpeville bearbei en, onder meer, die pamflette waarna reeds verwys is, versprei of laat versprei. Hierdie pamflette was vir al die inwoners bedoel, of hulle nou lede van die Sharpeville-tak was al dan nie. Tsolo het ontken dat die Sharpeville-tak enigiets met die verspreiding te doen gehad het of enige stappe gedoen het om die betoging wat op 21 Maart 1960 plaasgevind het te organiseer. Ek sal later verwys na die aandeel wat lede van die Pan Africanist Congress in sowel die betoging as die reëling daarvan gehad het.

86. Dit was reeds vanaf Vrydag, 18 Maart, bekend dat die veldtog op die Maandag sou begin. Eksemplare van die pamflette het die polisie en munisipale amptenare ook bereik. Te oordeel na die getuienis was dit vir hulle die belangrikste bron van inligting oor watter optrede op die Maandag verwag kon word. Soos elders, het die munisipale owerhede en die polisie die posisie te Sharpeville ook dopgehou. Geen stappe is voor die Maandag gedoen om polisieversterkings na Vereeniging te stuur nie. Aangesien daar voorgegee is dat die veldtog op n landswye grondslag sou plaasvind kon daar kwalik vooraf enige opdrag gegee word om polisieversterkings na een of ander bepaalde gebied te stuur. Daar het blykbaar geen rede bestaan om te vermoed dat die toestand te Vereeniging meer aandag as enige ander omgewing sou verg nie. Die polisie het trouens verwag dat die posisie in die suidwestelike gebied van Johannesburg veral dopgehou sou moes word. Daar het

47/...

inderdaad niks noemenswaardig in daardie gebied plaasgevind nie. Selfs wat die distrikte Vanderbijlpark en Vereeniging betref blyk dit dat die posisie te Vanderbijlpark en veral te Evaton aanvanklik op die Maandag meer kommer as die posisie te Sharpeville veroorsaak het, en dat versterkings eers daarheen gestuur is.

86. Die getuienis oor gebeure gedurende die naweek verskaf ook geen voortekens van die tragiese klimaks wat op Maandag bereik is nie. Sersant Grobler, die stasie-bevelvoerder te Sharpeville polisiestasie, vertel van enkele voorvalle waar bewysboeke gedurende die namiddag van Vrydag, 18 Maart, in die openbaar opgeskeur en verbrand is. Polisie optrede in verband met hierdie voorvalle het blykbaar 'n houding van vyandiggesindheid van die kant van die betrokke Bantoes ontlok. G'n besondere belang kan egter aan hierdie enkele voorvalle geheg word nie. Die strekking van die getuienis is dat niks noemenswaardig vanaf Vrydagaand tot Sondagaand gebeur het nie, behalwe natuurlik dat die laaste pamflet (Aanhangsel "F") van huis tot huis afgelewer is. Dit ly geen twyfel nie dat die inwoners van Sharpeville die inhoud van hierdie pamflet onder mekaar bespreek het. Hoewel daar nie veel direkte getuienis is om 'n bevinding te regverdig nie, is ek oortuig dat lede van die Pan Africanist Congress en andere wat hulle goedgesind was doenig was met voorbereiding vir die uitvoering van die opdrag bevat in die pamflet (Aanhangsel "F").
Moses Smit, 'n lid van die Pan Africanist Congress, het in sy getuienis erken dat die veldtog in verband met die dra van bewysboeke deur sy party georganiseer was en dat hy en ander lede met die reëling van die betoging in Sharpeville behulpsaam was.

48/...

DIE GEBEURE TE SHARPEVILLE GEDURENDE DIE NAG VAN 20/21 MAART 1960.

87. Watter stappe, indien enige, nou ookal gedurende die naweek gedoen is, blyk dit uit die getuienis dat daar vanaf Sondagaand handelend opgetree is ter voorbereiding van die veldtog wat die volgende oggend sou begin. Ten einde U Eksellensie n duidelike beeld van die gebeure te gee is dit nuttig om na sekere lugfotos wat as bewysstukke ingedien is te verwys. Die eerste (Aanhangsel "G") is n lugfoto van n gedeelte van Sharpeville. n Sleutel tot hierdie lugfoto word ook aangeheg (Aanhangsel "H"). n Verdere lugfoto, een van die polisiestasie wat omstreeks 11 vm. op die Maandag geneem is, word ook aangeheg (Aanhangsel "I"). Laasgenoemde foto is vanaf die suidelike kant geneem en die skare aan die suidelike kant van die polisiestasie staan in Zwanestraat wat nagenoeg op n lyn oos-wes geleë is. n Gedeelte van Seeisostraat - die hoofstraat van Sharpeville wat aansluit by die pad na Vereeniging - is aan die noordelike kant van die polisiestasie en is nagenoeg op n lyn suidwes-noordoos geleë. Die twee strate sluit bymekaar aan in n verkeerssirkel ten weste van die polisiestasie en vorm dus die twee strepe van die letter "V".

88. Die stasie-bevelvoerder, sersant Grobler, getuig dat hy omstreeks 11.15 nm. berig ontvang het dat groepe Bantoes in Sharpeville van huis to huis gaan om inwoners aan te sê om hulle bewysboeke tuis te laat en by die groepe betogers aan te sluit. Die berig het ook daarop gedui dat van hierdie groepe nie geskroom het om van geweld en dreigemente van geweld gebruik te maak nie. As gevolg van hierdie berig het Grobler en n aantal ander lede van die polisiemag onder bevel van kaptein Cawood (? wie ek reeds vantevore verwys het)

na Sharpeville vertrek.

89. By sy aankoms in Sharpeville het kaptein Cawood vasgestel dat daar geen telefoonverbinding met die telefoonsentrale in die dorp was nie. Later is vasgestel dat die telefoonkabel by n punt net buite Sharpeville beskadig is en ook dat publieke telefoons in die omgewing van die polisiestasie buite werking gestel was. Daar is geen getuienis wat my in staat stel om te bevind wie vir die beskadiging verantwoordelik is nie. Dit is egter duidelik dat dit gedurende Sondagaand gedoen is. Dit is te betwyfel of dit bloot n geval van kwaadwillige saak-beskadiging was.
Na my beskouing is dit waarskynlik dat hierdie optrede tog n verband het met wat daar in die loop van die nag in Sharpeville plaasgevind het. Dit was bereken en vermoedelik bedoel om die polisie in die uitvoering van hulle plig te belemmer en ook om dit vir inwoners moeilik te maak om telefonies hulp te ontbied.

90. Kaptein Cawood het n aantal Bantoes by die polisiestasie aangetref en hulle het hom meegedeel dat geweld gebruik word om inwoners te dwing om by die groepe wat in Sharpeville rondbeweeg het aan te sluit. Sommige het tekens van aanranding getoon en polisie-beskerming versoek. Kort daarna het kaptein Cawood n groep vrouens en kinders in n straat ontmoet. Volgens hom was hulle byna histeries en het hulle verduidelik dat hulle mans verplig was om by die betogers aan te sluit. Hulle het die polisie versoek om hulle mans te ontset en na hulle terug te bring. Twee vrouens het gekla dat hulle huise beskadig was en dit aan kaptein Cawood uitgewys.

91. Die groep polisie, wat uit nagenoeg 11 blankes en 37 Bantoes bestaan het, het toe aangery tot hulle n groep

50/...

van ongeveer 100 Bantoes teëgekom het. Die meerderheid van hierdie groep was met stokke en kieries gewapen en was baie luidrugtig. Kaptein Cawood het hulle versoek om die mans wat gedwing was om by hulle aan te sluit toe te laat om huistoe te gaan. Hy het hulle ook aangesê om hulle wapens neer te sit en huistoe te gaan. Volgens hom was die meerderheid van die wat wapens gedra het jong Bantoes tussen die ouderdom van 18 en 25 jaar. Die Bantoes het geweier om gehoor te gee en kaptein Cawood het sy manne beveel om hulle te ontwapen. Die Bantoes het hulle teëgesit en kaptein Cawood het toe gelas dat hulle met knuppels uiteengejaag word, wat ook dan gedoen is.

92. Daarna is n groep van ongeveer 500 Bantoes, wat ook stokke en kieries gedra het, aangetref. Dit het geblyk dat hulle op pad na n ry huise was. Oor wat gebeur het getuig kaptein Cawood as volg:

"Hulle het beweeg af na n ry huise toe, oor die oop veld, in die rigting van n ry huise, daar. Ons het regoor hulle stilgehou en met hulle probeer praat, maar hulle het net fluitjies geblaas, geskree en so aan, en toe in die rigting van die huise gegaan. Ek het toe om die stuk oop veld gery en tussen hulle en die huise gekom. Hulle het toe daar fluitjies geblaas en geskree, en vir n paar oomblikke het dit vir my voorgekom asof hulle heel moontlik vir ons gaan aanval, daar. Dit was nag gewees en donker gewees, en ek het toe n .303 geneem en ek het daar voor my toe twee skote in die grond geskiet.

Watter tyd van die nag was dit, omtrent? --- O, dit was net kort na 12-uur. Dit is moeilik om die tyd te sê, maar dit was net na 12-uur. Dit was die tweede groep, daardie. Ek het toe twee skote daar in die grond geskiet. Ek het dit

om verskillende redes gedoen - nr. 1, hulle het nie gesien of ons vuurwapens by ons het nie, omdat dit nag gewees het, en ek wou die twee skote daar skiet sodat hulle kan besef dat ons is gewapen, die manne daar het vuurwapens by hulle, dat hulle dit kan weet. En ek het ook met 'n .303 daar geskiet, omdat dit 'n baie harder skoot maak as 'n gewone pistool; en ook, dit het 'n bietjie kritiek gelyk, op die oomblik. Dit het gelyk of hulle nader kom, en nadat ek die skote geskiet het, het hulle fluitjies geblaas en taamlik vinnig beweeg in 'n rigting waar ons daarna gekom het. Hulle het toe daar deur 'n stukkende plek in 'n hoë draad geklim. Ek ken die lokasie nie so goed nie, maar ek vermoed dit is 'n sports-veld daardie. Hulle is daardeur, in 'n oop stuk grond, weer. Ons het toe 'n draai gery en toe gekom waar hulle weer by mekaar gekom het. Ek het gesê hulle moet uit-mekaar gaan, huistoe gaan, en een van hulle het geskree, "Ons hou 'n meeting". Ek weet nie wie dit was nie. In elk geval, hulle was almal gewapen en ons was nie baie gewees nie, en die kêrels was weer beveel om hulle uitmekaar te jaag en hulle wapens van hulle af weg te neem. Ons het toe so gedoen, hulle daar uitmekaar gejaag, en die wapens wat ons kon kry, het ons toe ook daar geneem en in die voertuig gegooi. Van toe af het ons in die lokasie rond-gery, en gedurig groepe opgebreek. Party groepe moes ons geweld mee gebruik, om hulle uitmekaar te kry. Ek kan nie presies sê hoeveel groepe ons opgebreek het nie, maar twee-uur die môre het ek 'n rapport ontvang dat daar 'n vergadering is, meer of min ten Suide van die Polisie-stasie. Ek is toe daarheen.".

52/...

93. In sy getuienis verwys kaptein Cawood daarna dat hy ongeveer 15 groepe vanaf omstreeks 3 vm. tot 5 vm. op Maandag uiteengejaag het. (Dit sluit nie die groepe in waarna hierbo verwys is nie). Hy het die indruk gekry dat die groepe Bantoes dit beplan het om al die mans in Sharpeville by een plek bymekaar te bring. Hy sê ook dat hy orals Bantoes aangetref het wat gekla het dat hulle gedwing was om by groepe betogers aan te sluit. Sodra die groepe uiteengejaag is het van hierdie Bantoes hulle afgesonder en die polisie meegedeel dat hulle huistoe gaan.

94. By een geleentheid het kaptein Cawood 'n groep van ongeveer 1500 mans aangetref, wat onder leierskap van Thomas More (onder-voorsitter van die Pan Africanist Congress tak te Sharpeville) besig was om 'n vergadering te hou. Oor wat daar gebeur het getuig kaptein Cawood as volg:

"Ek het 'n rapport ontvang daar is 'n groot vergadering in die lokasie, en ek ry daarheen. Dit was op 'n oop stuk grond gewees en ek het die kar so ligte gedraai dat die ligte op die mense skyn. Ek het toe daar gesien, meer of min 1.500 Bantoes bymekaar, daar op die oop stuk grond. Ek het nader gery tot feitlik by hulle, uitgeklim en toe het een Bantoeman na my gekom. Ek het gesê "Ek groet jou" of so-iets van die aard. Ek onthou ek het hulle gegroet. Ek het gesê "Ek groet julle; wat maak julle hier; wie is julle leier?" Hierdie Bantoeman het by my gekom en gesê "My naam is Thomas More; ek is die leier". Ek vra toe, "Wat maak jy hierso?" en hy het vir my gesê "Ek hou hier 'n vergadering".

DIE VOORSITTER: Watter taal is toe gebruik --- Ons het Afrikaans of Engels gepraat; ons het nie die Bantoetaal gepraat nie.

Kan jy onthou of dit Afrikaans, of Engels was? --- Ek het Engels met hom gepraat. Intussen het mnr. Labuschagne, die superintendent, met meer manne ook aangesluit by ons. Mnr. Labuschagne was by my gewees. Toe vra ek vir hom of hy permissie het om vergadering te hou, toe sê hy nee; hy het in Engels gepraat. Hy sê toe, "I have applied for permission; I haven't received a reply yet". Toe vra ek vir mnr. Labuschagne wat die posisie is, en hy sê toe vir my Thomas More het gevra om vergadering te hou maar hy het nog nie permissie om vergadering te hou nie. Die Bantoemans daar was feitlik almal gewapen gewees. Hulle het hulle stokke en kieries so (dui aan) omhoog gehou. Aan hulle kleredrag was dit ook duidelik, hulle het nie die drag aan gehad wat n Naturel normaalweg aan het as hy by voorbeeld na n kerk-toe gaan nie. Hulle het nie hulle Sondagpakke aan gehad nie. Hulle het almal maar ou klere aangetrek. Ek het aan hom toe gesê hy het nie permissie om vergadering hier te hou nie, en die vergadering wat hy hier hou moet onmiddellik gestaak word, en sy mense moet huistoe gaan. Ek het aan hom gesê ek gee vir hom vyf minute tyd, dan moet sy mense trap, hierso, of ek sal geweld gebruik. Hy wou toe daarop met my argumenteer en so aan, maar ek sê toe vir hom "Man, ek wil niks weet nie; jy kan n vergadering eenvoudig nie hier hou nie. Die lokasie is in rep en roer; dinge is baie verkeerd hier, en jy moet nou onmiddellik gaan". Hy het daar geargumenteer, en ek het hom kans gegee en so-en-so, en toe sê ek, "Jy kan dit net nie doen nie". Toe sê hy hy gaan met sy mense praat. In die tussentyd het hulle op gekom, die Bantoes, tot feitlik twee of drie treë van ons af, vanwaar ons gewees het. Hy het toe teruggegaan na die Bantoes, en toe hy so tussen hulle in is,

54/...

het hy sy hande so opgesteek, en so gemaak (dui aan).

Met ander woorde, hy het hulle gewink om nader te kom? --- Ja; hy het sy rug na my-toe gedraai en tussen die eerste paar gestaan en toe só gemaak (dui aan, arms omhoog, winkend). Ek weet nie wat hy daarby bedoel het nie. Ek kon net aflei dat hy ...

VERHOOR HERVAT: Wat was die reaksie daarop? --- Die reaksie - wel, hulle het toe vinnig nader gekom. Daar was fluitjies geblaas, n groot lawaai, en ek het die kêrels toe gesê hulle moet hulle daar stormloop en uitmekaar uit ja, wat ons toe ook gedoen het.

Het julle hulle toe stormgeloop met die knuppels? --- Met knuppels uitmekaar uit gejaag. Nadat ons hulle uitmekaar uit gejaag het - u weet, jy kan nooit veel juis in die hande kry nie, want die oomblik dat die manne nader storm, hardloop hulle; hulle gooi die kieries neer en hulle hardloop weg. Maar daar is toe van voor af twee skote van die Naturelle se kant af op ons geskiet - net nadat hulle uitmekaar is, van voor af. Ek het in daardie rigting gery, maar as ek nader kom hardloop hulle weg, en ek kon nie iemand sien, of wie daar geskiet het nie.

Maar kan jy seker wees dat dit nie van jou manne was nie? --- Nee, my manne - elke keer wanneer ons nou uit gewees het uit die voertuie, het ek seker gemaak; nee, dit was nie van my manne nie. Daar is geen twyfel nie.

Is niemand beseer nie? --- Daar is niemand van ons beseer nie.".

95. In sy getuienis verwys kaptein Cawood ook daarna dat die groepe gaandeweg meer aggressief geword het en die polisie om hulle voertuie onder die klippe gesteek het. Daar is egter geen bewys dat enige persoon gedurende hierdie middernagtelike

voorvalle waarby die polisie en die inwoners betrokke was ernstige beserings opgedoen het nie.

96. Die Distrikskommandant, majoor Van Zyl het omstreeks 3 vm. met versterkings by kaptein Cawood aangesluit en die polisiemag is toe in twee groepe verdeel. Kaptein Cawood het met een groep die noordelike gedeelte van Sharpeville gepatrolleer terwyl majoor Van Zyl met n ander groep die suidelike gedeelte gepatrolleer het. Hoewel die patrollies klein groepies Bantoes aangetref het, het daar geen verdere botsings plaasgevind nie, aangesien hierdie Bantoes almal voorgegee het dat hulle oorspronklik gedwing was om aan die optogte deel te neem en toe op pad terug na hulle huise was. Teen omtrent 5 vm. was die posisie redelik stil en het groepies Bantoes by bushaltes in Seeisostraat begin vergader, vermoedelik om na hulle werk te gaan. Oor wat daarna in Seeisostraat gebeur het doen ek later verslag.

97. Afgesien van die polisie-getuies het daar ook verskeie inwoners getuienis gegee oor wat gedurende die nag te Sharpeville gebeur het. Hierdie getuienis dui ook daarop dat groepe gedurende die nag van huis tot huis gegaan en inwoners aangesê het om by hulle aan te sluit. Daar is ook verwysings na geweldpleging van die kant van hierdie groepe en die optrede van die polisie teenoor hulle. n Getuie, Francis Motshoahole, het getuig dat hy gedurende die nag gewek is toe sy vensterruite gebreek is en teen sy deur geslaan is. Hy het na buite gegaan en beswaar gemaak teen hierdie optrede. Hy is toe meegedeel dat tsotsis daarvoor verantwoordelik was en dat die skade die volgende dag herstel sou word. Hy het aanvanklik geweier om by hulle aan te sluit maar het dit tog later gedoen. Toe hy buite kom het hy omstreeks 250 mans gesien en onder hulle n aantal jong Bantoes, wat hy as

tsotsis beskryf het, opgemerk. Volgens hom het die groep nie wapens gedra nie en was die meerderheid van hulle jong Bantoes. Hy vertel ook dat hy gesien het hoe lede van hierdie groep mans uit ander huise gehaal het. Toe hierdie groep tot ongeveer 400 aangegroei het, het hulle met die polisie slaags geraak en was hulle uiteengejaag. Voor die polisie die groep uiteengejaag het, het 'n voorwerp hom teen die kop getref en het hy sy bewussyn verloor. Hy kon nie vasstel wie hom beseer het nie. Aangesien die polisie toe 8/9 treë weg was is dit waarskynlik dat hy getref was deur 'n voorwerp wat deur een van die skare na die polisie gegooi was. Hoe dit ookal sy, toe hy sy bewussyn herwin het, het hy opgestaan en opgelet dat die Bantoes reeds verdwyn het. Hy wou ook weghardloop maar voor hy dit kon doen het 'n Bantoekonstabel hom bygedam en met 'n stok (vermoedelik 'n knuppel) teen sy skouer geslaan. Hy het voorts ook daarna verwys dat inwoners verhinder was om werktoe te gaan en verplig was om by die skare by die polisiestasie aan te sluit. Etlike ander inwoners het ook in min of meer dieselfde trant getuig.

98. Daar is, bv., die geval van Joshua Motha, 'n busbestuurder, wat reeds die Sondagmiddag gehoor het dat dwang toegepas sou word om inwoners te beweeg om aan die veldtog deel te neem. Hy getuig as volg daaroor:

"Sunday afternoon, while I was busy working with the bus, there were some people standing at the bus stop. They had some little notes - on that little paper there was written "P.A.C."

That is in the buttonhole? --- No; it was pinned, here, to the lapel. They said "We beg you, our people, tomorrow we must be just as one. We are not going to fight with the Europeans. We just want to ask them to alter this pass law because it is hard on us". They also said "I am

person running away from work, if he is going to work?" It was also said that if a person is woken up and he does not want to get up, he will be in trouble "because we will lay our hands on him". "Tomorrow we want all the men, including the women, to be at the same place because the women are also carrying passes". What caused me not to be against it but to go along with them, is because it was said "If you run away, you might get hurt".

Injured by whom? --- They only said "We will lay our hands on the one that does not want to".

Are those the people who spoke to you? --- I am talking about the people who were talking at the bus stop. In other words, I think they were organising.".

Voorts vertel hy dan ook dat hy gedurende die nag deur mans wakker gemaak was en dat hulle hom aangesê het om hulle na 'n plek buitekant Sharpeville te vergesel. Hulle het hom ook meegedeel dat hulle dit doen ten einde te verseker dat geen busse beskikbaar sou wees om mense na hulle werk te vervoer nie. Hy het hulle toe vergesel omdat hy gevrees het dat hy miskien aangerand sou word indien hy sou weier om te gaan. Hy en 'n aantal ander busbestuurders is toe na 'n plek buite Sharpeville geneem waar hulle as't ware tot dagbreek aangehou was. Hierdie groepie is toe aangesê om na die polisiestasie te gaan om te rapporteer waarom hulle nie werktoe gegaan het nie. Van die polisiestasie het hy huistoe gegaan, maar daar was hy nogmaals gedwing om na die polisiestasie terug te keer. 'n Groep jong Bantoes het hom meegedeel dat hy nie hier kon bly nie en dat indien hy dit doen hy deur 'n ongeluk of ander ernstige onheil getref kon word. Hy is toe weer terug na die polisiestasie. Hy het later besluit om weer huistoe te gaan, maar is voorgekeer en gedwing om na die polisiestasie

58/...

terug te keer. Hy is ernstig verwond tydens die skietvoorval en het nog in die Baragwanath-hospitaal verkeer toe sy getuienis op 13 Mei 1960 gegee was.

99. 'n Lid van die Sharpeville-tak van die Pan Africanist Congress, Simon Lukas Masheledi, het ook getuienis gegee en gesê dat hy gedurende die nag van 20/21 Maart by die voorbereidings vir die veldtog behulpsaam was. Volgens hom sou dit die plan gewees het om groepe van ongeveer 20 bymekaar te maak, en dat daardie groepe hulle dan vir arrestasie sou aanmeld. Die mans sou almal na die sportgronde (wat naby die polisiestasie geleë is) gebring word en daar sou hulle dan in hierdie groepe verdeel word. Volgens hom sou al die leiers geweet het dat dit die plan is, en hy het dan ook verwag om Tsolo gedurende die nag by die sportgronde te ontmoet. Hierdie getuienis bots met die van Tsolo wat voorgegee het dat daar geen stappe gedoen sou word om die betogers by een plek bymekaar te bring nie en dat elkeen wat die veldtog gesteun het op eie houtjie na die polisiestasie sou gaan. Die waarskynlikhede dui daarop dat Masheledi se getuienis in hierdie verband aanvaar kan word en dat Tsolo s'n as vals verwerp moet word. Hy sê dat hulle in hierdie opset gedwarsboom was deur die knuppelstormlope wat die polisie onderneem het. Hy het toe die indruk gekry dat die hele plan misgeloop het en besluit om maar te gaan slaap. Onder kruisverhoor het hy erken dat sy volgelinge mense gedurende die nag wakker gemaak het, maar beslis ontken dat enige geweld of dreigemente van geweld gebruik was. Volgens sy begrip van die Pan Africanist Congress se voorgenome veldtog sou slegs mans daaraan deelneem. (Daar sal onthou word dat dit in die geval van die betogers van Boiphatong woonbuurt inderdaad die geval was). Met betrekking tot die knuppelstormloop wat hy ondervind het, was dit sy klagte dat die polisie onmiddellik

handelend opgetree het en hom nie 'n geleentheid wou gun om te verduidelik waarom hulle die byeenkoms roël nie. Hy is ook een van die getuies wat verklaar het dat die inwoners van Sharpeville en die polisie op goeie voet met mekaar verkeer het.

100. Nog 'n Bantoe burgerlike getuie na wie ek wil verwys in verband met die gebeure gedurende die nag van 20/21 Maar is Elias Lidia, 'n jong mode-ontwerper, wat in sy vry tyd ook skrywer is. Volgens sy getuienis was hy nie 'n lid van enige politieke organisasie nie, hoewel hy, as skrywer, in hulle optrede belang gestel het. Hy het die Sondagaand 'n byeenkoms wat deur ene Qwadi, 'n lid van die Pan Africanist Congress, toegespreek was, bygewoon. Die doel van hierdie vergadering, wat deur ongeveer 200 persone bygewoon was, was om die mense oor die Pan Africanist Congress se veldtog in te lig. Hierdie groep is ook deur die polisie uiteengejaag. In hierdie verband het Lidia getuig dat die polisie oorhaastig opgetree het en 'n minagtende houding teenoor die Bantoes geopenbaar het. Na die groep uiteengejaag is het Lidia huistoe gegaan.

101. Ter afsluiting van my verslag oor die gebeure te Sharpeville gedurende die nag van 20/21 Maart verwys ek na die getuienis van drie ander Bantoes - 'n speurderkonstabel (Edwin Litelu) wat te Sharpeville gestasioneer was, 'n sersant verbonde aan die Bantoesake Departement te Vereeniging (Christiaan Nxumalo) en 'n klerk in die kantoor van die Bantoe-kommissaris te Vereeniging (Bernard Xingwana). Hierdie getuies is almal inwoners van Sharpeville en was ook betrokke by die middernagtelike voorvalle.

102. Edwin Litelu sê dat iemand omstreeks 1.30 vm. op Maandag aan sy deur geklop het en hom versoek het om by die

groep Bantoes aan te sluit. Litelu het voorgegee dat hy sou aantrek maar het terug bedtoe gegaan toe die besoeker vertrek het. Na n rukkie het hierdie persoon teruggekeer en verneem waarom Litelu nog nie na buite gekom het nie. Litelu sê dat hy toe gevra het of hulle rondgaan om die polisie ook wakker te maak. Die persoon het toe gesê dat hy nie geweet het dat Litelu n polisie-amptenaar is nie en het weggegaan. Litelu het omstreeks 2.30 vm. na die polisiestasie gegaan om verslag te doen.

103. Christiaan Nxumalo was ook gedurende die nag gewek. Sy ondervinding het egter verskil van dié van Litelu. Na hy geweier het om sy huis te verlaat is hy meegedeel dat hy aangerand en sy vensterruite ingeslaan sou word. Hy het toe op aandrang van sy vrou by die groep aangesluit. Volgens hom het hierdie groep van huis tot huis gegaan, aan die deure geklop en geskop en die inwoners met dreigemente van aanranding aangesê om by hulle aan te sluit. Die polisie het hierdie groep ook uiteengejaag en Nxumalo het toe by die polisie aangesluit. Wanneer ek oor die gebeure in Seeiso-straat verslag doen sal ek weer na hierdie getuie verwys.

104. Bernard Xingwana het ook by die groep waarna sopas verwys is, aangesluit na teen sy deur en venster geskop en geslaan is. Toe hy verduidelik het dat hy n werknemer van die Bantoekommissaris is "en hom nie met hierdie tipe ding" wou inmeng nie, is hy meegedeel dat hy juis die soort persoon is wat saam met hulle moet gaan. Hy het dit dan ook gedoen. Na die groep uiteengejaag is het hy saam met Nxumalo by die polisie aangesluit.

105. Die getuienis oor die gebeure te Sharpeville gedurende die nag van 20/21 Maart oortuig my dat lede van die

Pan Africanist Congress en andere wat hulle met die doelstellings van daardie organisasie vereenselwig het, alles in die werk gestel het om so'n groot moontlike optog op die Maandag te verseker. Die prestige van die Pan Africanist Congress sowel as die voortsetting van die veldtog was klaarblyklik op die spel.

106. Ek meen dat dit aanvanklik die plan was dat slegs mans aan die optog sou deelneem. Dat Tsolo die moontlikheid dat vrouens en kinders ook mag aansluit ingesien het blyk duidelik uit sy eie getuienis. Afgesien van wat die opperste leiding van die Pan Africanist Congress nou ookal mag beoog het - en die pamflette waarna reeds verwys is, is die enigste getuienis op rekord in verband daarmee - blyk dit, wat Sharpeville betref, dat dit die uitgesproke opset was om aan die opdrag bevat in die laaste pamflet (Aanhangsel "F") gevolg te gee. Die manier van optrede word in paragrawe (B) tot en met (F) daarvan aangedui. Daar is geen getuienis dat ampsdraers of lede van die Sharpeville-tak van die Pan Africanist Congress openlik n beleid van geweldpleging tydens die veldtog in die vooruitsig gestel het nie. Daar is wel getuienis dat Tsolo en More teenoor die inwoners van optrede sonder geweld gepraat het.

107. Die getuienis oortuig my egter dat geweldpleging en dreigemente van geweldpleging nogtans gedurende die nag plaasgevind het. Daaroor bestaan daar nie die minste twyfel nie. Die aard van die geweldpleging en die omstandighede waaronder dit plaasgevind het blyk uit die getuienis waarna reeds verwys is. Vir sover die geweldpleging en dwang op die inwoners gemik was blyk dit waarskynlik te wees dat dit nogal veelal voorgekom het, alhoewel ek uit die aard van die saak hoegenaamd geen akkurate bevinding in hierdie verband kan doen nie.

.../...

108. Die getuienis bewys ook dat die groepe betogers gedurende die nag 'n neiging tot verset teen die polisie geopenbaar het en ook later tot geweldpleging oorgegaan het. Daar is ook getuienis dat 'n aansienlike aantal betogers gedurende die nag wapens van verskeie aard gedra het en dat die meerderheid van hulle jong Bantoes was. Dit lyk geen twyfel nie dat onder hulle ook tsotsis was. By een geleentheid, toe die groep onder leierskap van Thomas More uiteengejaag is, het een of ander Bantoe met 'n vuurwapen geskiet.

109. Die ampsdraers van die Sharpeville-tak van die Pan Africanist Congress wat voor my getuig het beweer dat hulle nie geweldpleging beplan het nie en die gebruik van geweld steeds in die openbaar afgekeur het. Hoewel ek van oordeel is dat nóg Thomas More nóg Nyakane Tsolo bevredigende getuies is, is daar getuienis van ander bevredigende Bantoe getuies wat daarop dui dat hulle getuienis in hierdie verband aanvaar kan word. In sy getuienis ontken Tsolo dan ook dat sy organisasie verantwoordelik was vir die dwang wat gedurende die nag op inwoners toegepas is. Hy sê dat hy beoog het dat slegs vrywilligers aan die optog sou deelneem. Daar is geen getuienis wat die verwerping van sy getuienis in hierdie verband regverdig nie. Indien sy getuienis dan in hierdie verband aanvaar word, bewys dit dat onder diegene wat die veldtog gesteun het daar 'n aansienlike aantal persone was wat ander menings oor die manier van optrede daarop nagehou het.

110. Na my beskouing bewys die getuienis ook dat lede van die Pan Africanist Congress (onder meer More en Qwadi) by gebeure gedurende die nag betrokke was. Hoewel dit na my beskouing onwaarskynlik is, moet dit as 'n moontlikheid aanvaar word dat hulle of geen kennis van geweldpleging deur andere gehad het

63/...

nie of altans nie besef het wat die omvang daarvan was nie. Wat wel tot hulle kennis moes deurgedring het is dat die polisie voornemens was om die wet en openbare orde te handhaaf en, indien nodig, om dit met die toepassing van geweld te doen. Dat hierdie optrede van die polisie gewelddadige verset kon uitlok is deur die gebeure gedurende die nag bewys. Tsolo se getuienis dat hy geen kennis gedra het van hierdie gebeure (en ook nie van die latere gebeure in Seeiso-straat nie) moet op grond van die getuienis en in die lig van waarskynlikhede verwerp word.

111. Teen dagbreek het die eerste fase van die gebeure tot 'n einde geloop. Gedurende die nag was die polisie en die inwoners van Sharpeville by voorvalle van geweldpleging betrokke. Oor 'n tydperk van 'n paar uur is 'n aantal groepe betogers uiteengeja en het die polisie, tydelik altans, sukses behaal.

DIE GEBEURE TE SEEISO-STRAAT.

112. Die volgende fase van die veldtog het teen dagbreek begin en die gebeure wat daarmee in verband staan het hoofsaaklik in en in die omgewing van Seeiso-straat plaasgevind. Ek het reeds daarna verwys dat dit die hoofstraat van Sharpeville is en dat die verlenging daarvan buite die woonbuurt na Vereeniging lei. Dit is ook die roete van die busdiens wat passasiers na en van Vereeniging vervoer. Dit is n breë teerstraat wat deur n eiland in twee aparte bane verdeel word. Dit is die aangewese roete van die ingang na die polisiestasie en die afstand langs daardie roete van die ingang na die polisiestasie is ongeveer 2 myl.

113. Teen ongeveer 5 vm. het die polisie nie meer groepe aangetref nie. Vanaf ongeveer daardie tyd het die werknemers, wat vermoedelik na hulle werk wou gaan, op straat verskyn. Party het op hulle fietse gery terwyl andere weer koers gekies het na die verskeie bushaltes in Seeiso-straat. Die groepies wat by bushaltes gewag het, het steeds aangegroei. Die busse het egter nie opgedaag nie. Die polisie het berig ontvang dat hierdie persone gemolesteer word en dat fietsryers aangerand word. Voornemende passasiers is meegedeel dat hulle by hulle terugkeer die aand aangerand sou word. Die vreesaanjaging en aanrandings was bedoel om werknemers te verhoed om na hulle werk te gaan en om hulle te dwing om aan die betoging wat later sou plaasvind deel te neem. Kaptein Cawood het afdelings polisie in Seeiso-straat opgestel met die doel om beskerming aan inwoners te verskaf.

114. Dit het egter spoedig geblyk dat geen busse sou opdaag nie. Ek het reeds verwys na die getuienis van n busbestuurder,

65/...

Joshua Motha, oor die stappe wat gedurende die nag gedo
om te verhoed dat busse beskikbaar sou wees. Die superi
dent, Labuschagne, wat teen hierdie tyd nog saam met di
polisie was, het toe inligting ontvang dat geen Bantoe-
busbestuurders aan diens gekom het nie. Hy het toe gerë
dat blanke busbestuurders gebruik moes word en dat hulle
die ingang moes wag (vermoedelik om met polisie begeleidi
Sharpeville binne te gaan). Weens n misverstand het een
bus Sharpeville binnegegaan sonder om te wag en was toe
onder die klippe gesteek.

115. Etlike Bantoe getuies het vertel van hoe hulle vroeg
die oggend deur ander Bantoes verhoed was om werktoe te
gaan. Sommige kon eenvoudig nie gaan nie omdat vervoer nie
beskikbaar was nie. Andere is weer deur vreesaanjaging en
aanranding verhoed om Sharpeville te verlaat. Dit is
natuurlik vir my n onbegonne taak om self by benadering vas
te stel hoeveel van die werknemers op die Maandag by hulle
werk sou gewees het indien vervoer beskikbaar sou gewees het
en die polisie genoegsame beskerming teen vreesaanjaging en
aanranding sou kon verskaf het. U Eksellensie sal stellig
begryp dat baie persone na die voorval eerder sou vertel
dat hulle deur vreesaanjaging, e.d.m., verhoed is om na hulle
werk te gaan as om prontuit te erken dat hulle uit eie
beweging weggebly het. Nietemin, na my beskouing bewys die
getuienis bo enige twyfel dat talryke voorvalle van vrees-
aanjaging en aanranding plaasgevind het. Daarby moet onthou
word dat die beïnvloeding deur vreesaanjaging en aanranding
nie slegs tot die slagoffer beperk is nie; die wat dit
aanskou sien daarin die onheil wat hulle ook kon oorval
indien hulle pogings sou doen om werktoe te gaan.

116. In paragraaf 103 hierbo het ek na die middernagtelike
ondervinding van Christiaan Nxumalo verwys. Sy getuienis is

dat hy die môre omstreeks 7.15 met sy fiets op pad werktoe was. Hy was in polisie uniform gekleed. Terwyl hy op pad was het jong Bantoes tussen die ouderdom van 17 tot 20 jaar hom vry ernstig aangerand. Hy getuig as volg oor die voorval:

"At about 7.15, on my way to the office, on the road, in the location, at Sharpeville, I passed many people in the street. There were many people on my left-hand side and when I passed them they trew- they picked up stones and they threw stones at me.

Were you then in uniform, or in private clothes? --- I was in uniform, as I am now. I was wearing a helmet. Everybody could see I was a policeman. When I passed them on my bicycle, stones were thrown at me; some stones struck me in my back. The first stone struck me in my back. The second stone struck my bicycle wheel. I could hear the sound of it. Many stones were thrown at me. I then got off my bicycle and I picked up my bicycle, and lifted in up in order to avoid these stones, to protect myself with the bicycle. I tried to stop these stones with the bicycle. Afterwards, I lifted the bicycle right to my head in order to protect myself. I took it across my shoulders. At that stage, one of these men stabbed me in the back and through my shoulder. After I had been stabbed, I was struck again with stones. These were all youngsters. Then somebody came on the scene and warned them. They did not listen, and I was again struck with stones. My bicycle was completely damaged and I could not ride on it. After they had stopped throwing stones at me, I left my bicycle at the spot. I cannot say what stopped them from throwing stones at me any further.

67/...

EXAMINATION CONTINUED: Do you know why these people did all these things to you? --- I did not do anything. I don't know why they threw stones at me. I did not say anything.

THE CHAIRMAN: When you say they were youngsters, what do you mean? --- They were of the age of about 17 years, to 20 years.".

Ek vermeld hierdie geval nie omdat dit tipies is van die aanrandings wat gepleeg is nie (dit is, sover ek my kan herinner, uitsonderlik wat die gebruik van 'n mes betref), maar omdat dit enersyds aandui waartoe party van die jong Bantoes bereid was om te gaan om mense te verhoed om na hulle werk te gaan en andersyds aandui dat selfs die polisie-uniform in sekere omstandighede geen beskerming gebied het nie.

117. Klipgooiery het veelal plaasgevind, en was nie tot polisievoertuie beperk nie. Daar is, bv., die getuienis van 'n inwoner van Sharpeville, Paul Mjambila, wat die oggend tussen 8 en 9 uur met sy motorkar op pad na sy werk was. In Seeiso-straat, naby die uitgang uit die woonbuurt, is sy motorkar met klippe bestook en beskadig. So ook is die motorkar van 'n blanke burgerlike, ene Van Wyk, wat Sharpeville omstreeks 8.30 vm. binnegery het om na werknemers te soek, onder die klippe gesteek en skade ten bedrae van ongeveer £96 veroorsaak.

118. Ek het hierbo daarna verwys dat kaptein Cawood klein afdelings polisie by bushaltes in Seeiso-straat opgestel het. Die skare in Seeiso-straat het geleidelik aangegroei. Teen omtrent 7 vm. het 'n betreklike groot skare wat uit mans, vrouens en kinders bestaan het in Seeiso-straat in die omgewing van die hostel vir ongetroude mans en die biersaal (wat by die ingang na Sharpeville geleë is) byeengekom. Die polisie het

6?...

die indruk gekry dat hulle in die rigting van Vereeniging beweeg. Opdrag is toe gegee dat al die polisie-amptenare na die administratiewe kantore by die ingang moes gaan. Daar is hulle oor die pad opgestel om die skare te stuit indien hulle na Vereeniging wou marsjeer. Volgens die waarnemings van kaptein Cawood en die getuie Labuschagne sou daar teen 7.30 vm. van 5,000 tot 7,000 Bantoes gewees het. (Ek noem die skattings sonder om te aanvaar dat dit noodwendig akkuraat is. Dit dui egter daarop dat die grootte van die skare eerder op duisende as op honderde gestel moet word). Dit was opgelet dat van die mans wapens gedra het en dat etlike hope klippe opgestapel is. Die skare was toe ook luidrugtig en verskeie dreigemente is die polisie toegeslinger. Klippe is ook gegooi. Daar was toe ongeveer 20 blanke en 37 Bantoe polisie aanwesig. Daar is besluit dat die posisie ernstig was en traangasbomme is van die Vereeniging Polisiestasie verkry.

119. Intussen (ongeveer 6.30 vm.) het kaptein Willers en sersant Wessels van die Veiligheidsstaf by die ingang na Sharpeville aangekom. Volgens laasgenoemde se skatting was daar toe n skare van nagenoeg 5,000 in Seeiso-straat en die onmiddellike omgewing. Hy het twee Bantoes (blykbaar lede van die Pan Africanist Congress) wat besonder bedrywig en aan die spits van die skare was aangehou en ondervra. Hulle is daarna in n polisievoertuig aangehou.

120. Pogings is gedoen om die skare op n vreedsame manier terug te druk. Die getuie Labuschagne het met hulle gepraat, aangesien hy baie van die Bantoes goed geken het. Sy pogings was egter verydel toe ongeveer 500 van die inwoners van die hostel by die skare aangesluit het. Die skare was nou besonder luidrugtig, en het ook vasgestaan. In sy getuienis

verwys kaptein Cawood ook na 'n groep van ongeveer 500 jong Bantoes wat soos 'n regiment in Seeiso-straat op en af gemarsjeer het. Die skare het nog steeds aangegroei en kaptein Cawood was bevrees dat die Bantoes later tussen die polisie kon indring en dat die posisie dan besonder ernstig sou word. Hy het toe besluit om traangasbomme te gebruik en 5 daarvan tussen die voorstes onder die skare gegooi. Die skare het toe 'n entjie teruggeval maar toe weer vasgestaan. Kaptein Cawood skat dat daar toe ongeveer 10,000 Bantoes in daardie gedeelte van Seeiso-straat was. Daarteenoor skat Labuschagne dat daar toe ongeveer 5,000 was. Ek meen dat albei eerlike skattings doen. Hoe dit ookal sy, die Bantoes was daar in hulle duisende, en die aantal en hulle gedrag was sodanig dat dit kaptein Cawood kommer verskaf het - en ek het die indruk gekry dat daar by hom nie 'n gebrek aan moed is nie. Op hierdie stadium - omstreeks 8 vm. - het hy na Vanderbijl-park vertrek. Oor sy optrede daar het ek reeds verslag gedoen.

121. Voor ek verder oor die gebeure in Seeiso-straat verslag doen, is dit vanpas om een en ander te stel oor die posisie by die polisiestasie. Om 5 vm. was slegs die Bantoe polisie aan diens. Sersant Moses Nkosi was toe in bevel. Hy het omstreeks 4.45 vm. aan diens gegaan. Hoewel hy nie seker was van die tyd nie, het hy getuig dat Tsolo ongeveer 8 vm. of kort daarna by die polisiestasie aangekom het en hom gevra het om al die mense wat daar aanwesig was in die selle op te sluit aangesien hulle nie hulle bewysboeke by hulle gehad het nie. Hy sê ook dat Bantoes toe reeds die polisiestasie omsingel het en dat dit hom van stryk gebring het. Dan getuig hy voorts:

"I said to him, "But the Europeans are not here". I said "I'll send some policemen to go and call them". I called two Non-European Police. I said to him, "I am afraid I cannot send the Police away, because there is a big crowd". He said he would give me some escorts. Then I sent the Police. He then escorted them until they came out of the grounds, and then they left.

Why did you not want to send some of your men away? --- I was confused by the crowd because there was no telephone to communicate with these European Police and I did not know what to do.

Why did the crowd confuse you? --- They were right round the Police Station. There were many of them. They were right round the Police Station.

But what did they do? --- They were just standing. They wanted me to lock them up.

Was Tsolo the only one who spoke to you? --- Yes; he was the only one.".

Speurderkonstabel Edwin Litelu, na wie ek reeds verwys het, sê dat persone eers vanaf omstreeks 8 vm. by die polisiestasie begin vergader het. Speurderkonstabel Sidwell Kele getuig dat hy die oggend omstreeks 8 vm. op pad na die polisiestasie was en die skare in Seeiso-straat gesien het. Hy het een van die leiers, Manuel Teketsi geken. Hy het n paar minute na 8 uur by die polisiestasie aangekom. Volgens sy getuienis sou die Bantoes eers vanaf omstreeks 8.30 vm. by die polisiestasie begin vergader het. Thomas More gee voor dat hy eers om 6 uur vm. opgestaan het en geen kennis daarvan gedra het of die inwoners die vorige aand aangesê was om by die polisiestasie te vergader nie. Van die gebeure in Seeiso-straat het hy niks geweet nie. Hy getuig ook dat hy omstreeks 7 vm. na

die polisiestasie gegaan het om die aanwesiges aldaar te beheer. Hy sê dat Tsolo omstreeks 8 vm. opgedaag het en dat daar toe reeds n groot skare was. Nyakane Tsolo het ook getuig en gesê dat hy omstreeks 6 vm. opgestaan het en ongeveer 7-7.30 vm. by die polisiestasie aangekom het. Daar het hy versoek dat hy en die ander Bantoes wat aanwesig was gearresteer moet word. Hy het ook voorgegee dat hy nie bewus was van wat die vorige nag en gedurende die môre gebeur het nie. Wat hy wel gesê het is dat hy gehoor het dat Bantoes deur die polisie aangerand was. Daar moet onthou word dat Tsolo in sy getuienis gesê het dat die Pan Africanist Congress se tak te Sharpeville self geen stappe gedoen het om reëlings te tref vir die byeenkoms nie, en dat daar geen plan was in verband met die opmars na die polisiestasie nie. Volgens hom het almal geweet dat hulle by die polisiestasie moes ontmoet. Daar was geen verstandhouding dat die betogers eers elders sou ontmoet en dan nie die polisiestasie marsjeer nie. Indien ek sy getuienis reg verstaan was hy nie in Seeiso-straat nie en het hy ook nie kennis gedra van wat daar in Seeiso-straat gebeur het nie.

122. Tsolo se getuienis in hierdie verband kan kwalik met die van n ander lid van die Pan Africanist Congress, Moses Smit, versoen word. Smit, wat prontuit erken het dat die veldtog deur die Pan Africanist Congress gereël was, het getuig dat hy een van die persone was wat aangesê was om met die leiding van die optog behulpsaam te wees. Hy sê dat hy nie die vorige nag in Sharpeville was nie, maar dat hy omstreeks 6 vm. teruggekeer het en by n groep, wat in n gebied (sogenaamd "site and service", erf en diensskema en ook Zensele) ten weste van die polisiestasie vergader het, aangesluit het. Qwade, na wie ek reeds verw het in verband met byeenkomste wat gedurende die nag gehou is, was

ook daar, en het hom meegedeel dat hulle na n gebied ten ooste van die polisiestasie (sg. Putso-stene - omdat die huise van grys bakstene gebou is) moes gaan om n ander groep onder die leier (Tsolo) te ontmoet sodat die groepe saam na die polisiestasie kon marsjeer. Smit sê dat hulle toe in daardie rigting vertrek het.en Tsolo en sy groep ontmoet het waar hulle in Seeiso-straat vanaf die rigting van Putso-stene aangestap gekom het. Die twee groepe het omstreeks 9 vm. bymekaar aangesluit. Tsolo het die twee groepe toe oor die veldtog toegespreek, en ook, onder meer, gesê dat daar nie geweld gebruik sal word nie. Na hy die skare toegespreek het. het hulle na die polisiestasie gegaan waar hulle omstreeks 10 vm. aangekom het.

123. Ek het reeds hierbo verwys na die getuienis van Mashole waarin hy sy idee van hoe die optog gereël moes word, gegee het. Volgens hom sou hy gaan slaap het na die polisie die groep waaronder hy hom bevind het uiteengejaag het. Hy het die volgende oggend omstreeks 7 uur opgestaan en na Seeiso-straat gegaan, waar hy n groep onder David Ramodebe en ander leiers aangetref het. (In sy getuienis verwys hy na die groep as n "Pan Africanist group"). Indien ek sy getuienis reg verstaan het hy die groep in Seeiso-straat naby die uitgang van Sharpeville ontmoet. Hierdie getuie tref n verskil tussen die "Pan Africanist" groep en die res van die skare in Seeiso-straat. Volgens hom sou die res van die skare uit belangstellendes en nuuskieriges bestaan het. Die plan was eintlik dat die "Pan Africanists" hulle vir arrestasie aanmeld, hoewel dit andere vrygestaan het om hulle voorbeeld na te volg. Indien sy getuienis dat hy geen polisie in Seeiso-straat naby die ingang gesien het nie waar is volg na my beskouing dat hy heelwat vroeër as 7 uur opgestaan

en langer in Seeiso-straat vertoef het as wat uit sy getuienis blyk die geval te gewees het. Hoe dit ookal sy, van daar is hy toe na die polisiestasie waar hy Tsolo ontmoet het. Tsolo het hom toe meegedeel dat sersant Nkosi geweier het om enigiemand te arresteer.

124. Elias Lidia, na wie ek ook reeds hierbo verwys het, getuig ook oor die gebeure in Seeiso-straat. Hy sê dat toe hy die môre omstreeks 6.30 opgestaan het, het hy van gesprek tussen ander Bantoes afgelei dat mense verhoed word om na hulle werk te gaan. Na hy aangetrek het het hy na die bus-terminus in Seeiso-straat gegaan - dit was toe ongeveer 7 uur. Hy het opgelet dat daar meer mense as gewoonlik in die straat loop, maar nie die indruk gekry dat daar n skare byeengekom het nie. Na n half-uur is hy weer terug huistoe. Ongeveer 8 uur het hy besluit om weer na Seeiso-straat te gaan. Volgens hom het hy toe gesien dat Bantoes by die polisiestasie vergader het - sy skatting was dat daar toe n skare van ongeveer 50 was. Toe hy in Seeiso-straat aankom het hy gesien dat daar n skare van sowat 500 byeengekom het. Hy het blykbaar nie lank daar vertoef nie aangesien hy getuig dat hy om 8 uur by die polisiestasie aangekom het. Hy het toe sy fiets huistoe geneem (hy woon betreklik naby die polisiestasie) en weer na die polisiestasie teruggekeer. Teen daardie tyd het die skare vinnig begin aangroei. Na my beskouing is Lidia se vermoë om die grootte van skares te skat nie te betroubaar nie.

125. Na my beskouing bewys die getuienis dat dit waarskynlik is dat die skare eers tussen 8 en 9 vm. by die polisiestasie begin vergader het, en dat nog Tsolo nog More voor daardie tyd daar was. Afgesien van die direkte getuienis van Moses Smit, is dit baie waarskynlik dat Tsolo hom in Seeiso-straat b[illegible]

het voor hy na die polisiestasie gegaan het en dat hy, ondanks sy ontkenning, wel bewus was van wat daar gebeur het. Ek oorweeg later die vraag of dit aanvanklik die plan was om na die polisiestasie te Vereeniging te gaan en of daar eers van hierdie plan afgesien is toe die polisie die betogers naby die uitgang gestuit het.

126. Ek het hierbo daarna verwys dat majoor Van Zyl omstreeks 7.30 vm., na n besoek aan die Vereeniging Polisiestasie, na Seeiso-straat teruggekeer het en by aankoms gevind het dat kaptein Cawood reeds traangasbomme gebruik het om die skare terug te dryf. Kaptein Cawood is ook kort daarna weg na Vanderbijlpark. Die skare was besonder luiddrugtig en opgewonde. Baie van hulle was met kieries en klippe bewapen. Volgens majoor Van Zyl het die jonger Bantoes die meeste bedrywigheid aan die dag gelê. Hoewel hy moontlik oordrewe taal in sy getuienis gebruik het blyk dit nogtans uit sy optrede dat hy sake in n ernstige lig beskou het. Die gesindheid van die skare was beslis vyandig. Dat dit die geval was blyk ook uit ander getuienis wat ek as betroubaar beskou. Traangasbomme was reeds sonder enige werklike sukses gebruik. Soos te wagte was, het die skare aangegroei. Majoor Van Zyl het toe besluit dat hy nie kon toelaat dat die posisie verder versleg nie. Hy het in die rigting van die skare gestap en verduidelik dat hy hulle 5 minute tyd gee om uitmekaar te gaan. Die skare het hierdie waarskuwing met tekens van groter opgewondenheid en uitjouery begroet. Voor die 5 minute verstryk het, het hy weer na die skare gestap en hulle versoek om uiteen te gaan. Hieroor getuig hy as volg:

"Ek was nie van plan, en ek wou nie - ten alle koste wou ek enige geweld vermy, en voor die vyf minute verstreke was, het ek alleen opgestap tot voor by hulle en daar het ek met

75/...

hulle leiers gepraat en ek het aan hulle gesê, "Kêrels, julle gaan seerkry, miskien, en ons gaan miskien seerkry. Gaan asseblief huistoe; ek vra julle mooi. Asseblief!" Ek was uitgejou en ek was radeloos. Ek het om n ander gedagte gedink en ek het gesê, "Wat is die moeilikheid?" Toe kom hulle leiers na vorentoe, en hulle sê vir my, "Daardie twee man wat jy gevang het" - hulle het verwys na twee gevangenes wat in een van die oprukwaentjies gesit het - "Ons wil hulle hê". Ek sê toe, "Wel, hulle kan julle nie kry nie". Toe sê hulle, "Wel, dan sal ons hulle self vat". Ek het agteruit gestaan. Dit was kwart voor, en ek het gesê "Maak skoon".".

127. n Knuppelstormloop is toe deur ongeveer 20 blanke en 40 Bantoe polisie onderneem. Met die afsit is hulle onder die klippe gesteek. Die betogers het teruggeval en in die systrate af gehardloop. Van daar het hulle die polisie met klippe bestook. Daar is ook getuienis dat daar enkele skote met vuurwapens van die kant van die betogers geskiet was. Ondanks n vermaning van majoor Van Zyl dat vuurwapens nie gebruik moes word nie blyk dit dat die polisie ook geskiet het. Niemand is egter tydens hierdie skietvoorval gedood of verwond nie. Dat die klipgooiery betreklike ernstige afmetings aangeneem het blyk uit die getuienis van verskeie getuies. Konstabel Coetzee getuig as volg oor wat hom te beurt geval het:

"Julle het toe n knuppelstormloop uitgevoer? --- Uitgevoer, ja. Party het stilgestaan, maar ons het hulle gejaag en hulle het uiteengespat. Ons het hulle gejaag tot by die eerste straat, waar die huise begin. Daar het ons opgehou en weer op die voertuie geklim, maar ons het net op die voertuie geklim toe kom daar n klippereën op ons af van die huise se kant af. Ons was in die voorste

voertuig, en dit was oop gewees, en ons kon nie wegduik vir die klippe nie; hulle het al die klippe op die voertuig gegooi en ons moes afspring en probeer keer waar ons kon. Ons het aan gehardloop tot waar ek n klip op my kop gekry het. Dit het my buite aksie gestel vir n paar minute - ek weet nie hoe lank nie.

Wat was die omstandighede dat jy n klip op jou kop gekry het? --- Die Bantoes het na die vragmotor gegooi, soos ek gesê het - die ligte vragmotortjie. Dit was te gevaarlik om op die vragmotor te bly; dit was geweldig gewees. Ons het af gespring om te probeer skuiling kry by die huise. Maar n klip het my op die hoof gevang en ek was buite aksie gestel.

Was dit nadat jy afgeklim het, van die vragmotor? --- Nadat ek afgespring het, toe ek by die huise kom.

DIE VOORSITTER: Jy sê jy is buite aksie gestel; wat bedoel dit - het dit jou bewusteloos gemaak? --- Dit het op my kop geval en ek het net swart gesien en neergeval. Toe het iemand my opgehelp. Ek kan nie onthou wie dit was nie.

VERHOOR HERVAT: Sê jy dat jy dat jy bewusteloos was, of bedwelmd was, of wat was dit? --- Ek sal liewers sê ek was bedwelmd gewees; ek was nie heeltemal uit gewees nie.

Wanneer het jy weer tot jou volle bewussyn teruggekeer? --- Nadat iemand my aan die arm gevat het; ek kan onthou dat iemand my aan die arm op gehelp het en gesê het "Kom seun, hier's gevaar".

Is jy na die hospitaal geneem? --- Daarna is ek na die hospitaal geneem.

Was jy daar aangehou vir behandeling? --- Ja; ek is steke toegedien, en kwart-voor-nege is ek weer op na Sharpeville, aangesien daar net Vereeniging Polisie daar

was en ek wou hulle nie in die steek los daar nie.".

Dit blyk dat hy een skoot met sy .303 geweer geskiet het na hy getref is, maar dat hy in die lug geskiet het. Daar is ook getuienis dat toe hy neergestort het etlike Bantoes op hom afgestorm het en dat nog meer skote toe deur ander lede van die polisie afgevuur was. Origens blyk dit dat daar in die rigting van huise geskiet was omdat dit gemeen was dat Bantoes vanuit daardie rigting gevuur het. Geen Bantoes met gewere is egter gesien nie. Majoor Van Zyl het sy opdrag dat vuurwapens nie gebruik moet word nie herhaal. Daarna was daar ook nie meer geskiet nie.

128. Die skare is na ongeveer n halfuur vir n paar honderd treë in Seeiso-straat teruggedruk, en die polisie het teenoor hulle stelling ingeneem. Die getalle het vermeerder en die Bantoes het al hoe meer uittartend en woedend geword. Aldus majoor Van Zyl. Hy het besluit dat hy versterkings moes aanvra en het na Vereeniging gegaan. (Daar was toe blykbaar nog geen telefoonverbinding tussen Sharpeville en Vereeniging nie). By sy terugkeer het hy vasgestel dat die skare in Seeiso-straat weer aansienlik vermeerder het - volgens skatting sou daar etlike duisende gewees het. Dit sou nou die posisie omstreeks 10 vm. gewees het.

129. Ongeveer 10.20 vm. het kaptein Coetzee saam met 13 blanke en 6 Bantoe polisie opgedaag en hom by majoor Van Zyl aangemeld. Hy het toe ook in Seeiso-straat stelling ingeneem. By die ingang het hy reeds gewaar dat daar n groot skare (tussen 8,000 en 10,000) in Seeiso-straat was. Hy het sy manne opdrag gegee om hulle gewere te laai. Van daar het hy toe verder gery en by majoor Van Zyl aangesluit. Laasgenoemde het besluit om die Adjunk-kommissaris van Polisie te bel en hom oor die posisie in te lig. Sy getuienis oor wat

hy toe gedoen het, lui as volg:

"Ek het my weer na die telefoon gehaas. Soos ek u gesê het van die begin, was my hele doel om so min geweld te gebruik as moontlik, en ek het die Adjunk-kommissaris gevra, - kol. Lemmer - ek het toe alreeds die portret gehad van die feit dat daar duisend opmarsjeer in Vanderbijlpark en ook te Evaton, en die posisie waarin Vereeniging geplaas wat in verhouding met die drie plekke, sou dus uiters gevaarlik gewees het as hulle die Polisie oorweldig het. Ek het die Adjunk gevra om vir my vliegtuie te stuur om oor die mense te duik met die hoop dat dit hulle sal afskrik of tydelik sal uit aksie bring. Wat ek by "uit aksie bring" meen, is dit: Dat dit hulle sal - hulle humeur vir n tyd miskien kalmeer. Ek het sonder toestemming, teen my instruksies, die skietkommando op been gebring in Vereeniging. Ek het hulle laat bystaan in die aanklagkantoor met die doel, as daar iets gebeur dan is daar iemand, hier, wat iets kan doen. Ek het geglo dat daar sal n bloedbad wees. Ek het geen ander uitweg gesien nie. Dit het vir my so gelyk en ek is daar oortuig van, dit sou gebeur het.".

130. Kaptein Van der Linde het omstreeks 11.15 vm. by Sharpeville aangekom. Hy was in bevel van 2 Saracen gewapende troepedraers wat elkeen n bemanning van 5 gehad het. Volgens hom was daar toe n groot skare in Seeiso-straat. Hy het majoor Van Zyl opgelaai en na die polisiestasie geneem. Terwyl hulle op pad was het vliegtuie oor die polisiestasie gevlieg. Hy het ook opgelet dat groot getalle Bantoes besig was om in Seeiso-straat in die rigting van die polisiestasie te marsjeer. Hy het die een Saracen binne die terrein om die polisiestasie opgestel. Hy en majoor Van Zyl

is met die ander Saracen terug na die administrasiegebou by die ingang. In sy getuienis verwys majoor Van Zyl ook na die feit dat die skare teen omtrent daardie tyd na die polisiestasie beweeg het. Kaptein Coetzee het dit ook opgelet.

131. Die getuie Labuschagne, (die Superintendent van Sharpeville) wat deurentyd by die polisie in Seeiso-straat was, getuig oor wat daartoe aanleiding gegee het dat die skare in Seeiso-straat feitlik uit eie beweging omgedraai en in die rigting van die polisiestasie beweeg het. In sy getuienis verwys hy daarna dat n klein vliegtuig (dit is klaarblyklik die vliegtuig waaruit die lugfoto van die polisiestasie - Aanhangsel "I" - geneem is) oor Sharpeville gevlieg het. Volgens hom sou dit toe tussen 11 en 11.30 vm. gewees het. Later - in kruisverhoor - het hy gesê dat die vliegtuig voor 11 uur oor die polisiestasie gevlieg het. Dit is egter duidelik dat sy eerste verwysing na die vlug van die vliegtuig die tyd as tussen 11 en 11.30 vm. aangedui het. (Dit is miskien n geleë tyd om aan te dui dat meeste van die getuies onbetroubaar in verband met hulle tydsberekenings is). Hoe dit ookal sy, Labuschagne se getuienis is dat omtrent dieselfde tyd as wat majoor Van Zyl saam met kaptein Van der Linde na die polisiestasie gegaan het, hy saam met kaptein Coetzee na Zwane-straat gegaan het. Voor hierdie gebeure het die skare begin beweeg in die rigting van die polisiestasie. Terwyl hulle besig was om dit te doen het majoor Van Zyl en kaptein Van der Linde tussen hulle deur gery. Volgens Labuschagne het n lid van die Uitvoerende Komitee van die Sharpeville-tak van die Pan Africanist Congress, Manuel Teketsi, na vore gekom, sy hande voor majoor Van Zyl se gesig geswaai en daarna, toe majoor Van Zyl se rug op hom gekeer was, aan die skare beduie het dat hulle

hom na die polisiestasie moes volg. In sy getuienis stel hy dit as volg:

"Een van die Uitvoerende Komiteelede van die Pan Africanist Congress, Manuel Teketsi, het uitgekom tussen die ander. Dit is hy wat na majoor Van Zyl gegaan het en sy hande so voor majoor Van Zyl se gesig geswaai het; en toe die majoor omdraai, met sy rug na hom toe, toe wys hy vir die skare, 'Come; come; Come, let us march to the Police Station.' Toe die Saracens ingekom het, het hulle omgedraai en teruggemarsjeer Polisiestasie-toe.".

Majoor Van Zyl verwys nie in sy getuienis na hierdie voorval nie. Moontlik het hy dit nie waargeneem nie omdat hy toe sy rug op die skare gekeer gehad het. Dit is ook moontlik dat dit hom ontgaan het. Indien U Eksellensie die rekord sou nagaan sou U wel oplet hoe dikwels dit gebeur dat getuies wat oor n voorval getuienis gee met mekaar verskil in verband met die besonderhede wat daarop betrekking het. Ek is oortuig dat n voorval van die aard waarvan Labuschagne verwys wel plaasgevind het. Ek verwys hieronder na ander getuienis wat daarop betrekking het.

132. Nog n opsig waarin Labuschagne se getuienis sterk aangeval is, het betrekking op n waarneming wat hy op n sekere tydstip sou gedoen het in verband met die skare in Seeisostraat, nl., dat hulle vanaf die skole tot by die gemeenskapsaal (dit is n gebou aan die westekant van die polisiestasie) "een blok vas gestaan" het. Sy getuienis is klaarblyklik vatbaar vir n vertolking dat hy hierdie waarneming gedoen het toe die vliegtuig daar was, dit is ongeveer 11 vm., en kort voor kaptein Van der Linde aangekom het (dit is nagenoeg 11.15 vm.). Baie getuies toon n neiging om gebeure wat inderdaad nie onmiddellik na mekaar plaasgevind het nie inmekaar

te skuif wanneer hulle daaroor getuienis gee.

133. Dit is van belang om, indien moontlik, helderheid oor hierdie getuienis te kry, aangesien dit betrekking het op die geloofwaardigheid van Labuschagne asook die waarskynlikhede wat oorweeg moet word waar die getuienis oor die omvang van die skare by die polisiestasie in oënskou geneem word. Indien die lugfoto (Aanhangsel "I") geneem was op n tydstip toe Labuschagne die groot skare in Seeiso-straat vanaf die skoolterrein tot die gemeenskapssaal sou gesien het dan is daar (soos advokaat Kentridge dit aan die getuie gestel het) "iewers iets verkeerd". Die grootste gedeelte van dié deel van Seeiso-straat waarop Labuschagne se getuienis betrekking het verskyn op die lugfoto. In n oostelike rigting (d.w.s. in die rigting van waar Labuschagne sy waarneming gedoen het) vervaag die detail aansienlik, maar in die gedeelte van die straat wat aan die noordelike en noordwestelike kant van die polisiestasie sigbaar is, is daar klaarblyklik nie n skare nie.

134. n Fotograaf van "The Star" (n koerant wat in Johannesburg gedruk en uitgegee word) het getuig dat hy die betrokke lugfoto, asook andere wat as bewysstukke ingedien is, geneem het. In sy getuienis het hy verklaar dat hy die foto kort na 11 uur vm. geneem het. Sy aandag is toe bepaal by n skriftelike verklaring wat hy op 8 April aan die polisie verstrek het waarin hy die tyd as kort voor 11 uur vm. aangedui het. In kruisverhoor het advokaat Kentridge dit aan hom gestel dat een van sy lugfotos op die middag van 21 Maart in "The Star" afgedruk was en dat die opskrif daarna verwys dat dit kort voor 12 uur middag geneem was. Volgens getuienis wat die lugfotos self verskaf (nl., die aanwesigheid van luitenant Visser se voertuie en die afwesigheid van kaptein Van der Linde se Saracen wat hy op die perseel opgestel het) blyk dit dat die

fotos geneem was na luitenant Visser by die polisiestasie aangekom het (wat by benadering tussen 10.30 en 11 uur vm. was) maar voor kaptein Van der Linde daar aangekom het (wat by benadering tussen 11.15 en 11.45 vm. daar was). Daar bestaan geen rede om Von Below se eerlikheid in twyfel te trek nie, en sy skatting dat die fotos omstreeks 11 vm. geneem was kan aanvaar word.

135. Kaptein Coetzee getuig dat toe hy Visser opdrag gegee het om na die polisiestasie te gaan hy reeds opgelet het dat die skare in Seeiso-straat besig was om terug te beweeg en dat die aantal al minder word. Hy het gemeen dat hulle huistoe gaan. Daarna het hy 'n boodskap van die polisiestasie ontvang dat die posisie daar ernstig is en dat versterkings nodig is. Dit is na aanleiding van hierdie boodskap dat hy sy opdrag aan Visser gegee het.

136. In sy getuienis verwys kaptein Van der Linde daarna dat toe hy saam met majoor Van Zyl op pad na die polisiestasie was, hy opgelet het dat groot groepe Bantoes aan albei kante van Seeiso-straat in die rigting van die polisiestasie beweeg het. Daar was teen hierdie tyd geen skare in die straat self nie, en het die meerderheid van die Bantoes wat vroeër daar was reeds vertrek.

137. Ek keer nou terug na die getuienis van Labuschagne. Daar sal onthou word dat 'n skare van etlike duisende wat in die omgewing van die ingang na Sharpeville was omstreeks 7.45 vm. uiteengejaag is. Die oorgrote meerderheid van hierdie skare het in sy systrate ingevlug en die polisie het hulle agtervolg. Die polisie het stadig in Seeiso-straat in die rigting van die polisiestasie beweeg. Labuschagne het by die polisie aangesluit, en saam met hulle beweeg. Hy getuig as volg in verband hiermee:

"Daar het ons stadig beweeg. Maj. van Zyl het aan die linkerkant, op die sypaadjie, geloop en ek voor - mnr. van Zyl op die regterkant; ekskuus - en ek voor aan die linkerkant, op die sypaadjie. Ek het van huis tot huis met die Bantoes gepraat en gevra dat hulle asseblief in hul huise en hul agterplase moes bly, omrede hulle toe in groot groepe in elke straat saamgedrom het. Ek het een van die Adviserende Raadslede gekry en hom geroep, en hom gevra om ons te help, en hy het ook met die mense gepraat. Aan die Suidekant, aan my kant, het die mense teruggeval tussen die huise in, maar aan die regterkant, aan die kant van maj. van Zyl en die Polisie, het hulle nie teruggeval nie. Ons het stadig beweeg, tot by die eerste skool - dit is die opening, nou nog in Seeiso-straat.

Dit is nou die volgende groot opening? --- Die volgende groot opening. Toe ons by dié opening kom, het ek gesien dat daar 'n groot skare Bantoes van voor na die Polisie marsjeer - dat daar 'n groot skare Bantoes van die Polisie-stasie se kant, na die paar Polisie in die straat marsjeer. Hulle het teenoor mekaar opgekom. Maj. van Zyl het die Polisie gevra om te staan. Die Polisie het daar gestaan vir ongeveer 'n halfuur.

Die nuwe groep kom nou in Seeiso-straat af? --- In Seeiso-straat af, in die rigting van die Polisie.

Julle het nou aan julle agterkant...? --- Agter is Bantoes, aan beide kante is die systrate vol Bantoes, en hier kom 'n groot klomp Bantoes van voor.

'n Bietjie vroeër het julle die Bantoeskare nou gekeer, teruggedryf? --- Dit was voor die hostel, die enkel-kwartiere, ja.

Maar is julle tussen hulle deur? --- Ja.

Wat was die idee; was die moontlikheid toe nie nog daar dat hulle sou verder aangaan, weer op pad na Vereeniging-toe nie? --- Nee; dit het vir my gelyk of maj. van Zyl bekommerd was oor die Polisiestasie binne die lokasie, en ek het gehoor dat hy aan die Polisie gesê het, "Ons moet probeer deurgaan na die Polisiestasie-toe." Nou kom ons te staan voor 'n skare wat van voor af kom? --- Van voor, van agter, en aan beide kante.".

138. Toe die getuie gevra is om aan te dui hoe laat dit toe was het hy die tyd op 11-uur gestel. Dan verwys hy na 'n voorval toe "die direkteur, mnr. Ferreira, mnr. Van der Walt en ander manse opgedaag het met 'n kar". Op pad van die ingang na die plek waar die polisie (en Labuschagne) toe was is die motorkar met klippe bestook. Ek meen dat hy hier verwys na die geleentheid toe die getuie Van Wyk se motorkar beskadig is. (Mnr Van der Walt was in die motorkar by daardie geleentheid). Ferreira stel die tyd op "9-uur, 10-uur, daar rond". Die eienaar Van Wyk het getuienis gegee en hy het die tyd op omtrent 8.30 vm. gestel. Hy het ook vertel dat hulle van die administrasiegebou by die ingang tot waar die polisie was gery het en dat die kar met klippe bestook was. Sy skatting was dat daar 'n skare van omtrent 1,000 om die polisie was. Hy kon egter nie waarneem hoe ver die skare gestrek het nie. Dit blyk dus dat Labuschagne se tydsberekening heelwaarskynlik nie te betroubaar is nie.

139. In sy getuienis verwys hy dan voorts daarna dat die skare toe baie luiddragtig was en ook die polisie aanhoudend uitgetart het. Hy sê ook dat daar toe 20 na 25 blanke en ongeveer 20 Bantoe polisie was. Op daardie tydstip het majoor Van Zyl aan hom gesê dat hy bekommerd voel en dat versterkings nodig is. Dan verwys hy na die aankoms van

kaptein Coetzee. Laasgenoemde sê in sy getuienis dat hy omstreeks 10.20 vm. by Sharpeville aangekom het. Labuschagne se getuienis oor die waarneming van die skare in Seeiso-straat volg onmiddellik op sy verwysing na kaptein Coetzee se aankoms. Dit lui as volg:

"Daar het toe versterkings opgedaag - ek dink twee vragmotors vol, met Johannesburg registrasienommers. Die kaptein het uitgeklim en hy het na my en maj. van Zyl gekom, en die Polisie het die saak bespreek.

Weet u wie die kaptein was? --- Ek dink kapt. Coetzee. Maj. van Zyl het daar instruksies gegee en gesê daar sal twee saracens opdaag en ons moes wag totdat die saracens opdaag. Iemand het aan my gesê dat ek op n vragmotor se dak moes klim en kyk in die rigting van die Gemeenskapsaal. Ek het opgeklim, hier tussen die skole, en die Bantoes het een blok vas gestaan, van die skole tot by die Gemeenskap-saal - die hele straat vol.

Die Gemeenskapsaal ...? --- Is die groot gebou, heel in die hoek.

Heel in die hoek van die foto? --- Ja. In die Suid-westelike hoek. Dit het vol Bantoes gestaan. Ek het gesien dat daar twee saracens kom en hulle het reg voor die hostel parkeer, aan die linkerkant van die pad; en hulle het daar gestaan vir ongeveer 15 minute en hulle het toe beweeg in ons rigting. Hulle het tussen die Bantoes in beweeg, en daar was klippe na hulle ook gegooi.".

140. Die Saracens waarna Labuschagne verwys is klaarblyklik die wat onder bevel van kaptein Van der Linde was en hy het ongeveer 11.15 vm. by Sharpeville aangekom. Labuschagne getuig dan voorts:

"Toe die saracens by ons kom, het ek gesien dat maj. van Zyl die Polisie in twee groepe deel en maj. van Zyl het die saracens gevolg met Seeiso-straat, in die rigting van die Polisiestasie. Hy het aan my gevra dat ek die ande Polisie met n ompad moes neem na die Polisiestasie.

DIE VOORSITTER: Min of meer hoe laat was dit - by benadering? --- Dit was ongeveer 12-uur. Net voor ons uitmekaar is, het daar n vliegtuig oor ons gekom wat kiekies geneem het. Die was tussen 11-uur en 11.30. Maj. van Zyl...

VERHOOR HERVAT: Net een vliegtuig? --- Net een vliegtuig - n klein vliegtuigie.

Hoe kon jy sien dat dit kiekies neem? --- Dit het baie laag oor my gedraai. Dit het skuins gedraai, en hier waar ek in die straat gestaar het, kon ek sien hy neem kiekies van ons, en ook van die omgewing.

Om net dit duidelik te kry: Maj. van Zyl gaan nou en ....? --- Hy volg die twee saracens op, in die rigting van die Polisiestasie, in Seeiso-straat.

Deur die skare? --- Deur die skare, ja.

En u gaan met n systraat af? --- En ek is met die ander Polisie in n systraat af, links om, tot in Zwane-straat. Maar ook net, voor ons uitmekaar is, het een Bantoeman met n P.A.C.-kaartjie aan sy baadjie na vore gekom en vir die skare gesê, "Come, come! Let us march to the Police Station".

DIE VOORSITTER: Die P.A.C.-kenteken, waaruit bestaan dit? --- Dit is - party is groen en party is blou kaartjies, aan hulle baadjies; hulle het dit aan die lapel gehad. Bo-aan staan in swart letters gedruk, "P.A.C. - Africa for the Africans!"

U sê die man het n kenteken aan gehad; is dit die kenteken aan sy baadjie? --- Dit was die teken aan sy

baadjie. Hy het gesê, "Come, Come! Let us march to the Police Station". Net voor die saracens beweeg het, het die Bantoes omgedraai en vir hom gevolg in die rigting van die Polisiestasie en die saracens het tussen hulle in gegaan.

VERHOOR HERVAT: Met ander woorde, meen dit dat hulle teruggedraai het na die Polisiestasie-toe? --- Hulle het omgedraai, ja.".

141. Ek verwys na hierdie getuienis ten einde U Eksellensie n insig te gee oor hoe die insidente waarna die getuie verwys vir die eerste maal ter sprake gekom het. Dan verwys hy daarna dat majoor Van Zyl saam met die Saracens in Seeiso-straat in die rigting van die polisiestasie beweeg het, terwyl hy saam met kaptein Coetzee met n ompad ook daarheen gegaan het. Hoewel hy in sy getuienis sê dat dit toe ongeveer 12-uur was, dui die oorwig van getuienis daarop dat majoor van Zyl en kaptein Coetzee vroeër vertrek het. Later in sy hoof-getuienis verwys Labuschagne weer na die voorval waar n Bantoe die skare aangesê het om na die polisiestasie te marsjeer. Daar sien hy hom as Manuel Teketsi, n lid van die Uitvoerende Komitee van die Pan Africanist Congress. By hierdie geleentheid stel Labuschagne die tyd op 11-uur vm., "terwyl ons vasgekeer was ..... en gewag het vir die Saracens".

142. Labuschagne se getuienis oor hierdie verskeie gebeure is in kruisverhoor aangetas. Hierdie getuienis onder kruis-verhoor is van belang waar ek later trag om al die getuienis saam te vat ten einde U Eksellensie n deurlopende beeld te gee van wat na my beskouing in Seeiso-straat gebeur het. Die getuienis is ook nie vatbaar vir behoorlike opsomming nie, en daarom haal ek dit hier in die geheel aan. Dit begin met n vraag (wat, terloops, nie n korrekte weergawe van die getuie

se hoofgetuienis is nie) soos volg:

"I wonder if you would just look again at this big photograph, Mr. Labuschagne (Exh. "C"). I want you just to think back to the time you mentioned when the two saracens first came along. I think you said that at that stage Seeiso Street was full, from the school to the hall?"(Die bewysstuk waarna verwys word is Aanhangsel "G"). Die antwoord en die verdere getuienis lui soos volg:

"Ja; dit is net voordat hulle aangekom het.

Now, I am not quite sure if I've got it right. Is the school here? --- Daar is vier skole. There are two schools on the right-hand side and three on the left-hand side.

And where is the hall? --- Die saal is die groot gebou in die vér hoek.

DIE VOORSITTER: Met ander woorde, waar Zwane-straat en Seeiso-straat min of meer bymekaar kom? --- Dit is korrek.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Now, what do you mean when you say the street was full from the school to the hall? Do you mean there were people at various points all along the street? You don't mean that they were solid? --- Die persoon wat my geroep het, het gesê, 'Meneer, kom kyk hier' en ek het op die vragmotor geklim en hulle was een, swart massa, van die skole tot by die saal.

And when the saracens arrived, was it the same? --- Nee; voordat die saracens ingekom het, het ek gesê, het Manuel Teketsi, een van die P.A.C.-lede met 'n kaartjie aan, vir hulle gesê, 'Come! Come! Let us march to the Police Station' en toe die saracens hier onder beweeg, het hulle omgedraai en opmarsjeer Polisiestasie-toe.

About what time was that, that they started marching up? --- Seker net na 11-uur.

They marched up Seeiso Street? --- Ja.

But you say that was about 11 o'clock? --- Ongeveer.

Was that before this aeroplan was flying over, taking pictures? --- Ja.

So, by the time the little aeroplane came round to take pictures, which you say was between 11 and 11.30, had the crowd gone up to the Police Station? - Hulle was op pad.

They were on their way? -- Ja.

Up Seeiso Street? --- Yes.

I wonder whether you would have a look at this photograph Exh. "B". That is the photograph taken from the air. Evidence is apparently going to be led by my learned friend, Mr. Claassen, to show that this photograph was taken some time between 11 and 11.30. That is what the indication was. Now, you see Seeiso Street on this photograph? --- Ja.

You see quite a lot of it, don't you? --- Ja.

There is no crowd there, is there? --- Daar is nie. Dit mag wees dat hierdie nog voor dit geneem is.

Or it may be, of course, that this is really the crowd? --- Om die Polisiestasie - onmoontlik!

I think this morning you said that this aeroplane flew over between 11 and 11.30? --- Nee; ek het gesê voor 11-uur; voordat die saracens opgedaag het.

No, you did not; 11 to 11.30. I think we will check it on the record, Mr. Labuschagne. There is no need for us to argue about it. But I have noted that you saw this small 'plane between 11 and 11.30? ---Ek wil nie graag argumenteer nie.

Not before 11; between 11 and 11.30. And the way you fixed the time was, that it was the time when the street was full. You said shortly afterwards the saracens came along. So your evidence will speak for itself, Mr. Labuschagne? --- Dit mag so wees.

But you did not say you saw the plane before 11 o'clock? --- Terwyl ons tussen die mense was, het die klein vliegtuigie sé (beduie) oor ons gedraai, en só gery. Ek het nie op my horlosie gekyk nie. Ek het gesê 'ongeveer 11-uur'.

DIE VOORSITTER: Waar was u gewees toe die vliegtuig daar gevlieg het, soos u gesê het, en die foto geneem het? --- Ek het op een van die Munsipale voertuie se trap gesit, by die skole, saam met maj. van Zyl, tussen die Bantoes.

Nog in Seeiso-straat? --- Ja; verderaan in Seeiso-straat.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: You see, what you made clear in you evidence was that, leaving aside the exact hour, this plane flew over just before the saracens arrived? --- Ja. Soos ek sê, miskien is ek verkeerd as ek 11-uur sê, maar ek het geskat ongeveer 11-uur.

The point is, it was just before the saracens arrived and we know that when the saracens ...? --- Die saracens was nog nie daar toe die vliegtuig oorgevlieg het nie.

You said the 'plane was there just before the saracens arrived? --- Op daardie plek.

And at that stage, as you told us this morning, Seeiso Street was full of people? --- Ja.

Well, of course, if this photograph was taken by the aeroplane which flew over, then there is something wrong. But as yet we haven't proved what aeroplane took this photograph? --- Ja; die weet ek nie.

I want to ask you something about this man who said 'Come, come! Let us march to the Police Station'. You say he spoke in English? --- Ja.

Who was he speaking to? --- Hy het eers met maj. van Zyl gepraat en hy het omgedraai, en met die skare gepraat.

And he chose to speak to them in English? --- Ja.

Are you giving us the exact words? --- Heeltemal die juiste woorde.

He used the word 'march'? --- Ja.

'Come! Come! Let us march to the Police Station'? --- Ja.

That must have struck you as a rather odd form of words? --- Ek ken die persoon goed. As n mens hom ken, sou jy nie gedink het dat dit snaaks is nie.

Very well.

DIE VOORSITTER: Hoe lank ken u hom reeds? --- Seker ses maande.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Maj. van Zyl must have heard that? --- Dit kan ek nie sê nie.

Well, he was right there? ---Hy het eers met die majoor gepraat. Die majoor het sy rug op hom gedraai en na my-toe gekom, en Teketsi het omgedraai en gesê, 'Come! Come! Let us march to the Police Station'.

Did this man say it in a very loud voice? --- Dan moes hy dit gehoor het.

No, but did he say it in a very loud voice? --- Hy het. Hy het dit so gesê dat die skare dit gehoor het. Hulle het hom gevolg.

Which side of the crowd was he? --- Hy was heel voor, as jy afkom in Seeiso-straat was hy heel voor, tussen die skare en die Polisie.

And you say the crowd followed him? --- Ja.

Which way did he go? ---Terug, in die rigting van die Polisiestasie.

You mean, he went through the crowd? --- Hy het saam met hulle gegaan.

Why do you say the crowd followed him? --- Party was agter; hy het tussen hulle deur geloop. Party was agter hom, en het saam met hom gegaan.

That is not the same as saying the crowd followed him. You mean he went into the crowd? --- Ek het nie gesê hulle het hom gevolg nie; hy het saam met hulle gegaan, of hulle het saam met hom gegaan.

You don't say that they followed him? --- Ek weet nie.

Did you say that they followed him? --- Ek kan nie onthou nie.

DIE VOORSITTER: Op daardie tydstip, toe die skare deur hierdie persoon genooi is om na die Polisiestasie te marsjeer - wat was die posisie toe met die skare gewees in Seeiso-straat? Het hulle nog op gestaan hier in die rigting van die ontspanningsaal? --- Ja; daar was baie van hulle; daar was baie in die straat gewees.

En waar u sê die skare het hom toe gevolg, of saam met hom geloop, het hulle van onder af begin en omgedraai en geloop, of het die skare as geheel omgedraai en ...? --- Dit het vir my gelyk of hy van bo, deur hulle gekom het tot onder uit. Of hy dit aan hulle gesê het binne, weet ek nie; maar toe hy uitkom, het hy dit gesê, en die hele skare het begin beweeg in die rigting van die Polisiestasie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: The whole crowd? --- Ja; bo het hulle al geloop. Hierdie om die Polisie het dadelik omgedraai toe hy so sê, en hulle het saamgeloop.

And you say the whole crowd right along Seeiso Street turned round and started going towards the ...? --- Ek het nie gesê dié hele skare nie. Ek was miskien twee/drie minute bo-op die vragmotor se dak. Vanwaar jy op die grond staan, kon jy nie sien nie.

When you were on the ground, ~~in fact,~~ you could not see how far back the crowd went? --- Jy kon net hulle koppe sien. Jy kon nie sê hoe ver hulle terug staan nie.

In fact, if you are standing on the ground, at the same level as the crowd, it is very difficult to say how far back they go? --- Jy kan nie sê nie.

It is very difficult to estimate the size of the crowd if you are on the same level? --- Heeltemal reg.".

143. 'n Aantal Bantoes het ook in verband met die gebeure in Seeiso-straat getuienis gegee. Sommige verwys daarna dat hulle vroeg die môre (vermoedelik tussen 5 en 6 uur vm.) na Seeiso-straat gegaan het. Die meerderheid het na bushaltes gegaan om busse na hulle werk te haal. Aangesien geen busse beskikbaar was nie, is dit waarskynlik dat die getalle gaandeweg vermeerder het. Uit die getuienis blyk ook dat dit 'n geleentheid vir die organiseerders van die Pan Africanist Congress se veldtog geskep het om betogers op groot skaal te werf. Dit is ook duidelik dat daar, soos die geval gedurende die vorige nag was, van geweldpleging en dreigemente gebruik gemaak was om van die Bantoes te beïnvloed.

144. 'n Getuie (Adam Sakwane) het omstreeks 7.45 vm. na 'n bushalte in Seeiso-straat gegaan om sy bus te haal. Hy getuig dat hy 'n groot skare in Seeiso-straat gesien het. Volgens sy beskrywing sou hulle die straat vol gestaan het vanaf die hostel en verder weswaarts in Seeiso-straat. (Indien sy getuienis oor die tyd by benadering korrek is sou dit die posisie gewees het kort voordat majoor Van Zyl die knuppelstormloop gelas het). Hy het nie in Seeiso-straat vertoef nie, maar is terug huistoe. Omstreeks 11 vm. het hy na die polisiestasie gegaan en daar gebly totdat die skietvoorval plaasgevind het (hy het ook 'n skietwond opgedoen).

Lechael Musibi, 'n onderwyser, het ook getuig dat hy omstreeks 7.45 vm. in Seeiso-straat was toe hy na die skool gegaan het. Hy het toe 'n skare in die rigting van die ingang na Sharpeville gesien en ook waargeneem dat andere daarheen stap. Hy sê dan ook dat hy tussen 10-uur en 11-uur vm. op pad huistoe was, en toe gesien het dat die groot skare terugval, d.w.s. in die rigting van die polisiestasie. Sy indruk was dat hulle deur die polisie teruggedryf was. Dit is waarskynlik dat hy verwys na die geleentheid toe die skare op versoek van Manuel Teketsi omgedraai het om na die polisiestasie te gaan.

145. Moses Smit, 'n lid van die Pan Africanist Congress wat met die reëling van die veldtog behulpsaam was, getuig dat hy Tsolo, die môre omstreeks 9-uur in Seeiso-straat saam met 'n groep betogers aangetref het. Hy sê dat hy nie die vorige nag in Sharpeville was nie en eers omstreeks 6-uur vm. daar aangekom het. Hy het toe verneem dat 'n skare byeengekom het in 'n gedeelte van Sharpeville wat ten weste van die polisiestasie geleë is (in die getuienis word na hierdie deel verwys as "Zenzele", "site and service" en erf en diens skema). Hy het daarheen gegaan. Hy en ene Qwade het die skare meegedeel dat hulle na Putso-stene (wat aan die teenoorgeselde kant van die polisiestasie geleë is) moes gaan om by die skare wat daar saam met die leier vergader het, aan te sluit. Uit Moses Smit se getuienis blyk dit waarskynlik dat hy na Tsolo as die leier verwys. Die skare het hom en Qwade gevolg en hulle het in Seeiso-straat in die rigting van Putso-stene geloop. Die getuie sê dat die twee groepe in Seeiso-straat ontmoet het aangesien die groep onder Tsolo toe reeds vanaf die rigting van Putso-stene aangestap gekom het. Die plek waar hulle ontmoet het is in Seeiso-straat betreklik naby die gebied waar die polisiestasie geleë is. Smit sê dat dit toe ongeveer

95/...

9-uur vm. was. Tsolo het die skare toegespreek en, onder meer, verduidelik dat die betoging slegs as n blyke van beswaar teen die dra van bewysboeke en nie vir doeleindes van geweldpleging gereël is nie. Tsolo het ook verduidelik dat hy hom eerste vir arrestasie sou aanmeld. Omstreeks 10-uur vm. het hierdie skare as n geheel na die polisiestasie gegaan. Daar moet onthou word dat hierdie getuie, soos die meerderheid van getuies die tyd by benadering geskat het.

146. Die gedeelte van Seeiso-straat waar die twee groepe vergader het is duidelik sigbaar op die lugfoto (Aanhangsel "I"). Indien die westelike grenslyn van die polisiestasie in die rigting van Seeiso-straat verleng word sou die punt waar dit die straat sny die omgewing aandui waar die groepe mekaar ontmoet het. Die lugfoto bewys natuurlik dat toe die vliegtuig waaruit dit geneem was omstreeks 11-uur vm. oor Sharpeville gevlieg het hierdie deel van die skare in Seeiso-straat reeds by die polisiestasie was. Hierdie getuienis staaf na my beskouing Labuschagne se getuienis dat hy waargeneem het dat n groep in Seeiso-straat in die rigting van wes na oos beweeg het en by die skare wat toe reeds daar was aangesluit het. Dit is na my beskouing ook waarskynlik dat hy na hierdie skare verwys waar hy getuienis gee oor die skare in Seeiso-straat wat vanaf die skoolterrein tot by die ontspanningssaal ten weste van die polisiestasie "bankvas" gestaan het. Hy het hierdie skare gesien toe hy vir enkele minute op die bak van n voertuig gestaan het. Hy het erken dat toe hy op die grond gestaan het hy nie die omvang van die skare kon waarneem nie. Dit volg na my beskouing dat hy heelwaarskynlik nie die opmars van die groepe van Smit en Tsolo na die polisiestasie gesien het nie. Na my beskouing is dit ook waarskynlik dat hierdie groep onder Tsolo vanaf die omgewing

van Putso-stene na die polisiestasie begin beweeg het nadat die skare omstreeks 7.45 vm. deur die polisie onder bevel van majoor Van Zyl uiteengejaag is. Nog n lid van die Pan Africanist Congress, Masheledi (na wie ek ook reeds in hierdie verslag verwys het) getuig oor die feit dat n "Pan Africanist" groep - soos hy dit stel - die môre in Seeiso-straat doenig was. Die groep het hulle leiers - onder meer, ene Ramodebe - aan die spits gehad. Dit is moontlik n ander groep as die wat by Tsolo was, aangesien Masheledi vertel dat hy die groep verlaat het en na die polisiestasie gegaan het waar hy Tsolo aangetref het.

147. Afgesien van die getuienis van Labuschagne en polisie getuies, is daar ook ander getuienis wat daarop dui dat n skare in Seeiso-straat aanwesig was totdat hulle deur n leier (of leiers) van die veldtog aangesê was om na die polisie-stasie te gaan. Ek het reeds na die getuienis van die onderwyser Lechael Musibi, oor wat hy tussen 10-uur en 11-uur vm. in Seeiso-straat waargeneem het, verwys. Moses Smit vertel ook dat terwyl hy by die polisiestasie was het Ramodebe na hom gekom en hom meegedeel dat daar n groep in Seeiso-straat is wat die polisie keer sodat hulle nie na die polisiestasie kon deurkom nie. Volgens Smit sou Ramodebe gesê het dat daar baie Bantoes was, dat hulle luiddrugtig was en dat hulle wou baklei. Smit sê dat hy en Gwadi toe na Putso-stene gegaan het en op pad groepe Bantoes in Seeiso-straat aangetref het. Hulle sou bloot rondgestaan het. Hy het geen tekens van geweldpleging gesien nie. Hy sê egter dat hy en Gwadi uiteindelik n groep jong Bantoes teëgekom het. Oor wat daar plaasgevind het, getuig Smit as volg:

"Then, did you get to Putso Stene --- Yes.

And did you find some Africans there? --- Yes; I did.

97/...

Were they young, or old, or mixed? --- The majority of them were young people.

What was their mood? --- They were annoyed. They were hostile.

To whom were they hostile? --- To the Police.

Were there many of them? --- Yes; there were many of them.

Did Qwadi speak to them? --- Yes; he did.

Did they listen to him? --- They gathered to listen to what he had to say.

And what did he tell them? --- He explained to them that this pass campaign was not a campaign where they are going to fight, and if they intend fighting, they must go back to their homes. In other words, if they do not intend fighting, they must go along with him to the Police Station because they were not going to fight.

At that place, in Putso Stene, on the other side of these people, were there Police? --- Yes; there were.

Did you and Qwadi go up to the Police? --- Yes; we did.

To do what? --- We saw that these European Police were scared to pass these people, so we went and explained to them that there was no need for them to be afraid of these people, to pass them.

Did you speak to any Policemen in particular? --- The European Policeman that I spoke to, I think he was the leader of the Police, because he had one of these short sticks.

And did you tell him what you had told the people? --- Not me personally. I also, but what we had told them - not me individually.

What you and Qwadi had told the people? --- That is correct.

Did you tell him where the people were going to go? --- We did.

Where did you say they were going? --- To the Sharpeville Police Station.

And what did this Police Officer say to that? --- He said that he was not going to walk ahead with his men to these people; it would be better if we, with these people, walked ahead and they would follow on.

And is that what you did? --- That is correct.

You and Qwadi went to the Police Station, and did the crowd follow you? --- Yes.

Was there any trouble, then, with the crowd? --- No.

Did these young men who you and Qwadi had spoken to, go along with you to the Police Station? --- Yes; they did.

Did they make any trouble after that? --- No trouble made by them.

And did you and this crowd of people arrive at the Police Station before the Police? --- When we got there, I don't know whether it is Zwane Street - I saw some Police get there and when looking I saw that it was some of the Police that I had seen prior to that, lower down, when I spoke to them, that they were also there.".

Hoewel Smit se getuienis van Labuschagne s'n verskil oor die omstandighede waaronder die groep, wat tot omstreeks 11-uur vm. nog in Seeiso-straat teenoor die polisie stelling ingeneem het, na die polisiestasie vertrek het, stem hulle tog saam dat so'n voorval wel plaasgevind het. Masheledi verwys ook in sy getuienis daarna dat hulle by die polisiestasie berig ontvang het dat daar moeilikheid tussen die polisie en die Bantoes in Putso-stene was. Elias Lidia verwys ook na hierdie gebeure in Seeiso-straat. Volgens Lidia sou daar omstreeks

99/...

8-uur vm. slegs ongeveer n 50 of wat Bantoes by die polisie-stasie gewees het. n Bietjie later sou daar etlike honderde in Seeiso-straat gewees het. Hy verwys ook na die geleentheid toe Qwade die skare in Seeiso-straat sou aangesê het om na die polisiestasie te gaan. Hierdie skare sou uit omtrent 700 Bantoes bestaan het. Volgens Lidia sou hierdie skare in Seeiso-straat gewag het op n geleentheid om saam met die polisie na die polisiestasie te marsjeer. Volgens Lidia het die skare hulle stigtelik gedra.

148. Ondanks teenstrydighede in die getuienis is dit na my beskouing nogtans moontlik om met n redelike mate van seker-heid vas te stel wat daar gedurende die voormiddag in Seeiso-straat plaasgevind het en watter verband daardie gebeure met die latere gebeure by die polisiestasie het. Die getuies is dit almal eens dat daar n tydperk van betreklike stilte was na die verskeie groepe gedurende die nag deur die polisie uiteengejaag was. Die getuienis dui ook daarop dat lede van die Pan Africanist Congress en hulle ondersteuners nie afgesien het van hulle voornemens om die veldtog in Sharpeville op tou te sit nie. n Sameloop van omstandighede het daartoe bygedra dat n aansienlike skare later gedurende die dag by die polisiestasie vergader het.

149. Die getuienis dui daarop dat inwoners vanaf vroeg die môre (tussen 5-uur en 6-uur vm.) in groot getalle na Seeiso-straat gestroom het en aanvanklik veral in die omgewing van bushaltes vergader het. Dit is waarskynlik dat die oorgrote meerderheid werknemers was wat daarheen gegaan het om busse na hulle werk te haal. Die busse het egter nie opgedaag nie en die skare het dus steeds vermeerder. Die getuienis dui daarop dat die leiers en ondersteuners van die veldtog die geleentheid te baat geneem het om die skare te bearbei en dat

van hulle ook van vreesaanjaging gebruik gemaak het om mense te verhoed om met fietse en motorkarre na hulle werk te gaan.

150. Die polisie het geen poging gedoen om hierdie skare uiteen te jaag nie. Gedurende daardie tydperk was hulle optrede daarop gemik om waar nodig beskerming te verleen aan werknemers wat na hulle werk wou gaan. Dit het eers later geblyk dat daar geen busse beskikbaar sou wees nie. Daar het toe geen regverdiging bestaan vir enige optrede wat as gevolg sou gehad het dat werknemers wat op vervoer gewag het uiteen moes gaan nie.

151. Die getuienis dui ook daarop dat groepe wat deur leiers en ondersteuners van die Pan Africanist Congress op die been gebring is al hoe meer doenig in Seeiso-straat geraak het. Dit kan geredelik aanvaar word dat hierdie gebeure in Seeiso-straat gaandeweg al hoe meer nuuskieriges (wat vrouens en kinders insluit) gelok het. Dit is dus na my mening waarskynlik dat daar teen ongeveer 7-uur vm. reeds 'n aansienlike skare in Seeiso-straat aanwesig was.

152. Die polisie getuienis is dat hulle teen daardie tyd waargeneem het dat die skare in die rigting van die uitgang beweeg en vermoed dat dit op 'n voorneme dui om na Vereeniging te gaan. Die optrede van die polisie bevestig na my beskouing die getuienis dat hulle daardie indruk gekry het. Dit blyk dat al die polisie wat dieper in die woonbuurt in was opgedra was om na die omgewing van die uitgang te gaan en daar stelling in te neem. Daar is geen aanvaarbare getuienis wat daarop dui dat daar teen daardie tyd enige noemenswaardige skare by die polisiestasie was nie of dat daar enige opmars daarheen aan die gang was nie. Die beweging van al die groepe was toe steeds in en in die rigting van Putso-stene, dit is die gedeelte van Sharpeville wat tussen die skoolterrein en die oostelike

uitgang geleë is. Die groep onder Moses Smit en Qwade sou volgens plan juis verby die omgewing van die polisiestasie marsjeer om by die groep in Putso-stene aan te sluit. Die oorwig van getuienis dui daarop dat die werklike toestroming na die polisiestasie vanaf Seeiso-straat waarskynlik begin het na die knuppelstormloop omstreeks 8-uur vm. uitgevoer is. Voorts blyk dit ook dat n betreklike groot skare in Seeiso-straat gebly het totdat hulle ongeveer 11-uur vm. deur lede van die Pan Africanist Congress na die polisiestasie gelei was. Ek het reeds daarna verwys dat n blanke sersant die bevel-voerder is by die Sharpeville polisiestasie. Die oorgrote meerderheid van die polisie wat daar diens doen is egter Bantoes. Dit kan maklik begryp word dat n geslaagde opmars deur die blanke woonbuurt na die polisiestasie in Vereeniging veel meer indruk sou skep as n byeenkoms by die Sharpeville polisiestasie. Labuschagne het getuig dat hy van gesprekke wat Bantoes met mekaar gevoer het afgelei het dat dit die doel was. Die Bantoe getuies ontken een en almal dat dit ooit die plan was. Uit die aard van die saak sou dit natuurlik minder moeite gekos het om die betoging binne Sharpeville self te hou. Daar is egter geen getuienis dat daar enige vooraf beplande opset was om juis na Vereeniging polisiestasie te gaan ten einde binne die blanke woonbuurt tot geweldpleging oor te gaan nie. Op sy laagste gestel is dit beslis moontlik dat dit die aanvanklike plan was om na Vereeniging polisie-stasie te gaan en dat daar eers van hierdie voorneme afgewyk is toe die polisie die skare in Seeiso-straat eers gestuit en later teruggedruk het.

153. Die getuienis bewys ook na my beskouing dat n gedeelte van die skare in Seeiso-straat reeds teen ongeveer 7-uur vm. tekens van vyandiggesindheid en opgewondenheid aan die dag gelê

het. Ondanks versoeke daartoe het hulle geweier om uiteen te gaan of selfs terug te val. Daar bestaan nie die minste twyfel dat klipgooiery voorgekom het nie, en dit was op sowel die polisie as burgerlikes (Blank en Bantoe) gemik. Traangas-bomme is tussen die skare gegooi, maar dit het hulle blykbaar nie veel aangetas nie, en hulle het slegs vir 'n kort distansie teruggeval.

154. Die polisie (nagenoeg 20 Blankes en 40 Bantoes) het omstreeks 7.45 vm. 'n knuppelstormloop uitgevoer en die skare uiteengejaag en uiteindelik tot in die omgewing van die skool-terrein teruggedruk. Die Bantoes wat in systrate ingevlug het, het geleidelik na Seeiso-straat teruggekeer. Die gevolg was dat daar later 'n skare tussen die polisie en die ingang was en 'n groter skare tussen hulle en die polisiestasie was.

155. Terwyl die polisie in die omgewing van die skoolterrein was het 'n groep betogers onder leierskap van Smit en Qwade vanaf die rigting van die gemeenskapssaal ten weste van die polisiestasie aangestap gekom en by 'n ander groep onder die leierskap van Tsolo in Seeiso-straat aangesluit by 'n punt waarna ek reeds verwys het. Hier het Tsolo die skare toege-spreek en het hy hulle ook daarna na die polisiestasie gelei. Hierdie deel van die skare wat in Seeiso-straat vergader het, was reeds by die polisiestasie toe die lugfoto (Aanhangsel "I") geneem was.

156. Kaptein Coetzee het omstreeks 10.20 vm. met versterkings (13 blankes en 6 Bantoes) opgedaag en by die polisie onder die bevel van majoor Van Zyl aangesluit. Volgens sy waarneming sou daar toe 'n skare van tussen 8,000 en 10,000 gewees het. Hy verwys ook daarna dat hy gesien het dat van die skare wapens gedra het, dat hulle die polisie met beledigings uitgetart het en hulle veglustig voorgedoen het. Dat die posisie in

Seeiso-straat toe nog in n ernstige lig beskou is, blyk uit die feit dat hy nie onmiddellik na die polisiestasie gegaan het nie.

157. Omstreeks 11-uur vm. (maar vermoedelik na die lugfoto geneem was) het leiers van die betogers die oorblywende gedeelte van die skare in Seeiso-straat aangesê om na die polisiestasie te gaan. Daarna was die beweging van die skare in die rigting van die polisiestasie.

158. Kaptein Van der Linde het omstreeks 11.15 vm. met twee Saracens opgedaag en kort daarna majoor Van Zyl na die polisiestasie geneem. Terwyl hulle op pad was het vliegtuie van die lugmag hulle eerste vlug oor die woonbuurt gedoen. (Die vliegtuie het blykbaar meer as een vlug oor n tydperk onderneem). Dit blyk dat daar toe nie meer n stilstaande skare in Seeiso-straat was nie, en dat die meerderheid van hulle op pad na die polisiestasie was. Toe majoor Van Zyl na die polisiestasie vertrek het, het kaptein Coetzee ook met n ompad daarheen vertrek en in Zwane-straat aan die oostekant van die polisiestasie stelling ingeneem. Labuschagne het hom vergesel ten einde hom die pad te wys. Die posisie in Seeiso-straat het dus teen omstreeks 11.30 vm. sodanig verander dat dit nie meer nodig geag was om die polisie daar te hou nie en is alle beskikbare manne na die polisiestasie gestuur. Na hierdie tyd het niks van noemenswaardige belang in Seeiso-straat gebeur nie.

159. Toe die Kommissie met sy werksaamhede begin het, het advokaat Kentridge aangedui dat sy opdrag hom verplig om sy deelname aan die verrigtinge te beperk tot die gebeure by die polisiestasie, en dat hy dus behalwe by wyse van uitsondering geen kruisvrae sou stel of getuienis sou voordra in verband met gebeure wat elders plaasgevind het nie. Soos later uit

hierdie verslag blyk, is dit my beskouing dat die gebeure by die polisiestasie nie los staan van dié wat elders in Sharpeville plaasgevind het nie en dat dit trouens onmoontlik is om betroubare bevindings oor die gebeure by die polisiestasie te doen tensy daar ook kennis geneem word van wat elders plaasgevind het. Hoe dit ookal sy, advokaat Kentridge het in sy betoog kortlike na die gebeure wat elders plaasgevind het verwys en dit gestel dat daar genoeg aanduidings in die getuienis is dat die relaas van die polisie nie in sy geheel erken word nie en dat bevindings na aanleiding van n onkritiese aanvaarding van die polisie getuienis nie geregverdig sou wees nie. Ek gaan akkoord met hierdie stelling. U Eksellensie sal egter reeds opgelet het dat my verslag oor die gebeure gedurende die nag en in Saeiso-straat gegrond is op n samevatting van al die getuienis soos voorgedra deur die polisie (Blankes sowel as Bantoes), munisipale amptenare en burgerlikes (Blankes sowel as Bantoes). Wat die Bantoe burgerlikes betref het ek ook die getuienis van leiers en gewone lede van die Pan Africanist Congress vir oorweging gehad.

- -

DIE GEBEURE BY DIE POLISIESTASIE.

INLEIDING.

160. Ek het reeds voorheen in hierdie verslag na die ligging van die polisiestasie verwys en enkele ander besonderhede in verband daarmee aangestip. Ek heg hierby aan 'n sketsplan (na skaal geteken) van die polisiestasie en die aangrensende terrein (Aanhangsel "J").

161. Die getuienis dui daarop dat die telefoonverbinding tussen Sharpeville polisiestasie en Vereeniging gedurende Sondagaand, 20 Maart, verbreek was en blykbaar eers gedurende Maandagmiddag herstel is. Afgesien van die feit dat verskeie Bantoes gedurende die nag na die polisiestasie gekom het om klagtes in verband met optrede van betogers in te dien het daar niks van belang daar plaasgevind nie. Dit blyk nie dat daar gedurende die nag enigiets gebeur het wat spesiale reëlings by die polisiestasie genoodsaak het nie.

162. Sersant Moses Nkosi, aanklagtekantoor-sersant, het om 4.45 vm. op Maandag aan diens gegaan en was in bevel van die polisie (wat almal Bantoes was) totdat Hoofkanstabel Heyl omstreeks 9.30 vm. daar aangekom het. Volgens hom het niks van belang plaasgevind totdat Tsolo met sy groep daar aangekom het nie. Nkosi sê dat hy nie seker is oor hoe laat Tsolo daar aangekom het nie, maar het geskat dat dit ongeveer 8-uur vm. was. Na my beskouing dui die oorwig van getuienis egter daarop dat Tsolo eers ongeveer 9-uur vm. (en moontlik nog later) by die polisiestasie aangekom het. Dit is ook waarskynlik dat die begin van enige noemenswaardige toestroming na die polisiestasie met Tsolo se aankoms saamgeval het en dat dit 'n verband het met die polisie-optrede in Seeiso-straat vanaf ongeveer

7.45 vm. (toe majoor Van Zyl 'n knuppelstormloop gelas het). Wat na my beskouing egter ook waarskynlik is, is dat Tsolo en die groep betogers wat eerste hulle opwagting by die polisiestasie gemaak het reeds in Zwane-straat voor die ingang na die aanklagtekantoor stelling ingeneem het toe Heyl en 'n aantal polisie daar aangekom het. Sersant Grobler, die stasiebevelvoerder, was by hierdie groep ingesluit. Heyl getuig dat hy omstreeks 9.30 vm. daar aangekom het, en dat daar toe 'n skare van ongeveer 3,000 in Zwane-straat voor die ingang na die polisiestasie was. Hoewel hy by die dubbel-hek aan die westekant die perseel binnegegaan het verwys hy gladnie na enige skare aan daardie kant nie. Na my beskouing is dit waarskynlik dat die oorgrote meerderheid van hierdie skare vroeër saam met Tsolo in Seeiso-straat was en ten minste bewus was van wat daar gebeur het, indien hulle dan nie self by die polisie-optrede teen die betogers betrokke was nie. Dat Nkosi se getuienis ten opsigte van tyd nie te betroubaar is nie blyk uit sy skatting dat die eerste blanke polisie (dit is die groep onder Heyl) eers omstreeks 11.15 vm. by die polisiestasie aangekom het.

163. Nkosi vertel dan dat Tsolo na hom gekom het en versoek het dat hy (Nkosi) Tsolo en al die aanwesiges moes arresteer omdat hulle nie hulle bewysboeke by hulle gehad het nie. Ek het reeds hierbo in paragraaf 121 Nkosi se getuienis oor sy gesprek met Tsolo aangehaal, en daaruit blyk dat hy die vir hom netelige probleem heeltemal knaphandig opgelos het. Uit ander getuienis blyk dit dat Tsolo toe aan die skare gesê het dat hulle by die polisiestasie moes wag. Dit blyk ook uit Nkosi se getuienis dat die skare op daardie stadium nie besonder luiddrugtig was of enige aggressiewe houding teenoor die Bantoe polisie geopenbaar het nie.

164. U Eksellensie sal dit in gedagte hou dat die getuienis daarop dui dat die polisie onder majoor Van Zyl toe nog steeds in Seeiso-straat met 'n skare van etlike duisende betogers te doen gehad het en op versterkings gewag het.

165. Heyl en Grobler verskil oor sowel die aantal betogers asook hulle gesindheid by hulle aankoms by die polisiestasie. Grobler meen dat daar toe reeds 'n skare van 5,000 was, dat hulle besonder oproerig was en dat die meeste van hulle met kieries en selfs ysters gewapen was. Heyl se skatting is dat daar om 9.30 vm. 'n skare van ongeveer 3,000 betogers was. Indien ek sy getuienis reg snap was hulle aanvanklik nie so luiddrugtig soos later die geval was nie. Wat die skare aan die suidekant (dit is in Zwane-straat) betref, sê hy dat hy geen wapens opgelet het nie. My indruk is dat Heyl se getuienis in hierdie verband meer betroubaar is, aangesien Grobler deurgaans 'n neiging tot oordrywing toon.

166. Heyl het met Tsolo gepraat en hom, onder meer, meegedeel dat hulle hulle vertoë tot die Regering moes rig aangesien die polisie nie by magte was om enigiets in verband met hulle eise te doen nie. Daar het egter niks uit hierdie gesprek voortgevloei nie, en Heyl het Tsolo ook nie direk versoek om stappe te doen om die skare uiteen te laat gaan nie. Ek is egter oortuig dat so'n versoek op daardie stadium geen effek sou gehad het nie. Heyl sou uit die aard van die saak ook nie in staat gewees het om handelend op te tree indien daar nie aan die versoek gevolg gegee sou geword het nie, aangesien daar toe slegs ongeveer 5 blanke en 10 Bantoe polisie beskikbaar was.

167. Die posisie het gaandeweg versleg. Volgens Heyl het die skare aangegroei, teen die draadheining begin saamdrom en al hoe meer luiddrugtig geraak. Hy sê dat daar later nagenoeg

108/...

4,000 tot 5,000 betogers was. Sy oordeel was dat die toestand gevaarlik begin word het. Dat dit nie bloot n oordeel by nabetragting is nie blyk uit sy optrede op daardie dag. Hy sê dat hy die saak met Grobler bespreek het en toe besluit het om n boodskap na majoor Van Zyl te stuur. Dat die Bantoe polisie hulle toe ook nie veilig gevoel het nie blyk uit hulle aanvanklike traagheid om as boodskappers te dien. Na bespreking het twee hulle as vrywilligers aangebied en die polisiestasie verlaat om die boodskap aan majoor Van Zyl oor te dra. Daar is geen getuienis dat hulle enigsins gemolesteer was nie. Volgens Heyl se skatting sou daar toe reeds van 5,000 na 6,000 betogers wat uit mans, vrouens en kinders bestaan het, vergader het. Heyl sê in sy getuienis dat hy selfs op hierdie tydstip nog geen wapens opgelet het nie. Afgesien van die feit dat Isolo More en moontlik ook ander leiers van tyd tot tyd binne die omheinde polisie terrein was, is daar geen getuienis dat die betogers andersins enige poging gedoen het om te oortree nie.

168. Tot op hierdie stadium kan die getuienis van die kant van die betogers oor die omstandighede waaronder die eerstes van hulle by die polisiestasie vergader het redelikerwys met die van die polisie getuies versoen word, soos ek reeds hierbo aangedui het. Die belangrikste verskil het betrekking op die gesindheid van die skare en ook hulle getalsterkte. Ek meen egter dat dit gerieflikker is om later oor hierdie aspekte van die gebeure volledig verslag te doen.

169. Volgens Heyl het luitenant Visser omstreeks 10.30 vm. met versterkings opgedaag. Daar sou toe van 7,000 tot 8,000 betogers gewees het wat nou aan die weste- sowel as die suidekant gestaan het. Daar was toe ongeveer 25 na 30 blanke polisie by die polisiestasie. Hoewel luitenant Visser n lid

109/...

van die speurafdeling is en nie normaalweg oor polisie van die uniformafdeling bevel voer nie was hy vanweë sy rang in bevel van die polisie by die polisiestasie totdat kaptein Theron omstreeks 11.45 vm. aangekom het. Volgens Visser sou hy ongeveer 11 vm. aangekom het. Ek meen dat hy heelwaarskynlik vroeër aangekom het. Dat sy skatting van tyd nie te betroubaar is nie blyk uit sy getuienis dat toe hy omstreeks 10-uur by die polisiestasie verby gery het hy n massa betogers in Seeiso-straat opgelet het terwyl daar toe slegs enkele groepe van 30 na 50 betogers by die polisiestasie was. Dit is duidelik dat hy voor 10-uur by die polisiestasie verby gery het, aangesien Heyl toe by die polisiestasie was en laasgenoemde se getuienis dui daarop dat daar toe reeds etlike duisende betogers aanwesig was.

170. In sy getuienis sê Visser dat hy die oggend eers by Vanderbijlpark was, maar dat hy later na Sharpeville gegaan het. Na hy by die polisiestasie verby gery het, het hy by die polisie in Seeiso-straat aangesluit. Hy het op n sekere tydstip opgelet dat n gedeelte van die betogers in Seeiso-straat weg van die polisie en in die rigting van die polisiestasie beweeg en toe bekommerd geraak. Majoor Van Zyl was toe nie daar gewees nie en Visser het die aangeleentheid met kaptein Coetzee bespreek. Oor sy optrede getuig hy as volg:

"Ek het toe aan kaptein Coetzee dit so gestel, dat ek onrustig is oor die veiligheid van die manne bo by die Polisiestasie, maar eerstens het hy skynbaar nie daarop reageer nie. Hy het geglo dat my onrus ongegrond is. Maar na n rukkie het ek weer na hom gegaan en gesê - ek het self voorgestel en gesê ek sal gaan en gaan kyk hoe dinge bo lyk. Terselfdertyd het twee Bantoekonstabels op fietse van daardie rigting af gekom, na ons-toe, en ons

het hulle nader geroep en toe sê die een vir ons dat hoofkonstabel Heyl by die Polisiestasie bo laat weet het daar is n groot samedromming, en hy was ietwat onrustig gewees. Toe het kaptein Coetzee gesê nou goed, dan kan ek gaan kyk wat aangaan. Ek het toe saam met een of twee blanke speurders in n voertuig, en vergesel van hoofkonstabel Malan van Johannesburg - hy het n vragmotor gehad wat toe is, waarin n aantal blanke konstabels was. Ons het toe heeltemal Oos gery, en agterom gekom, na die Polisiestasie-toe. Ek het eers by die Suidelike ingang van die hek, by die Suidelike ingang van die Polisiestasie, daar voor die hek, stilgehou. Daar was toe n baie groot skare gewees. Ek sou skat daar was ongeveer 8,000.

Aan watter kant? --- Dit is die Suid- en Westekant, die omheining, daar.

En Noord? --- Aan die Noordekant was hulle skraler gewees, daardie tyd; dit was nie veel nie. Die samedromming was, soos ek sê, aan die Suidwestelike hoek, waar dit so'n soort van n vierkantige hoek maak. Daar was die groot samedromming, en dan het dit nou yler uitgesprei na die kant-toe.

Jy sê die Suid-Weste hoek? --- Ja. Daar waar die draad af is - daardie plek, min of meer; en dan het dit yler uitgesprei na die kante-toe, dit wil sê na die Oostelike kant-toe en na die Noordelike kant-toe.

Watter tyd was dit dat jy daar aangekom het? --- Min or meer 11-uur se kant.".

171. Ek het reeds hierbo daarna verwys dat Visser reeds by die polisiestasie was toe die lugfoto (Aanhangsel "I") geneem was. In sy getuienis sê hy dan ook dat die posisie soos deur hom waargeneem ooreenstem met die wat uit die lugfoto blyk. Hy sê ook dat die skare steeds aangegroei het en dat hulle gedrag sodanig was dat hy later bevrees was dat enigiets kon

111/...

gebeur. Hy beskryf die posisie as volg:

"Het hulle enige tekens gegee, op daardie stadium, dat hulle miskien die Polisie sou aanval as hulle by hulle kom? --- Ek het dit só beskou: Daar was twee, by tye drie van hulle leiers wat aan die binnekant van die draad gestap het. Die mense het groot invloed by die skare gehad, want die een, in besonder, Tsolo, as hy net sy hande opgetel het, het n teken gegee en dan het die hele skare weergalm. As hy weer vir hulle gewys het "Bly stil", dan bly hulle stil; en hy het al binnekant die draad langs gestap, met die ander twee, by tye, ook. Nou, dit was duidelik dat die mense hulleself opgewerk het na n punt; of hulle self bewus was van die punt waartoe hulle opwerk, weet ek nie; maar dit was duidelik dat hulle hoe later hoe meer rumoerig en uitspattig word.".

172. Visser het by meer as een geleentheid met Tsolo gepraat. Uit hierdie gesprekke ontstaan n belangrike geskilpunt waaroor heelwat getuienis gegee is. Die vraag is, naamlik, of Visser (of enige ander lid van die polisiemag) aan Tsolo sou te kenne gegee het dat die betogers tot om 2-uur nm. moes wag, en dat hulle dan deur n senior amptenaar toegespreek sou word. Dit was die strekking van Tsolo se getuienis en hy het Visser aangewys as die persoon wat hom dit vertel het. Tsolo sê ook dat hy hierdie gesprek met Visser gevoer het voordat die vliegtuie oor Sharpeville gelvieg het. Visser het Tsolo se getuienis in hierdie verband as leuens bestempel. Visser se getuienis oor sy samesprekings met Tsolo lui soos volg:

"Ek het hom na my-toe geroep en vir hom gevra, 'Wat gaan hier aan? Wat is julle doel; wat wil julle he?' Toe sê hy vir my, 'Ek is die plaaslike sekretaris van die P.A.C.. Ek en al die mense wat hier staan, het nie bewysboekies nie

en ons kom Polisiestasie-toe. Ons wil toegesluit wees'. Toe sê ek vir hom, 'Maar waar kan ons so'n klomp mense soos julle toesluit; ons het mos nie plek om julle toe te sluit nie'. Toe sê hy, 'Wel, ons sal weggaan, maar ons sal terugkom, en ons sal julle lastig val totdat julle ons toesluit. Ons sal die Polisie lastig val totdat julle ons toesluit'. Ons het 'n geselskap aangeknoop en ek het nou met hom gesels en hom gepols en gehoor wat hy wil hê, en hy het toe onder andere vir my gesê - ek vra hom toe; ek sê, 'Maar julle wil nou nie bewysboeke dra nie. Gestel nou daar word 'n toegewing in dié rigting gemaak, wat wil jy dan hê?' Toe het hy vir my só gesê: Hy sê, 'Ons wil nie bewysboeke dra nie; ons sal dit nie dra nie. Ons wil £35 per maand ten minste hê, elke man. Ons wil hê dat die mense van Ghana, die mense van Basutoland, en die mense van ander Afrikaner-state vryelik na die Unie kan kom, en dat die Suid-Afrikaanse Bantoes vry sal wees om ander lande na willekeur te besoek". Kort daarna was die drukking teen die draad so groot gewees - ek het hom geroep en vir hom gesê, 'Kyk, jy moet vir jou mense sê hulle moet terugstaan; hulle moet nie so teen die draad lê nie, want as die draad breek en hulle kom in dat hulle binnekant die Polisiegronde kom, sal daar moeilikheid wees en ons wil nie moeilikheid hê nie'. Toe sê hy vir die mense hulle moet terugval, maar hulle het net teruggestaan as hy by hulle is. As hy sy rug draai, is hulle maar weer teen die draad.".

Visser se ontkenning dat hy so-iets aan Isolo gesê het word gestaaf deur speurder-konstabel Pietersen, sersant Moses Nkosi en speurder-konstabel Edwin Litelu. Die moontlikheid dat hulle dit nie gehoor het nie kan natuurlik nie uitgesluit word nie. Litelu het ook daarna verwys dat Visser en Isolo ook hoe godsdienstige sake bespreek het.

... 113/...

173. Hoewel daar heelwat teenstrydighede en verwarring is, bewys die getuienis bo enige redelike twyfel dat n aansienlike gedeelte van die skare onder die indruk verkeer het dat hulle om 2-uur nm. deur n hooggeplaaste amptenaar toegespreek sou word. Dit is ook waarskynlik dat hierdie indruk gevolg het op wat Tsolo aan die skare meegedeel het. Sommige getuies het dit by die polisiestasie van Tsolo self gehoor, andere het dit te hore gekom omdat dit daar deur betogers bespreek was terwyl nog meer dit gehoor het voor hulle by die polisiestasie gekom het. Daar is getuienis dat die inligting reeds in omloop was voor Visser by die polisiestasie was. Indien so, dan kon Visser nie vir die ontstaan van die gerug verantwoordelik gewees het nie. Die Bantoe getuies was egter ook maar bra onbetroubaar wat skatting van tyd betref, en dit is dus moontlik dat hulle nie die gerug so vroeg as wat hulle voorgee te hore gekom het nie. Moses Smit, n lid van die Pan Africanist Congress - ek het reeds vantevore na sy getuienis verwys - koppel die ontstaan van die gerug aan n heel ander geleentheid. Hy sê dat nadat Tsolo die skare in Seeiso-straat toegespreek het, het hulle na die polisiestasie gegaan. Dit is sy getuienis oor wat daar gebeur het:

"At the Police Station, did you speak to any Policemen --- No. Tsolo spoke to the Policemen.

Did you listen, though? --- He spoke to the Police and after he spoke to the Police he came and told met what he had been speaking to that Police about.

Can you remember what he told you about what was said between him and the Police? --- Yes; I remember. He told me that he had come along with the complaint of the people who had come there with him, and he was coming to submit, also the crowd that were with him, there, to be arrested for not having their passes or reference books. That is

. 114/...

what he told me he had told the Police.

And did he tell you what answer he got from the Police? --- The answer he got was - the Policemen he spoke to, were African Police, not Europeans. That was the answer given to him by them, that they had to wait until 2 o'clock when a European would turn up and a European would address them.

Did you know what European it would be? --- It was said, the Native Commissioner.".

Later in sy getuienis verwys hy weer daarna dat Tsolo so'n mededeling aan hom gedoen het nadat hy met blankes gepraat het.

174. Nog 'n lid van die Pan Africanist Congress, Masheledi, verwys in sy getuienis na die gerug. Hy sou gesien het dat Tsolo met 'n blanke praat. (Volgens sy beskrywing moes dit Visser gewees het). Hy getuig dan as volg:

"You say you saw Tsolo speaking to this man? --- Yes; with my two eyes.

And after Tsolo had spoken to him, did Tsolo come and speak to the crowd at all? --- After he had spoken to this European, he came and told us what he had been speaking to this European about.

And did he tell you anything else? --- He said that that Policeman had said that we had to go down there to the football grounds.

Did he say anything about anyone coming to talk to you? --- Yes. He said that at 2 o'clock one of the high officials of the Police would come there and speak to the gathering there about passes.

Did he ask you to do anything with this information? Did he ask you to carry it over, at all? --- Yes, he asked

me that.

What did he ask you to do? --- He said that I had to tell the people that we have to wait until 2 o'clock when this official would come there to address the crowd.

Some time after that, did the aeroplanes come over? --- Yes.".

In kruisverhoor verwys hy na n gesprek met sersant Nkosi waar laasgenoemde gesê het dat hy n boodskapper gestuur het om n blanke met n hoër rang te roep om met die kwessie van arrestasie te handel. Dan sê hy voorts dat Tsolo gesê het dat die polisie versoek het dat die skare na die voetbal-gronde moes gaan. Na die lede van die Pan Africanist Congress geweier het om dit te doen het die skare ook geweier. Die polisie sou toe gesê het dat die skare tot om 2 nm. moes wag. Die busdrywer, Joshua Motha (na wie ek ook hierbo verwys het) verwys ook na hierdie versoek dat die skare na die voetbal-gronde moes gaan. Sy getuienis lui as volg:

"Do you know a man called Tsolo? --- Yes.

Did you see him there? --- I did.

Did you hear him speak? --- At the time the aeroplanes were going over the Police Station, backwards and forwards, and I saw him, Tsolo, at that time, speaking to a European at the entrance to the Police Station. From there, he came to us. He then said to us that it had been said that we will get the reply at 2 o'clock. He then returned. When he came back from there, he then said 'It is said that we have to go to the football grounds'. He came out at the gate, and he said 'Follow me; we are going to the football grounds'. The people then said 'How! But it may be that they want these aeroplanes to collide with us. We are afraid to go to the football grounds'. If anything was

to be said, we would listen to what was to be said from here, where we stand, where we are.

Did Tsolo say anything about what time something might be said? --- Yes; he said at about 2o'clock.

Did he just say it himself, or did he indicate that someone had told him that? --- He said it was said.

And did he say who had said it to him? --- No. I only heard him saying 'It is being said' but I did not hear who had told him that or said that to him.".

Sersant Nkosi sê in sy getuienis dat Visser Tsolo versoek het om die skare aan te sê om na n oop terrein te gaan. Sy getuienis lui as volg:

"MR. CLAASSEN (THROUGH THE CHAIRMAN): Did you hear anything mentioned on that day about the people moving to the football grounds? --- I just heard this European say to Tsolo, 'Let your people move over to the open space of ground there' pointing towards it. That is all I heard. I saw Tsolo pointing with his arm like this and the people moved away in the direction as pointed by him. He then put down his hand and came back, and I saw the crowd moving back again.

MR. KENTRIDGE (THROUGH THE CHAIRMAN): Did you hear this white officer tell Tsolo what the people should do in the open ground? --- No.

Perhaps this man said something about the open ground that you did not hear? --- May be; it can happen.

Perhaps he said they must wait in the open ground? --- I don't know.

Otherwise why should they go to the open ground? --- I don't know. It may happen; I don't know.".

175. Nog Visser nog Tsolo gee enige getuienis met betrekking tot hierdie versoek dat die skare na die voetbalgronde moes gaan. In sy getuienis sê Visser dat hy Tsolo nooit direk gevra het om die skare te versoek om uiteen te gaan die Sy beskouing is dat hy nie geregtig was om so'n versoek aan Tsolo te rig nie en in elk geval ook nie in n sterk genoeg posisie was om handelend op te tree indien daar nie aan die versoek gehoor gegee word nie.

176. Daar is sekere omstandigheidsgetuienis wat Tsolo se relaas steun. Verskeie Bantoes getuig dat Tsolo die mededeling dat hulle tot 2-uur nm. moes wag, gedoen het onmiddellik na hy met die polisie gesels het. Wat sommige van hierdie getuies betref, het ek die indruk gekry dat hulle getuienis in hierdie verband aanvaar kan word. Dan is dit ook n feit dat sekere hooggeplaaste offisiere (o.m. luitenant-kolonel Pienaar en brigadier Els) onderskeidelik omstreeks 1-uur nm. en 2-uur nm. by Sharpeville aangekom het. Visser het ontken dat hy oor enige inligting beskik het wat dit vir hom moontlik sou gemaak het om soiets aan Tsolo te gesê het. Heyl het erken dat hy as gevolg van n telefoniese gesprek met die polisie hoofkwartiere in Johannesburg geweet het dat versterkings gestuur word maar ontken dat hy dit met Visser bespreek het. Dit kom my onwaarskynlik voor, maar ek kan nie die getuienis as vals verwerp nie. Dit is in kruisverhoor aan Visser gestel dat hy dit moontlik kon gesê het ten einde die skare in toom te hou. Hy het dit ontken. Dit is egter n feit dat hy bekommerd was oor die posisie by die polisiestasie.

177. Daarteenoor moet onthou word dat so'n voorwendsel bereken was om Bantoes na die polisiestasie te lok en hulle daar te hou. Dit is ook n feit dat die verspreiding van hierdie storie juis daardie gevolg gehad het.

178. Ek het reeds daarna verwys dat Tsolo se geloofwaardigheid onder verdenking is. Sy getuienis (asook die van Thomas More en Sidwell Kasa) was deur advokaat Claassen gelei en was nie aan deurtastende kruisverhoor onderwerp nie. (Advokaat Kentridge se skriftelike betoog stel dit dat hierdie getuies se getuienis deur die Kommissaris gelei was en dat advokaat Claassen kruisvrae aan hulle gestel het. Die stelling is geheel-en-al foutief). Waar ek bevind dat Tsolo nie 'n geloofwaardige getuie is nie, verlaat ek my in hoofsaak op waarskynlikhede en die getuienis van sy eie volgelinge wat voor my getuig het. Daar moet natuurlik onthou word dat hy in 'n onbenydenswaardige posisie verkeer het toe hy getuienis gegee het - hy was 'n verhoorafwagtende gevangene in verband met aanklagtes wat voortgespruit het uit sy beweerde aandeel aan die gebeure te Sharpeville op 21 Maart 1960. Sy getuienis dat hy van Visser verneem het dat 'n hooggeplaaste amptenaar om 2-uur nm. sou opdaag kan nie aanvaar word nie.

179. Ek is egter ook daarvan oortuig dat die verspreiding van die gerug nie bewys lewer van 'n opset om die skare na die polisiestasie te lok en daar te hou ten einde om 2-uur nm. 'n aanval op die polisiestasie te doen nie. 'n Moontlike uitleg van die ontstaan van die gerug is die volgende. Tsolo het sy volgelinge na die polisiestasie gelei met die doel om 'n geleentheid te skep waar hy en ander vrywilligers hulle ten aanskou van die skare vir arrestasie kon aanmeld. In hierdie verband het Tsolo heeltemal konsekwent opgetree. By sy aankoms by die polisiestasie het hy onmiddellik na sersant Nkosi gegaan en versoek dat hy en sy volgelinge aangehou moes word. Nkosi het hom meegedeel dat hy tot later moes wag sodat 'n blanke (en meer senior) polisie-amptenaar die saak kon afhandel. Tsolo getuig self dat hy hierdie inligting aan die

119/...

skare oorgedra het. Daar moet onthou word dat dit vir Tsolo en sy volgelinge van belang was dat daar van polisie-kant 'n antwoord op die versoek om arrestasie gegee moes word. Die polisie moes hulle arresteer of weier om dit te doen voordat daar verder opgetree kon word. Die meerderheid van die Bantoe getuies stel dit dan ook dat hulle "vir 'n antwoord" gewag het. Die antwoord sou deur "n groot baas", "die groot sersant", die Bantoekommissaris, e.d.m., gegee word. Sommige getuies sê dat hulle nie geweet het wanneer die antwoord gegee sou word nie en ook nie 'n verwysing na 2-uur nm. gehoor het nie.

180. Volgens Tsolo het hy die kwessie van arrestasie weer by luitenant Visser geopper. Dit is onmoontlik om in besonderheid te bepaal wat tussen hulle plaasgevind het, maar dit is nogtans duidelik dat Visser nie "die antwoord" verstrek het nie. Hoewel daar getuienis is wat daarop dui dat Visser moontlik 'n voorstel gedoen het dat die skare na 'n oop terrein in die nabyheid moes gaan, het hy klaarblyklik nie daarop aangedring nie. Sy hele benadering was dat hy nog die reg nog die mannekrag gehad het om handelend op te tree en verkies het om op 'n besadigde manier op te tree totdat andere oor die saak besluit. Die skare het natuurlik aanskou hoe Tsolo en Visser met mekaar gesels, en Tsolo sou besef het dat hy die skare sou moes inlig oor die kwessie of "die antwoord" verstrek was. Die getuienis bewys dat hy die skare toe meegedeel het dat hulle tot om 2-uur nm. sou moes wag en dat hulle dan "die antwoord" sou verneem. Die moontlikheid dat Visser miskien na hierdie tyd verwys het of iets gesê het wat Tsolo onder die indruk gebring het dat uitsluitsel dan verwag kon word kan nie buite rekening gelaat word nie. Nog 'n moontlikheid is dat Tsolo self wou verseker dat die skare se belangstelling nie sou kwyn nie en dus die tyd uit eie beweging

genoem het. In hierdie verband moet ek aanstip dat Tsolo na hierdie mededeling vir n tydperk afwesig was. Kaptein Theron (wat omstreeks 11.45 vm. met versterkings opgedaag het) getuig dat hy na die leier van die skare verneem het en toe meegedeel is dat Tsolo gaan eet het. Advokaat Kentridge het heel tereg betoog dat dit as waarskynlikheidsoorweging ter stawing van Tsolo se relaas kan dien. Dit is egter na my beskouing net so waarskynlik dat Tsolo vir n tydperk afwesig wou wees, en dit was dus n praktiese manier om die skare se teenwoordigheid te verseker deur in die vooruitsig te stel dat die antwoord om 2-uur nm. gegee sou word. Tsolo wou moontlik oor verdere optrede beraadslaag. Daar moet onthou word dat die voorsitter van die Sharpeville-tak van die Pan Africanist Congress blykbaar nie by die betoging aanwesig was nie (soos ook die geval was by die betogers van Bophelong).

181. Ek het alreeds daarna verwys dat dit my beskouing is dat hierdie mededeling wat Tsolo gedoen het nie in verband gebring kan word met enige voorbedagte plan om die polisie of polisiestasie aan te val nie. Dit is eintlik oorbodig om dit te stel dat indien die gerug wel van Visser afkomstig was, daar by hom geen gedagte kon bestaan het dat die Bantoes aangemoedig moet word om by die polisiestasie te vergader sodat daar te gelegener tyd by wyse van bestraffing teen hulle opgetree kon word nie.

182. Vir sover dit die latere gebeure betref is dit egter van belang om in gedagte te hou dat n gedeelte van die skare heelwaarskynlik by die polisiestasie vergader en daar gebly het omdat hulle "die antwoord" om 2-uur nm. verwag het.

183. Na die gesprekke tussen Tsolo en Visser het die skare by die polisiestasie steeds aangegroei. Volgens Visser se getuienis was dit nie n gewapende skare nie. Dit is egter na

my beskouing heeltemal duidelik dat dit n luiddrugtige skare was, en dat hulle gedrag n gevoel van onrus by die polisie veroorsaak het. Selfs die getuienis van die leiers van die skare dui daarop dat beheer nodig was en ook deur hulle toegepas was. Tsolo, asook sy medewerkers, het steeds gewaarsku dat die skare nie teen die draadomheining moes leun nie. Daar was egter geen voorvalle van geweldpleging nie, en dit was slegs van die leiers wat die omheinde terrein binnegegaan het. Volgens Visser se getuienis sou Tsolo toe in staat gewees het om die skare te beheer, en sou hy as hulle leier erken gewees het.

184. Visser was inderdaad bekommerd oor die posisie, en dit blyk duidelik uit die feit dat hy later n nota aan kaptein Coetzee (wat toe nog in Seeiso-straat was) gestuur het waarin hy hom meegedeel het "dat die posisie raak hier so dat as daar moet geweld plaasvind ons nie in n posisie sal wees om die fort te kan hou nie en of hulle iets daaromtrent kan doen". Dit blyk dat hy hierdie nota omstreeks 11.30 vm. (of n bietjie vroeër) afgestuur het. Kaptein Coetzee het hierdie nota ontvang en meld in sy getuienis o.m., dat Visser die skare toe op tussen 8,000 en 10,000 geskat het.

185. Die getuienis dui daarop dat kaptein Coetzee hierdie nota ontvang het op die tydstip wat die Saracens onder bevel van kaptein Van der Linde aangekom het. Teen daardie tyd was die skare wat aanvanklik in Seeiso-straat teenoor die polisie stelling ingeneem het ook besig om in die rigting van die polisiestasie te beweeg. Kaptein Coetzee het toe met n omweg na die polisiestasie gegaan en in Zwane-straat in die nabyheid van die suid-oostelike hoek van die polisiestasie stelling ingeneem. Dit blyk dat hy 29 blanke en 62 Bantoe polisie onder sy bevel gehad het. Ek keer later terug na die gebeure in

Zwane-straat waarby hierdie groep polisie betrokke was.

186. Luitenant Visser verwys in sy getuienis na die aankoms van die polisie onder bevel van kaptein Coetzee. Hy verwys ook daarna dat verskeie vliegtuie duikvlugte oor die polisie-stasie uitgevoer het. Hy het later opgelet dat kaptein Theron met versterkings by die polisiestasie opgedaag het. Daarna was kaptein Theron in bevel van die polisie. Die versterkings wat hy gebring het, het uit 16 blanke en 9 Bantoe polisie bestaan. Hy het ongeveer 11.45 vm. (of moontlik n bietjie later) by die polisiestasie aangekom.

187. Teen die tyd wat kaptein Theron by die polisiestasie aangekom het, was die meerderheid van die skare wat vroeër in Seeiso-straat was reeds daar of op pad daarheen. Moses Smit getuig dat toe hy by die polisiestasie aangekom het (na hy die oorblywende gedeelte van die skare in Seeiso-straat gaan haal het) het hy opgelet dat van die polisie wat hy in Seeiso-straat gesien het toe reeds in Zwane-straat was (dit is die groep polisie onder bevel van kaptein Coetzee). Die strekking van die getuienis is dat kaptein Coetzee ongeveer 11.30 vm. in Zwane-straat stelling ingeneem het.

188. Na my beskouing is dit van belang om in gedagte te hou dat hierdie groep wat ongeveer 11.30 vm by die polisiestasie aangekom het waarskynlik nog in Seeiso-straat was toe die lugfoto (Aanhangsel "I") geneem was. Hierdie oorweging het betrekking op die waarskynlike grootte van die skare toe kaptein Theron daar aangekom het. Dit is ook waarskynlik dat die meerderheid van hierdie groep betrokke was by voorvalle waar die polisie en die betogers slaags geraak het, waar klippe gegooi en met vuurwapens geskiet is. Dat lede en ook ampsdraers van die Pan Africanist Congress by hierdie voorvalle

betrokke was of ten minste daarvan geweet het moet aanvaar word. Ene Ramodebe (ek meen hy was tesourier van die Sharpeville-tak) het na die polisiestasie gekom en aan Moses Smit vertel van die moeilikheid in Seeiso-straat. Dit is hoe Smit dit stel:

"Do you know someone called Ramodebe? --- I do.

Did he come along to the Police Station at about this time? --- Yes; he did.

And did he have something to tell you? --- Yes.

What was that? --- He told me that these people that come from the new place, they call it Putso Stene, were being stopped by the Police, that was why they could not come through.

Could not come through where? --- The Police could not come - not the people.

Did he report anything else to you about what the people had done? --- He said they came, they were many they made a noise, they wanted to fight.

That is the African people? --- That is the way he told me, yes.

So, when you had had this report, did you then leave the Police Station? --- Yes; I did.

With anyone else? --- With a person named Gwadi.

Where did you go to? --- I went to Putso Stene.

That is a part of the location up near the Municipal Offices? --- That is where you enter, where you go into the location.

And on your way, did you pass people who were standing in Seeiso Street? --- Many of them, yes.

Were they doing anything? --- There were groups and groups of them together.

Were they fighting? --- Standing, talking; not fighting

THE CHAIRMAN: What time was this? --- About ten, or after ten.

Was that still before, or after the aeroplanes flew over? --- Before.".

Moses Smit se getuienis oor wat hy waargeneem het toe hy by die groep in Seeiso-straat gekom het word hierbo aangehaal. Wat egter ook uit sy getuienis blyk is dat afgesien van hierdie groep hy ook nog ander groepe in Seeiso-straat aangetref het, dit is groepe wat nie in die onmiddellike omgewing van die polisie was nie. Dat laasgenoemde groep hoofsaaklik uit jong mans bestaan het en dat hulle vyandiggesind teenoor die polisie was blyk nie alleen uit die polisie getuienis nie maar ook uit die getuienis van lede van die Pan Africanist Congress. Hierdie groep - die bittereinders wat Seeiso-straat betref - het saam met Moses Smit en Qwade na die polisiestasie gegaan. Hoewel die getuienis in hierdie verband skraal is, is dit na my beskouing waarskynlik dat hierdie groep eerder aan die westelike en noordwestelike kant van die polisiestasie as aan die suidelike kant daarvan sou gaan staan het - al is dit dan net omdat daar moontlik meer staanplek was. Hoofkonstabel Heyl se getuienis (soos ek dit altans verstaan) is dat die skare aanvanklik aan die suidekant teenoor die publieke ingang na die polisiestasie gestaan het. Dan verwys hy daarna dat "later die middag was die rumoer en die groot samedromming meer na die westekant verskuif, waar die groot hek was". Hy wyt dit aan die feit dat polisievoertuie daar ingekom het. Ek meen dat dit ook waarskynlik is dat die aankoms van die groep onder Moses Smit en Qwade tot die "rumoer en groot samedromming" aan die westekant bygedra het.

189. Kaptein Theron het omstreeks 11.40 vm. by die ingang na

Sharpeville aangekom en hom by majoor Van Zyl by die munisipale kantore aangemeld. (Laasgenoemde sou toe net van sy besoek aan die polisiestasie teruggekeer het). Majoor Van Zyl het hom opdrag gegee om na die polisiestasie te gaan en ook gelas dat n Saracen hom begelei. Kaptein Théron het sy manskappe beveel om hulle gewere te laai en het toe na die polisiestasie gegaan. Op pad het hy talle Bantoes teëgekom. Sy rit na en aankoms by die polisiestasie beskryf hy as volg:

> "Talle Bantoes het ons op pad ontmoet, na die Polisiestasie. Hulle het met duime in die lug 'Afrika!' geskree, na ons rigting; ander het ander dinge geskree wat ek nie kon hoor nie. 'Afrika!' was vir my duidelik gewees. Ons is toe na die aanklagkantoor, na die Polisiestasie in Sharpeville. Toe ons daar kom, het ek n gesig aanskou wat my geskok het. Daar het duisende Bantoes, mans, vrouens en kinders, rondom die Polisiestasie saamgedrom. Hulle het geraas, lawaai. Ander was nog besig om aan te kom, ook na die Polisiestasie-toe. Toe ons by die skare kom, het hulle met duime in die lug voor die saracen en voor my voertuig, ook, ingespring en 'Afrika!' geskree. Dit het vir my geskyn asof hulle ons wou verhoed om in te gaan. Ons het uiteindelik daarin geslaag om deur hulle te kom, en ek is by die hek van die Polisiegronde in.
>
> Het jy op daardie stadium enige wapens in hulle besit gesien? --- Daar was n aroep wat met kieries in die lug geswaai het. Dit is wat ek gesien het.".

Volgens sy skatting sou daar van 10,000 na 15,000 Bantoes by die polisiestasie gewees het toe hy daar aangekom het.

190. By sy aankoms was vliegtuie besig om duikvlugte oor die skare te doen. (Die getuienis dui daarop dat die vliegtuie

12f/...

by meer as een geleentheid gedurende n tydperk van nagenoeg 15 tot 30 minute oor Sharpeville gevlieg het). Die skare was nie deur hierdie optrede van die vliegtuie beïnvloed nie.

191. Kaptein Theron het die posisie met luitenant Visser bespreek en o.m., verneem of daar n leier van die skare was. Visser het na hom gesoek maar later gerapporteer dat die leier (Tsolo) afwesig was omdat hy iets te ete gaan soek het. Theron sê dat die posisie na sy beskouing so gevaarlik was dat hy besluit het om geen stappe te doen om die skare uiteen te laat gaan nie. Hy sê dat die skare opgewonde was en dat van hulle ook dreigemente geuiter het. Van die Bantoevrouens het in die rigting van die polisie gespoeg. Hy't ook gesien dat die skare teen die draadomheining druk en dit oorbuig. Daar was egter geen gevalle van werklike geweldpleging nie. Hy beskryf die posisie as volg:

"Die posisie het later toe so ontvlambaar geword, ek moet liewers op hierdie stadium niks doen nie; en ek het gevolglik oor die radio van die saracen met majoor Van Zyl gepraat, buitekant na die Munisipale huis-toe, en ek het vir hom die posisie daar geskets en vir hom gesê ek dink die dinge lyk gevaarlik, hier, of daar dan nie versterkings kom nie. Toe het hy vir my gevra of ek nog n bietjie kan aanhou, daar. Ek het gesê ja, ek sal probeer nog n bietjie aanhou.

Met ander woorde, verstaan ek dat jy dit nie raadsaam geag het om iets daadwerklik te doen om hulle uitmekaar te jaag nie? --- Ek kon aan niks dink nie. Ek het dit nie raadsaam geag nie.

En het jy gepoog om met hulle te praat? --- Ek het een tyd met een daar naby die hek probeer praat, maar hulle het so geraas en geskree dat ek nie weet of hulle gesien

by meer as een geleentheid gedurende n tydperk van nagenoeg 15 tot 30 minute oor Sharpeville gevlieg het). Die skare was nie deur hierdie optrede van die vliegtuie beïnvloed nie.

191. Kaptein Theron het die posisie met luitenant Visser bespreek en o.m., verneem of daar n leier van die skare was. Visser het na hom gesoek maar later gerapporteer dat die leier (Tsolo) afwesig was omdat hy iets te ete gaan soek het. Theron sê dat die posisie na sy beskouing so gevaarlik was dat hy besluit het om geen stappe te doen om die skare uiteen te laat gaan nie. Hy sê dat die skare opgewonde was en dat van hulle ook dreigemente geuiter het. Van die Bantoevrouens het in die rigting van die polisie gespoeg. Hy't ook gesien dat die skare teen die draadomheining druk en dit oorbuig. Daar was egter geen gevalle van werklike geweldpleging nie. Hy beskryf die posisie as volg:

"Die posisie het later toe so ontvlambaar geword, ek moet liewers op hierdie stadium niks doen nie; en ek het gevolglik oor die radio van die saracen met majoor Van Zyl gepraat, buitekant na die Munisipale huis-toe, en ek het vir hom die posisie daar geskets en vir hom gesê ek dink die dinge lyk gevaarlik, hier, of daar dan nie versterkings kom nie. Toe het hy vir my gevra of ek nog n bietjie kan aanhou, daar. Ek het gesê ja, ek sal probeer nog n bietjie aanhou.

Met ander woorde, verstaan ek dat jy dit nie raadsaam geag het om iets daadwerklik te doen om hulle uitmekaar te jaag nie? --- Ek kon aan niks dink nie. Ek het dit nie raadsaam geag nie.

En het jy gepoog om met hulle te praat? --- Ek het een tyd met een daar naby die hek probeer praat, maar hulle het so geraas en geskree dat ek nie weet of hulle gesien

1.7/...

het ek praat, of gehoor het ek praat nie.".

192. Gedurende die tyd wat kaptein Theron in bevel was het 'n Bantoe 'n kissie met 12 bottels koeldranke na die polisie gebring. Die polisie het dit as 'n daad van uittarting beskou en die Bantoe versoek om dit te verwyder. Die skare het daarop aangedring dat hy die koeldranke daar moes laat bly. Uiteindelik het die Bantoe dit verwyder. Daar het egter niks noemenswaardig plaasgevind nie. Die skare het steeds aangegroei, en kaptein Theron het dit gerade geag om die vrede te bewaar.

193. Hoewel daar moontlik intussen (of selfs voor kaptein Theron aangekom het) kleiner groepe versterkings opgedaag het, is die volgende gebeurtenis van belang, die aankoms by die polisiestasie van 'n groep offisiere en ander range. By die groep was onder meer kolonel Prinsloo, luitenant-kolonel Spengler, kaptein Willers, sersant Wessels (almal van die Veiligheidsafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisie), kaptein Brummer (wat in bevel van 3 Saracens was) en luitenant Freemantle. Hierdie groep het waarskynlik enkele minute na 1-uur nm. by Sharpeville polisiestasie aangekom.

194. Kaptein Brummer het sy 3 Saracens binne die omheinde terrein aan die westekant van die polisiestasie opgestel. Saam met die Saracen wat kaptein Van der Linde reeds omstreeks 11.30 vm. daar opgestel het was daar dus nou 4 Saracens by die polisiestasie.

195. Die algemene strekking van die getuienis van die polisie is dat die skare besonder vyandiggesind was. Daar is op die polisie geskel en dreigemente is hulle toegeslinger. Daar is ook 'n verwysing na die feit dat 'n gedeelte van die skare,(vermoedelik dié aan die westekant naby die hek) stokke

en kieries geswaai het. Daar was verwysings na "Cato Manor". (U Eksellensie dra stellig kennis van die voorval in n Bantoe woonbuurt naby Durban waar 9 polisie-amptenare - Blank en Bantoe - deur n skare Bantoes om die lewe gebring is. Aangesien daar op die oomblik na aanleiding van hierdie voorval n strafsaak dien waar Bantoes op n aanklag van moord verskyn is dit nie vanpas om enige verdere kommentaar in verband daarmee te lewer nie). Volgens kaptein Brummer sou klippe die Saracen getref het terwyl hulle op pad na die polisiestasie was. Daarteenoor het advokaat Kentridge betoog dat die getuienis daarop dui dat die skare deurgaans in n gemoedelike stemming was. Ek keer hieronder terug na hierdie aspek van die gebeure by die polisiestasie.

196. Volgens kaptein Brummer sou hy onmiddellik na sy aankoms n luidspreker geneem het en pogings gedoen het om die skare toe te spreek. Daar is n geskil oor die aantal kere (indien enige) wat hy die skare toegespreek het of altans probeer het om dit te doen. Ek meen dat dit waarskynlik is dat hy by meer as een plek die skare toegespreek het of probeer het om dit te doen. Wat egter duidelik blyk is dat hy hoegenaamd nie daarin geslaag het om enige indruk op die skare te maak nie. Dit is te betwyfel of hy sonder die hulp van die leiers die skare sou kon toegespreek het. Thomas More gee trouens in sy getuienis te kenne dat die polisie slegs met die toestemming van die leiers met die skare sou kon gepraat het. Luitenant Freemantle het ook na die gemoedstoestand van die skare verwys. Hy sê ook dat daar op die polisie geskel was. Hy het, onder meer, uitroepe van "Polisiehonde" gehoor. Van die Bantoes het ook gesê: "Vandag vrek julle almal hier". Die "Afrika" kreet is ook aangehef. Hy sê ook dat hy kieries gesien het, hoewel daar geen poging was om die polisie aan te rand nie. Bantoes het tot teenaan die motorkar gedring en

129/...

met hulle hande daarop geslaan. Ek lei van sy getuienis af dat dit in die omgewing van die hek aan die westekant plaasgevind het.

197. Daar is nou ook vir die eerste keer van polisie kant handelend opgetree. Luitenant-kolonel Spengler sê dat die Bantoes baie oproerig was en die polisie uitgejou het. Kort na sy aankoms het hy 'n Bantoe binne die omheinde terrein opgelet. Sersant Wessels het hom meegedeel dat dit Tsolo is. Spengler het hom genader en gevra wat hy soek. Tsolo sou toe omgedraai het, na die skare gekyk het en gesê het: "I represent these people". Op 'n vraag hoekom die skare nie huistoe gaan nie het Tsolo geantwoord: "We will not call this off unless Sobukwe has spoken". (In die pamflet - Aanhangsel "F" - word dit gestel dat "Nobody will call this campaign off, except the National President ....").
Sprengler het Tsolo na 'n kantoor in die polisiestasie geneem waar hy eers om sy bewysboek gevra is en later ook in verband met die betoging ondervra is. Dit blyk dat Tsolo heeltemal gewillig was om luitenant-kolonel Spengler te vergesel. Hierdie voorval het blykbaar geen besondere reaksie van die kant van die skare uitgelok nie. Sprengler ontken dat hy Tsolo gearresteer het. Sy oogmerk was om Tsolo van die skare te verwyder omdat dit wenslik was om alleen met hom te praat. Hoe dit ookal sy, Tsolo het nie weer by die skare aangesluit nie en was nog steeds binne die kantoor toe die polisie op die skare gevuur het. Kort daarna is Thomas More opgelet. Sy antwoord op Spengler se navraag oor wat hy soek was, "I represent these people. We want our freedom". More het Spengler toe gewilliglik na die polisiestasie vergesel. Ook hy het nie weer na die skare teruggekeer nie en was binne die polisiestasie tydens die skietvoorval. Die skare het blykbaar

130/...

in sy geval ook nie tekens van ontevredenheid geopenbaar nie, hoewel hulle volgens die polisie getuienis nog steeds besonder rumoerig was. Die twee belangrikste leiers was dus nou van die skare verwyder, en Spengler het die hoop gekoester dat dit n heilsame uitwerking sou hê. Die skare, of altans die van hulle wat bewus was van die gerug dat n antwoord aan hulle verstrek sou word, sou vermoedelik onder die indruk verkeer het dat Tsolo en More met die polisie samesprekings voer.

198. Luitenant-kolonel Spengler het weer na die hek aan die westekant gegaan en nog n Bantoe gesien wat voor die skare beweeg het. Hy was egter aan die buitekant van die hek. Op daardie tydstip het luitenant-kolonel Pienaar met nog versterkings opgedaag en was hy ook van toe af in bevel van die polisie by die polisiestasie.

199. Luitenant-kolonel Pienaar, wat te Johannesburg gestasioneer is, het voor my getuig en sy getuienis was aan deurtastende kruisverhoor deur advokaat Colman onderwerp. In sy getuienis sê hy dat die polisie oor inligting beskik het dat betogings gehou sou word. Dit is egter te betwyfel of hulle voor Vrydag (18 Maart) geweet het dat die betogings op 21 Maart sou plaasvind. Die verwagting was dat dit op n landswye grondslag kon plaasvind. Voor die Maandag was daar blykbaar geen rede om te vermoed dat die distrikte Vanderbijlpark en Vereeniging besondere aandag sou moes ontvang nie. Pienaar het persoonlik verwag dat die posisie in die suidwestelike gebied van Johannesburg distrik veral moeilik sou wees. n Algemene opdrag is gegee dat patrollies vroeg op straat moes wees om werkers wat na hulle werk wou gaan te beskerm.

200. Hy het Sondagaand om 11.30 van kaptein Cawood verneem

van polisie-optrede in Sharpeville. Maandag om 7-uur vm. het hy n verslag van majoor Van Zyl ontvang en as gevolg daarvan het hy aan verskeie polisiestasie in die Johannesburgse gebied opdrag gegee om versterkings na Vanderbijlpark en Vereeniging te stuur. Om 10-uur vm. het Pienaar self opdrag ontvang om na Vanderbijlpark en Vereeniging te gaan om die posisie ter plaatse te hanteer. Hy het eers na Vanderbijlpark gegaan waar hy die posisie met kaptein Cawood bespreek het. Luitenant Claassen, wat in bevel was van ongeveer 29 blanke en 14 Bantoe polisie, het by luitenant-kolonel Pienaar aangesluit en die hele groep het na Sharpeville vertrek.

201. Luitenant-kolonel Holmes en majoor Van Zyl was by die munisipale kantore by die ingang na Sharpeville toe luitenant-kolonel Pienaar daar aangekom het. Majoor Van Zyl het hom meegedeel dat hulle op brigadier Els wag wat na die polisiestasie sou gaan. Die verdere inligting wat aan Pienaar daar verstrek was is, onder meer, dat die polisiestasie deur ongeveer 20,000 Bantoes omsingel was en dat die posisie gevaarlik was. Majoor Van Zyl het hom ook meegedeel dat hy die môre reeds sonder sukses gepoog het om die skare uiteen te jaag. Hy het daarna verwys dat traangas sowel as knuppels gebruik was en dat daar op die polisie gevuur was. Hy het Pienaar ook meegedeel dat die skare in n aggressiewe gemoedstoestand was en dat enigiets te wagte was. Dit is te betwyfel of van Zyl bedoel het om voor te gee dat al hierdie gebeure by die polisiestasie plaasgevind het, maar dit is heeltemal duidelik dat Pienaar onder die indruk verkeer het dat die pogings om die skare uiteen te jaag by die polisiestasie plaasgevind het. Uit die aard van die saak sou dit sy benadering tot die skare by die polisiestasie beïnvloed het. Hy is ook meegedeel dat kaptein Theron by die polisiestasie

in bevel was en dat daar ongeveer 100 polisie (blank en Bantoe) beskikbaar was.

202. Luitenant-kolonel Pienaar het na die polisiestasie vertrek. Die versterkings onder luitenant Claassen waarna ek verwys het, het hom vergesel. Die hele groep is deur n Saracen begelei. Pienaar beskryf sy aankoms by die polisie-stasie as volg:

"As I turned off the main road on the road to the station, I saw this large crowd there. I estimated it to be between 20,000 and 25,000. From a point of about 300 yards from the station, they were massed together. The first thing I saw was, in the middle of the road, a small car, which had been battered and was being pulled about. I could not see then, properly, what was happening; it was surrounded by a dense crowd. I could not properly see what was happening but I concluded that the occupants were being assaulted or probably killed. I instructed the driver to circumvent that portion of the mob on the pave-ment, and we drove along amongst this mob. On the way, I could see them prancing around, giving the 'Afrika!' sign, and kerries were swung in the air.

Many kerries, or just a few? --- Quite a number - not all of them. When I reached the point opposite the gate, there were about three, I should say, they were about three deep before I could get through to the gate. At that point, they would not let me through; they would not give way. They started to strike my car with sticks. I gave the driver the order to speed the car through the remaining mob; he did so, and they were flung aside and we managed to get inside.".

In die verbygaan kan ek net meld, dat Pienaar die enigste getuie is wat na die voorval waarby die ligte motorkar betrokke was verwys. Hy het geen stappe toe of later gedoen om vas te stel wat daar gebeur het nie. Hy sê dat die voorval hom ontgaan het na hy by die polisiestasie aangekom het.

203. Pienaar se getuienis dat daar met stokke en ander voorwerpe teen sy motorkar geslaan is kan aanvaar word. Daar was blykbaar ook n poging gedoen om die motorkar vas te hou. Luitenant Claassen wat saam met luitenant-kolonel Pienaar in die motorkar was sê in sy getuienis dat iemand na hom (dit is Claassen) met n stok geslaan het, maar hom nie raak gesien het nie.

204. Luitenant-kolonel Pienaar se gemoedstoestand onmiddellik na hy die polisiestasie bereik het blyk uit die volgende passasie in sy getuienis.

"When I landed in de that yard that morning, from all I had seen and been told, and what I had personally experienced, I was satisfied that that mob was ready for anything. The mob was in a frenzied state and I fear an attack on the police at any moment".

205. Die stelling ten behoewe van sekere belanghebbendes was dat die getuienis daarop dui dat die skare nooit meer as 3,000 persone getel het nie, dat hulle te alle tye in n gewondelike stemming was, dat hulle nie gewapen was nie en dat hulle na die polisiestasie met n aggressiewe opset gekom het nie maar slegs vergader het en daar gebly het om die verwagte toespraak aan te hoor.

206. Voor ek daartoe oorgaan om verslag te doen oor die gebeure by die polisiestasie na die aankoms van luitenant-kolonel Pienaar ag ek dit nuttig om U Eksellensie se

duidelike beeld as moontlik te gee van die posisie wat daar by sy aankoms bestaan het. Ek verwys eerstens na die polisie en vervolgens na die skare.

207. Ek heg hierby aan n skedule wat aandui die aantal offisiere, onderoffisiere en konstabels wat op die perseel van die polisiestasie aanwesig was nadat luitenant-kolonel Pienaar daar aangekom het. (Aanhangsel "K"). Hierdie skedule dui ook aan die aard van die bewapening, hoeveel ammunisie uitgereik is en hoeveel skote afgevuur is. n Soortgelyke skedule wat betrekking het op die polisie in Zwane-straat onder bevel van kaptein Coetzee word ook aangeheg (Aanhangsel "L"). Die skedules is by benadering korrek. Die getuienis het egter aan die lig gebring dat 2 konstabels wat in Zwane-straat was ook geskiet het. (Ek verwys later na hierdie voorval). Daar het ook later n vraag ontstaan of die gegewens wat betrekking het op die aantal rondtes wat gevuur was betroubaar is. Kaptein Van den Berg, wat die skedules opgestel het, het sy inligting verkry van opgawes wat na die voorval opgestel is ten einde persone wat gevuur het in staat te stel om n aanvullende uitreiking van ammunisie te ontvang. Die strekking van die getuienis van sommige van die polisie getuies was dat die opgawes verkeerdelik aangedui het dat hulle geskiet het of andersins aangedui het dat hulle meer rondtes gevuur het as wat werklik die geval was. Hoewel dit natuurlik moontlik is dat sommige polisie-amptenare die geleentheid te baat geneem het om hulle ammunisie-voorraad op n onbehoorlike manier aan te vul, het die getuienis my hoegenaamd nie oortuig nie. Advokaat Kentridge het met n groot mate van regverdiging betoog dat sommige getuies in hierdie verband die Kommissie wou mislei het. Hoe dit ookal sy, die gegewens kan vir alle praktiese doeleindes aanvaar word.

208. By die polisiestasie was daar dus 130 blanke en 77 Bantoe polisie, terwyl daar in Zwane-straat 29 blanke en 59 Bantoe polisie was. Die blanke polisie was met vuurwapens gewapen, terwyl die Bantoes assegaaie, kieries en knuppels gedra het. Wat die vuurwapens betref kan ek verduidelik dat die .25 pistool deur lede van die speurdiens gedra word terwyl die .38 rewolwer deur lede van die uniform-afdeling gedra word. Die .303 geweer is die gewone tipe wat aan die polisie van die uniform-afdeling uitgereik word. Die sten-geweer is n 9 mm. kaliber outomatiese wapen, met n magasyn wat van 25 tot 30 rondtes bevat en wat teen n snelheid van 500 rondtes per minuut vuur. Dit kan ook enkel skote vuur teen 30 rondtes in ongeveer 12 sekondes. Die Browning masjiengeweer wat bo-op elke Saracen gemonteer is kan blykbaar 450 tot 500 rondtes per minuut vuur teen n snelheid van 1200 rondtes per minuut.

109. Die ammunisie wat uitgereik is, is van die gewone tipe, en daar bestaan geen rede om te vermoed dat enige polisieman ammunisie gebruik het wat bereken was om maksimum verminking te veroorsaak nie (soos bv. "dum-dum" koeëls). Ek meld dit omdat daar blykbaar n gerug versprei is dat die polisie spesiale ammunisie sou gebruik het, en dat dit ernstige en onnodige beserings sou veroorsaak het. Opslagkoeëls kan blykbaar baie skade aanrig. Dit blyk ook uit die getuienis dat as gevolg van die betreklike kort loop van n sten-geweer die koeëls neig om in vlug te tuimel. Indien die koeël dan die liggaam tref sou dit meer ernstige verwonding veroorsaak. Indien die gerug wel versprei was sou dit eerder dui op oorgretigheid om die polisie te beswadder as n begeerte om die waarheid tot diens te wees.

210. Die getuienis dui daarop dat lede van die polisiemag onderrig ontvang het in verband met die gebruik van alle

vuurwapens. Die polisie is ook gebonde aan die voorskrifte van Staande Orders wat op die gebruik van vuurwapens betrekking het. Ek heg hierby aan n afskrif van Staande Orders Nos. 741 tot en met 749. (Aanhangsel "M"); dit het betrekking op die gebruik van vuurwapens.

211. Soos uit Aanhangsel "K" blyk het die polisie van verskeie polisiestasies gekom en baie van hulle het mekaar gladnie geken nie. Daar was manne met meer as 20 jaar diens en ten minste een wat slegs n maand of wat vantevore sy opleiding voltooi het. Heelparty van die offisiere en ander range het diens tussen die Bantoes gedoen en sommige van hulle het reeds vantevore met Bantoe skares te doen gehad. Baie van die manne (veral die van Vereeniging en Vanderbijlpark) was reeds vanaf Sondag op diens. Al die getuies is dit eens dat die polisie by die polisiestasie vanaf vroeg die môre tot die aankoms van luitenant-kolonel Pienaar niks gedoen het wat bereken was om vyanddiggesindheid van die kant van die skare te veroorsaak of te laat toeneem nie. Daar moet egter onthou word dat daar ook n aantal polisie was wat reeds gedurende die vorige nag en die môre betrokke was by voorvalle wat bereken was om hulle gemoedstoestand te affekteer. Dit is ook nie te betwyfel dat die meerderheid van hulle by geleentheid aan die voorval by Cato Manor gedink het nie.

212. Die Kommissie is oorlaai met skattings oor die grootte van die skare wat omstreeks 1-uur nm. by die polisiestasie aanwesig was. Die hoogste skatting is die van Tsolo self. Hy sê dat hy waargeneem het hoe die skare aangegroei het en later van oordeel was dat al die inwoners van Sharpeville aanwesig was. Sy getuienis verdien nie ernstige oorweging nie. Die ander skattings strek enkele duisende na 20,000 en nog meer. Wat hierdie getuie betref het n mens te doen

137/...

met sowel die feilbaarheid as die eerlikheid van die getuies. Na my beskouing is dit waarskynlik dat die **sameloop** van omstandighede as gevolg gehad het dat n groter skare byeengekom het as wat miskien andersins die geval sou gewees het. Die vergaderplek was binne die woonbuurt gelee. Die doel van die betoging sou in n mindere of meerdere mate die belangstelling van feitlik al die volwassenes gewek het. Afgesien van wat gedurende die naweek gedoen is om die betoging te propageer, was daar ruim en volgehoue publisiteit vanaf die vorige nag tot omstreeks 1-uur nm. op die Maandag. Die middernagtelike optrede van sowel die Bantoes as die polisie asook die gebeure in Seeiso-straat was bereken om volgelinge van die Pan Africanist Congress, belangstellendes en gewone nuuskieriges (mans, vrouens en kinders) te lok. n Belangrike faktor is die sukses van die verskeie metodes wat toegepas is om te verseker dat die inwoners nie na hulle werk kon gaan nie. Die uitvoering van duikvlugte oor die polisiestasie en die gereelde beweging van polisie-voertuie (wat vier Saracens ingesluit het) van en na die polisiestasie sou steeds meer en meer inwoners gelok het. Dan was daar ook nog die verspreiding van die gerug in die woonbuurt dat n toespraak om 2-uur nm. verwag kon word.

213. Daar is egter getuienis wat gebruik kan word om die verskeie skattings in n mate te kontroleer. Daar moet onthou word dat daar 8,655 volwasse mans, 6,943 volwasse vrouens en 20,863 kinders onder die ouderdom van 18 jaar as inwoners van Sharpeville geregistreer is. Uit die getuienis van Labuschagne blyk egter dat 19 van die wat oorlede is en 46 van die verwondes nie as inwoners geregistreer was nie. Hulle was dus of inwoners wat onwettiglik daar woonagtig was of persone wat van buite Sharpeville gekom het om aan die

betoging deel te neem. Dis onmoontlik om te bepaal hoeveel van hierdie kategorie persone die dag aanwesig was. As daar gelet word op die verhouding tot die groot totaal van oorledenes en verwondes kon dit moontlik n aansienlike getal gewees het. Dit sou vermoedelik Bantoes van die dorp gewees het (waar n groot aantal by huise van werkgewers inwoon of in privaat kampongs loseer) en ook moontlik van Boiphatong (wat blykbaar 2 myl van Sharpeville geleë is). Dan is daar die lugfoto (Aanhangsel "I") wat n indruk gee van die skare wat omstreeks 11 vm. by die polisiestasie aanwesig was - dit was ruim twee-en-n-half uur voor die polisie op die skare gevuur het. Die fotograaf, Von Below, skat die skare op 4,000 na 5,000 persone. Na my beskouing is dit waarskynlik dat daar toe reeds etlike duisende betogers was. Na die foto geneem was het die skare steeds aangegroei, heelwaarskynlik as gevolg van al die gebeure waarna ek reeds verwys het. Na Moses Smit en Qwade die betogers in Seeiso-straat toegespreek het sou n betreklike groot skare vanaf die rigting van Putso-stene na die polisiestasie beweeg het. As daar op al hierdie omstandighede gelet word, blyk dit baie waarskynlik dat Elias Lidia en die fotograaf, Berry (na wie ek later weer verwys) se skattings dat daar omtrent 5,000 persone aanwesig was toe die polisie gevuur het, nie eers as naasteby korrek aanvaar kan word nie. Lidia se ander skattings is na my beskouing klaarblyklik onbetroubaar. In sy getuienis het Berry verduidelik dat hy nie graag n skatting wou waag nie, onder meer, omdat hy nie n behoorlike blik op die noordwestelike hoek gehad het nie. Hy het egter die indruk gekry dat die skare aan die westekant naby die hek digter as elders saamgepak was. Onder druk het hy toe geskat dat daar n "tennis-skare" aanwesig was, en dit op van

139/...

4,000 tot 5,000 gestel. (Dit is interressant om daarop te let dat ene Humphrey Tyler, assistent-redakteur van die tydskrif waaraan Berry as fotograaf verbonde is, n verslag van die gebeure opgestel het wat sowel in Suid-Afrika as in die buiteland gepubliseer is, en dat hy daarin meld dat daar slegs 3,000 persone tydens die skietvoorval aanwesig was. Tyler was saam met Berry in die omgewing van die polisiestasie vanaf ongeveer 1-uur nm. tot ongeveer 1.45 nm.). Sommige polisie-getuies het getuig dat die skare bankvas oor die hele straat gestaan het. Te oordeel na fotos wat van gedeeltes van die skare geneem is, is dit my beskouing dat daardie getuienis nie betroubaar is nie en gewyt moet word of aan foutiewe waarneming of aan n neiging tot oordrywing. Uit die aard van die saak is dit n moeilike taak om die grootte van n skare te skat. Waar ek nou self tot skatting moet oorgaan sou ek dit stel dat daar waarskynlik nie minder as 10,000 betogers was toe die polisie op die skare gevuur het nie.

214. Hoewel die grootte van die skare vanselfsprekend n kwessie van belang is, is dit na my beskouing van die uiterste belang om te bepaal wat die houding van die skare as n geheel was asook om vas te stel of daar enige gedeelte van die skare was wat n houding van hulle eie gehad het. Advokaat Kentridge se betoog was dat die skare as n geheel deurgaans in n gemoedelike stemming was. Die strekking van die polisie-getuienis was dat die skare as n geheel opstandig was, maar dat die gedrag van dié wat aan die westekant was sodanig was dat dit die meeste kommer veroorsaak het.

215. Na my beskouing is daar sekere waarskynlikhede wat gewig dra. Dit is korrek dat n betreklik aansienlike gedeelte van die skare daar was omdat hulle op die een of ander manier verhoed was om na hulle werk te gaan en om verskeie redes na

die polisiestasie gegaan het. Daar was lede van die Pan Africanist Congress, gewone belangstellendes, nuuskieriges, enkelinge wat om die of daardie rede hulle in die omgewing van die polisiestasie bevind het en toe by die skare aangesluit het, e.d.m. Daar was geen werklike saamhorigheidsgevoel wat voortgespruit het uit n voorbedagte opset wat hulle tot enige bepaalde gesamentlike optrede verbind het nie. Die meerderheid het op "die antwoord" gewag en die tyd met skerts, sang en die aanhef van nasionalistiese krete verdryf. Enkelinge mag die polisie uitgejou het. Advokaat Kentridge se betoog was dat hierdie stemming bly voortbestaan het totdat die polisie op die skare gevuur het.

216. Na my beskouing is dit n te oppervlakkige benadering wat nog met die feite nog met die waarskynlikhede rekening hou. Hoewel dit blyk dat die meerderheid van hulle met reg as gewone wetsgehoorsame persone beskryf is, moet onthou word dat die dag vir hulle as van buitengewone belang voorgehou is. Reeds vanaf die vorige nag was n groot aantal van die betogers waarskynlik betrokke by voorvalle wat hulle gemoedstoestand sou aangetas het. Die gebeure in Seeiso-straat (selfs al sou die polisie-getuienis as oordrewe beskou word) was kwalik bereken om die betogers wat daarby betrokke was tot n gemoedelike stemming oor te haal. Die oorwig van getuienis bewys na my beskouing dat n aansienlike gedeelte van die skare by die polisiestasie bestaan het uit betogers wat vroeër in Seeiso-straat was. U Eksellensie sal onthou dat daar getuienis is dat Tsolo met n skare vanaf die omgewing van Putso-stene na die polisiestasie gekom het. Daar is die verdere getuienis dat n skare vanaf omstreeks 11-uur vm. vanaf Seeiso-straat in die rigting van die polisiestasie beweeg het en dat dit die groep jonger Bantoes wat in n veglustige bui was ingesluit het. Moses Smit stel dit in

141/...

sy getuienis dat hierdie groep bedaar het na Qwade met hulle gepraat het. Ek meen dat hierdie getuienis aanvaar kan word aangesien ander getuies ook daarna verwys dat die leiers wel n mate van beheer uitgeoefen het waar hulle in kontak met die skare was. Die omstandighede waaronder hulle vir n lang tydperk by die polisiestasie verkeer het was egter na my beskouing bereken om hulle veglustigheid weer op te wek. Ek verwys later na hierdie omstandighede.

217. Advokaat Kentridge het na enkele ander omstandighede verwys ter ondersteuning van sy betoog dat die skare as n geheel nie vyandiggesind was nie, en dat die polisie-getuienis wat op die teendeel dui nie aanvaar kan word nie. Hy het, eerstens, daarna verwys dat majoor Van Zyl se getuienis oor die gedrag en stemming van die skare vreemd klink in die lig van sy optrede waar hy luitenant Visser in beheer van die polisiestasie gelaat het totdat kaptein Theron omstreeks 11.45 vm. van hom die bevel oorgeneem het. n Mens sou verwag het dat majoor Van Zyl self by die polisiestasie die bevel sou gevoer het indien die posisie dan inderdaad gevaar ingehou het. Aldus advokaat Kentridge. Na my beskouing is dit n geoorloofde benadering om n getuie se relaas van die gebeure te toets aan sy optrede tydens daardie gebeure. Maar dan moet daar op al die omstandighede gelet word. Advokaat Kentridge het die spoor byster geraak omdat hy dit nie gedoen het nie. Daar moet onthou word dat die posisie in Seeiso-straat aanvanklik meer gevaar ingehou het veral waar gewaak moes word teen n moontlike opmars na Vereeniging. Hierdie moontlikheid het eers omstreeks 11-uur vm. opgehou om te bestaan. Daar was ook geen telefoon-verbinding tussen Sharpeville en Vereeniging nie en radio-verbinding het vir die eerste keer moontlik geword toe die Saracen omstreeks 11.30 vm. by die polisiestasie opgestel was.

142/...

Dit blyk tog dat majoor Van Zyl by die eerste moontlike geleentheid na die polisiestasie gegaan het - dit is toe kaptein Van der Linde hom met n Saracen daarheen geneem het. Dat majoor Van Zyl wel die posisie as sorgwekkend beskou het blyk uit sekere stappe wat hy gedoen het. In Vereeniging self het hy die skietkommando op die been gebring en by die polisiestasie in Vereeniging gestasioneer. Dit was op sy versoek dat die militêre vliegtuie duikvlugte oor Sharpeville en elders uitgevoer het. Dit kan slegs as gevolg van sy verslag wees dat luitenant-kolonel Pienaar met versterkings na Sharpeville gekom het. Daar is later gereël dat brigadier Els self na Sharpeville sou kom. Majoor Van Zyl sou in n bespotlike posisie verkeer het indien sy meerderes by hulle aankoms sou gewaar het dat daar slegs n skare van uiterlik 3,000 na 5,000 betogers was wat boonop nog in n gemoedelike vakansiestemming was. (Hoofkonstabel Heyl en luitenant Visser se getuienis oor die boodskappe wat hulle na majoor Van Zyl gestuur het kan ook aan dieselfde toets onderwerp word). Dit volg natuurlik nie dat sy getuienis in die geheel en sonder enige voorbehoud aanvaar kan word nie. Hy het hom by geleentheid oordrywing veroorloof en in sommige opsigte was sy getuienis onbetroubaar. Sy getuienis oor die stemming van die skare word egter gestaaf deur getuies wat die polisie nie juis goedgesind was nie en kan aanvaar word.

218. Advokaat Kentridge het hom ook nog beroep op die getuienis van sekere getuies wat omstreeks 1-uur nm. tussen die skare was. Labuschagne wat saam met die polisie in Zwane-straat was het omstreeks 1-uur nm. besluit om na die polisiestasie te gaan. Hy het deur die skare geloop en aan die oostekant van die polisiestasie oor die draadomheining geklim. Die Bantoes het hom nie aangerand nie en selfs nie

eers n dreigende houding ingeneem nie nie. Baie van hulle het hom gegroet en hy het ook met hulle gesels. Dit is sy getuienis:

"Het die Bantoes u toegelaat om ongestoord deur te gaan? --- Ja. Ek het ook met baie van hulle gepraat, en baie het vir my gegroet. Ek is tussen hulle deur, en oor die draad. Toe ek binne kom, het ek weer met die Bantoes teen die draad gepraat, en elke keer as ek praat, het hulle stil gebly; maar net sodra ek omdraai, dan skree hulle weer 'Afrika! Afrika!' en sing 'Nkosi Sekelele'.".

219. Sersant Moses Nkosi het omstreeks 1-uur nm. (maar blykbaar voor luitenant-kolonel Pienaar aangekom het) van diens af gegaan. Hy het tussen die skare in Zwane-straat deur gestap op pad na sy huis, en hy het ook geen moeilikheid ondervind nie. Hy getuig dat die skare "Arika" uitgeroep het.

220. Twee fototgrawe, nl., Hoek (van n Engelstalige dagblad "Rand Daily Mail") en Berry (van "Drum", n tydskrif wat hoofsaaklik vir Bantoes bedoel is) het ook omstreeks 1-uur nm. tussen die skare beweeg. Albei van hulle het blykbaar agter die groep voertuie wat onder beheer van kaptein Brummer was na die omgewing van die polisiestasie gery. Hoek het in Zwane-straat verby die polisiestasie gery, eers van oos na wes en kort daarna weer van wes na oos. Hy getuig dat die voertuie n mate van moeilikheid ondervind het om deur die skare te dring. Hy sê die skare was "opgewonde gewees en hulle het geskree en die arms opgelig - 'gesticulated'", maar geen geweld is teenoor hom of sy motorkar gepleeg nie. (Na die skietvoorval was die motorkar wel onder die klippe gesteek - toe was hy egter n paar honderd treë weg van die polisiestasie). Sy geheel-indruk het hy as volg gestel:

"Wel, ek het die indruk gekry dat die toestand ontplofbaar is; maar wat kon gebeur het, kan ek nie sê nie. Dit was baie moeilik om te skat, op daardie stadium, wat sou gebeur."

Hy het fotos van gedeeltes van die skare geneem. Hierdie fotos werp geen besondere lig op die gebeure nie, behalwe dat dit die indruk skep dat op die tydstip toe die fotos geneem was die skare in daardie gedeeltes van die strate waarop dit betrekking het nie bankvas dwarsoor die straat gestaan het nie. Daar moet egter onthou word dat die fotos geneem was kort na die konvooi voertuie in die strate beweeg het en die polisiestasie-terrein binnegery het. Dit is te betwyfel of die skare ooit heeltemal staties gebly het.

221. Berry het ook kaptein Brummer se konvooi gevolg en sy motorkar (wat deur sy kollega Humphrey Tyler bestuur was) was in Zwane-straat aan die oostekant van die groep polisie onder bevel van kaptein Coetzee geparkeer. Van daar het hy deur die skare gestap tot by die suidwestelike hoek van die polisie-stasie-terrein. Hoewel Berry se getuienis na my beskouing 'n toonbeeld van onderskatting is, beskou ek hom nogtans as 'n redelik betroubare getuie. Sy neiging tot onderskatting wyt ek eerder aan sy geaardheid in die algemeen as aan 'n poging tot opsetlike misleiding terwyl hy in die getuiebank was. Sy getuienis was dat hy sonder veel moeite sy weg deur die skare gebaan het en dat hy hoegenaamd geen vyandiggesindheid teenoor hom bespeur het nie. Hy het egter toegegee dat daar moontlik nie dieselfde gesindheid teenoor die polisie as teenoor hom bestaan het nie. Die duimteken wat herhaaldelik in die rigting van die polisie gewys was het hy as 'n teken van protes teen die polisie gesien. Dat die skare wel luid-drugtig was blyk na my beskouing duidelik uit Berry se

getuienis en onder meer uit die volgende passaat in sy hoof-getuienis:

"Before we leave the scene, I want to ask you something about the crowd in general. Do you understand the Bantu language? --- No; I don't.

Well, then I must just ask you for your impression. You have said that this crowd shouted 'Afrika!' and 'Izwe Lethu!'. Did you gain the impression that this crowd was being abusive to the Police?

THE CHAIRMAN: Now you must distinguish, if you can, between the crowd as a whole and the conduct of the individuals? --- Yes. I think the crowd as a whole were shouting these two words at the Police pretty well continuously. It was impossible for me to see any individuals who were behaving differently.

EXAMINATION CONTINUED: Did you hear any shouts of 'Cato Manor', for instance? --- No; I did not.".

Hy sê voorts ook in sy getuienis dat hoewel die skare teen die draadomheining geleun het, hy daarvan oortuig is dat die omheining nie merkbaar oorgedruk was nie. Sy beskouing was dat indien die omheining wel merkbaar oorgedruk was dit later moes gebeur het. Hierdie getuienis is van meer as net verbygaande belang en ek verwys later weer daarna. Dit moet in gedagte gehou word dat Berry se getuienis in hierdie verband verwys na die tyd toe luitenant-kolonel Spengler en kaptein Brummer by die polisiestasie aangekom het. Tsolo en More was nog nie gearresteer nie en hulle en enkele ander Bantoes het n mate van beheer oor die skare uitgeoefen veral wat drukking teen die draadheining betref. Berry het verskeie fotos vanaf die suidekant geneem. Ek heg afdrukke van twee van hierdie fotos hierby aan. (Aanhangsels "N" en "O").

146/...

Eersgenoemde toon n gedeelte van die skare in Zwane-straat. Aanhangsel "O" is met n langafstandlens geneem vanaf n punt naby die suidwestelike hoek en gee n blik op die gedeelte van die skare in die onmiddellike omgewing van die dubbelhek aan die westekant van die polisiestasiegronde. Berry was teenaan die draadomheining aan die suidelike kant. Die indruk wat die foto skep, nl., dat die fotograaf ook naby die hek was, moet aan die tipe lens wat gebruik was gewyt word. Thomas More het homself as een van die persone op die foto uitgeken. Dit was eers aan luitenant-kolonel Pienaar gestel dat die motorkar op Aanhangsel "O" syne was. Dit het egter duidelik geblyk dat dit nie die geval was nie, maar dat dit een van die motorkarre is wat saam met die Saracens onder bevel van kaptein Brummer gekom het. Luitenant-kolonel Pienaar het eers ongeveer 10-15 minute later aangekom. Op n vraag van advokaat Kentridge het luitenant-kolonel Pienaar erken dat die voorkoms van die skare by sy aankoms by die hek ooreenstem met wat uit Aanhangsel "O" blyk.

222. Na my beskouing het die fotos wat Berry en Hoek van die skare geneem het nie die bewyskrag wat advokaat Kentridge daaraan heg nie, veral nie waar dit oor die gemoedstoestand van die skare gaan nie. Aanhangsel "O" bewys natuurlik duidelik dat daar op die tydstip toe die foto geneem was g'n neiging tot instroming deur die hek was nie. Dit blyk ook dat die polisie wat op die foto verskyn waarskynlik op daardie oomblik nie sodanige verwag het nie. Na my beskouing bewys dit egter nie[illegible] die kamera gee n statiese beeld van n klein gedeelte van die skare - en dit sonder die meegaande klank. Die foto moet gesien word as een van n klein gedeelte van n groot skare wat (selfs volgens die fotograaf) deurentyd geskreeu het, en die duimteken by wyse

van protes teen die polisie gewys het. As daar nog uitjouery, enkele uitroepe van "Cato Manor", "Polisiehonde", e.d.m. bygevoeg word, dan het U Eksellensie na my beskouing n duideliker beeld van die skare as die wat deur advokaat Kentridge aan die hand gedoen word.

223. Die getuienis van Labuschagne, Nkosi, Hoek en Berry bewys na my beskouing egter dat die skare aan die suidelike kant in Zwane-straat omstreeks 1-uur nm. nie in so'n stemming was dat hulle sondermeer tot geweldpleging sou oorgaan nie. Hulle was egter luiddrugtig en enkele het die polisie in Zwane-straat uitgejou en uitgetart - soos uit kaptein Coetzee se getuienis blyk. Die houding teenoor die blanke polisie in Zwane-straat dui moontlik daarop dat die skare n verskil tussen hulle en blanke burgerlikes getref het. Dit is egter n feit dat die skare in Zwane-straat nog toe nog later enige werklike poging gedoen het om die polisiegronde binne te gaan, ondanks die feit dat die hek nog gesluit nog bewaak was.

224. Daar is ook verwys na die feit dat die polisiegetuienis oor die stemming van die skare nie te rym is met die versuim om enige stappe ter beveiliging van die polisie of die polisiestasie te doen voor die aankoms van luitenant-kolonel Pienaar nie. Ek glo nie dat veel gewig aan hierdie oorweging gegee kan word nie. Selfs toe kaptein Theron in bevel was, was daar te min polisie om handelend op te tree. Kaptein Theron verduidelik dat dit juis die houding van die skare was wat hom laat besluit het om niks te doen wat die posisie moontlik kon laat versleg nie. Dit was trouens die benadering van die polisie vanaf die tyd wat hoofkonstabel Heyl daar aangekom het totdat luitenant-kolonel Pienaar uiteindelik die bevel van kaptein Theron oorgeneem het.

225. As daar op al die getuienis en die waarskynlikhede gelet word dan meen ek dat die volgende bevinding oor die stemming van die skare tydens luitenant-kolonel Pienaar se aankoms geregverdig is. Die algemene indruk is dat die skare as n geheel luiddrugtig was. Wat dit betref sou ek vermoed dat daar hoogtepunte en laagtepunte was, wat dikwels in verband gestaan het met opsweping van die kant van die leiers. Hoewel daar moontlik n mate van oordrywing in die getuienis was, is ek oortuig dat daar uitjouery was, dat skeldwoorde teenoor die polisie gebruik was en dat daar by geleentheid dreigemente van geweldpleging teenoor hulle deur betogers geuiter was. Dat van die betogers bose gedagtes gekoester het is beslis moontlik, maar daar is geen aanvaarbare getuienis van enige gemeenskaplike opset om die polisie aan te val nie. Die blote feit dat luitenant-kolonel Spengler dit veilig geag het om die dubbelhek oop te maak en van die leiers na die polisiestasie te neem op n wyse wat vir die skare as arrestasie sou skyn te wees getuig daarvan dat die lede van die Veiligheidstak nie n onmiddellike aanval verwag het nie. Hoewel die skare teen die draad-omheining geleun het, glo ek dat dit tot op daardie stadium nie so ernstig was nie. Tot omstreeks 1-uur nm. was die posisie binne die omheinde terrein betreklik staties - daar het nie juis iets gebeur wat tot uitermatige opwinding aan die kant van die skare gelei het of kon lei nie. Die leiers van die skare het ook n mate van beheer uitgeoefen omdat hulle self besef het dat drukking teen die draad gevaar inhou. Ek is egter ook oortuig dat al die betogers nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie. Na my beskouing moet onderskei word tussen die skare wat aan die suidelike en suidwestelike kant was en die aan die westelike kant in die omgewing van die dubbelhek. Vanaf omstreeks 1-uur nm. het die belangstelling

225. As daar op al die getuienis en die waarskynlikhede gelet word dan meen ek dat die volgende bevinding oor die stemming van die skare tydens luitenant-kolonel Pienaar se aankoms geregverdig is. Die algemene indruk is dat die skare as n geheel luiddrugtig was. Wat dit betref sou ek vermoed dat daar hoogtepunte en laagtepunte was, wat dikwels in verband gestaan het met opsweping van die kant van die leiers. Hoewel daar moontlik n mate van oordrywing in die getuienis was, is ek oortuig dat daar uitjouery was, dat skeldwoorde teenoor die polisie gebruik was en dat daar by geleentheid dreigemente van geweldpleging teenoor hulle deur betogers geuiter was. Dat van die betogers bose gedagtes gekoester het is beslis moontlik, maar daar is geen aanvaarbare getuienis van enige gemeenskaplike opset om die polisie aan te val nie. Die blote feit dat luitenant-kolonel Spengler dit veilig geag het om die dubbelhek oop te maak en van die leiers na die polisiestasie te neem op n wyse wat vir die skare as arrestasie sou skyn te wees getuig daarvan dat die lede van die Veiligheidstak nie n onmiddellike aanval verwag het nie. Hoewel die skare teen die draad-omheining geleun het, glo ek dat dit tot op daardie stadium nie so ernstig was nie. Tot omstreeks 1-uur nm. was die posisie binne die omheinde terrein betreklik staties - daar het nie juis iets gebeur wat tot uitermatige opwinding aan die kant van die skare gelei het of kon lei nie. Die leiers van die skare het ook n mate van beheer uitgeoefen omdat hulle self besef het dat drukking teen die draad gevaar inhou. Ek is egter ook oortuig dat al die betogers nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie. Na my beskouing moet onderskei word tussen die skare wat aan die suidelike en suidwestelike kant was en die aan die westelike kant in die omgewing van die dubbelhek. Vanaf omstreeks 1-uur nm. het die belangstelling

na daardie gebied verskuif. Daar was n groter samedromming in daardie omgewing, vermoedelik omdat die eerste groot groep versterkings en veral die Saracens sopas daar die polisiegronde binnegery het. Dit is ook by die dubbelhek waar die lede van die Veiligheidstak onmiddellik na hulle aankoms opgetree het. Tsolo, More, Moses Smit en moontlik ander leiers het hulle toe ook in daardie omgewing bevind. Na my beskouing is dit waarskynlik dat n aansienlike aantal van Tsolo se vurigste ondersteuners hulle toe ook in daardie omgewing bevind het en dit sou die meerderheid van die veglustige jong manne wat van Seeiso-straat saam met Smit en Qwade gekom het ingesluit het. Ek meen dat hulle ook die luiddrugtigste sou gewees het.

226. Ek wil kortliks na die kwessie van die bewapening van die skare verwys. Ek het reeds daarna verwys dat hoofkonstabel Heyl getuig het dat hy nie wapens by die skare in Zwane-straat gesien het nie. n Oorweging van al die getuienis regverdig die besluit dat die skare nie as n gewapende skare beskou kan word nie. n Aansienlike gedeelte van die mans wat daar aanwesig was het hulle huise die oggend verlaat met die doel om na hulle werk te gaan. Hulle sou nie kieries gedra het nie. U Eksellensie is daarvan bewus dat Bantoes dikwels uit gewoonte kieries dra. Daar is getuienis dat Bantoes gedurende die nag en in Seeiso-straat kieries gedra het (dit was blykbaar veral die jonger Bantoes wat by die veldtog van intimidasie betrokke was). Dit is baie waarskynlik dat n onbepaalbare aantal betogers wel kieries gehad het. Na my beskouing was dit egter nie n belangrike aspek van die gebeure by die polisiestasie nie. Dat daar booswigte en tsotsis was wat nog gevaarliker wapens soos messe en skerp ysters gehad het is ook waarskynlik. Vir die wat klippe wou gooi sou daar

150/...

altyd een byderhand wees (dit is letterlik sowel as figuurlik gesproke waar). Vir sover die posisie gevaar ingehou het, is die bewapening van die skare n faktor van geringe belang. Die belangrike faktore was na my beskouing, onder meer, die grootte en stemming van die skare en veral hulle nabyheid aan die polisie. Ek verwys egter later weer hierna.

227. In paragraaf 204 hierbo het ek verwys na luitenant-kolonel Pienaar se getuienis oor die indruk wat die skare op hom gemaak het. Wat sy indruk betref moet daar onthou word dat sekere omstandighede dit bepaal het. Daar was, eerstens, die wanindruk waaronder hy verkeer het, nl. dat die skare reeds vroeër die môre n aggressiewe houding geopenbaar het en dat verskeie mislukte pogings tot uiteenjaging by die polisiestasie onderneem is. Hy was ook meegedeel dat die polisiestasie deur sowat 20,000 Bantoes omsingel was. Hy het die polisiestasie vanaf Seeiso-straat genader en die polisiestasie-terrein vanaf die westekant deur die dubbelhek binnegery. Met ander woorde, hy het deur die skare gedring waar die digste samedromming was en waar, soos ek reeds hierbo aangedui het, die vurigste en veglustigste betogers vergader het. In sy getuienis stel hy dit dat die posisie aan die westekant volgens sy oordeel die meeste gevaar ingehou het.

228. Dit is onmoontlik om vas te stel presies hoe laat luitenant-kolonel Pienaar by die polisiestasie aangekom het. Ek meen dat hy waarskynlik tussen 1.10 nm. en 1.20 nm. aangekom het, d.w.s. van 20 na 30 minute voor die skietvoorval wat nagenoeg om 1.40 nm. plaasgevind het.

229. Luitenant-kolonel Pienaar getuig as volg oor die gebeure onmiddellik na sy aankoms:

"I have had 36 years of service, and I have been - I have dealt with many mobs, and I know what the psychology of a

mob is; they have no conscience, are capable of any rash act; and when I landed in the yard, there, my first concern was to muster the Police and to form them up in readiness for any possible attack that might come. As I say, I found Captain Theron there and I spoke to him. There was not much time for deliberating. He told me that the position was very ugly, that the Natives had once or twice come across the fence and he agreed that immediate steps had to be taken. I then ordered that the men had to formed up facing the fence, facing the crowd. While I was busy forming up the men - it took some time to get them in line and separated; I did not want them too close together, - a few stones fell amongst the Police.".

Ongeveer 70 blanke lede van die mag het aangetree en teenoor die westelike omheining stelling ingeneem. Die meerderheid van die manne was konstabels, hoewel daar ook sersante en moontlik ook een of twee hoofkonstabels was. Die bewapening het bestaan uit rewolwers, .303 gewere en n paar stengewere. Geen verdedigende linie is aan enige ander kant opgestel nie - daar was trouens baie min blanke polisie aan die suidelike kant. Nadat die linie opgestel was het luitenant-kolonel Pienaar besluit dat hulle te na aan die omheining was en hulle gelas om terug te staan. Selfs na hulle teruggetree het was hulle maar ongeveer 7 of 8 treë van die omheining. Volgens sy verduideliking het die posisie van die Saracens dit onprakties gemaak om die linie nog verder terug te skuif. Geen bepaalde metode is by die opstel van die linie toegepas nie. Die linie is nie in groepe onder bevel van n offisier en onder-offisiere verdeel nie. Luitenant-kolonel Pienaar het toegegee dat sodanige optrede beter sou gewees het, maar verduidelik dat die omstandighede so dringend was dat hy dit nie kon doen nie.

Afgesien van die feit dat opdrag later gegee is dat die manne nie sonder 'n bevel daartoe mag skiet nie, is geen besondere voorligting aan die manne in die linie gegee oor hoe hulle in bepaalde omstandighede moes optree nie. Die Saracens was onder bevel van kaptein Brummer en luitenant-kolonel Pienaar het die besluit in verband met die noodsaaklikheid om die masjiengewere te gebruik aan hom oorgelaat. Die bemanning van die Saracens het nie aangetree nie en het blykbaar in die omgewing van hulle voertuie gebly. Die ander polisie wat nie aangetree het nie het ook aan die westekant gestaan, hoewel sommige van hulle vermoedelik meer na die suidelike kant gestaan het. Daar was 'n vertraging met die opstel van die linie omdat sommige gemeen het dat hulle in kolomme van drie moes aantree. Terwyl luitenant-kolonel Pienaar en andere besig was om die linie op te stel het luitenant-kolonel Spengler hom genader en hom meegedeel dat hy besig was om van die leiers aan te keer. Luitenant-kolonel Pienaar sê dat hy haastiglik hierdie optrede goedgekeur het. Luitenant-kolonel Spengler het toe weer na die hek teruggekeer.

230. Luitenant-kolonel Pienaar het 'n bietjie later 'n bevel gegee dat 5 rondtes gelaai moes word. Die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het beskryf hy as volg:

"Did you give any additional orders? --- Yes. As I say, at a certain stage stones began falling amongst the Police - isolated stones were falling amongst the Police. I saw Col. Spengler at the gate with Sergt. Muller. They had hold of a Native, there, and both of them were flung back into the yard and some of the Natives were going after them, but they retreated. At that stage, I expected an immediate attack and I gave the order to load

with five rounds. I knew that the men would alre[illegible] have loaded, but I gave this order in the hope that it would have a sobering effect on the crowd and to indicate to the men that if it should come to that, the initial firin[illegible] limited to five rounds.".

Hy het die manne ook toe gewaarsku dat daar nie sonder n bevel geskiet mag word nie. Op hierdie tydstip was hy voor die linie omtrent 10 treë van die hek en aan die noordelike kant daarvan. Van die ander offisiere en onder-offisiere het verder langs die linie af gestaan.

231. Luitenant-kolonel Spengler verwys ook na hierdie voorval by die hek, en meld dat daar by daardie geleentheid krete van "Cato Manor!" aangehef was. In hierdie verband wil ek egter meld dat die getuienis oor die verloop van die gebeure gedurende die laaste paar minute nie altyd samehangend is nie.

232. Die algemene strekking van die polisiegetuienis is dat die toestand toe uiters gespanne was. Die lawaai was so geweldig dat bevele van offisiere slegs op n kort afstand gehoor sou kon word. Die Bantoes - veral die aan die weste-kant - het teen die draadomheining gedruk en dit oorgebuig. Enkele klippe was reeds in die rigting van die polisie - waarskynlik na luitenant-kolonel Spengler - gegooi. Dit was die posisie terwyl die 70 lede van die polisiemag in n linie gestaan het en reeds beveel was om te laai. Hierdie optrede het blykbaar geen uitwerking op die skare gehad nie. Verskeie polisiegetuies het getuig dat hulle verwag het dat die skare enige oomblik tot die aanval kon oorgaan. Gedurende daardie tydperk het luitenant-kolonel Spengler en ander lede van die Veiligheidstak by die hek opgetree, en dit by geleenth id opgemaak. Hoewel die hek soms miskien met moeite toegedruk

was, blyk dit nie dat daar toe enige neiging by daardie gedeelte van die skare was om tot die aanval oor te gaan nie, hoewel hulle na my beskouing toe reeds in n toestand van uiterste opgewondenheid verkeer het. Die optrede van luitenant-kolonel Spengler dui daarop dat hy oltans nie die oordeel was dat die skare by die hek op die punt van n aanval gestaan het nie. Na my beskouing was die breekpunt egter nader as wat hy blykbaar gedink het. Soos hieronder blyk, regverdig die getuienis na my beskouing die bevinding dat hierdie optrede van die polisie n regstreekse verband het met die handelinge van die skare wat tot die gebruik van vuurwapens gelei het.

233. Voor ek verslag doen oor die laaste oomblikke voor daar geskiet was, wil ek na die getuienis van enkele Bantoe getuies verwys wat betrekking het op die gebeure na die aankoms van luitenant-kolonel Pienaar. Die algemene strekking van die Bantoe getuies wat deel van die skare was, is dat daar geen voorbedagte plan was om geweld te pleeg nie. Hulle het nie te enige tyd kwaaie gevoelens teenoor die polisie gekoester nie. Baie van hulle het erken dat die skare lawaaierig was, maar dit gewyt aan die gemeenskaplike sang van die skare. Sommige getuies het gemeen dat die Saracens en afdelings polisie na die polisiestasie gekom het om as erewag te dien vir die persoon wat hulle sou kom toespreek. Geeneen het enige rede vir die polisie-optrede gesien nie. Die stemming van die skare het deurgaans dieselfde gebly, ondanks gebeure waarby Tsolo, More en andere by die hek betrokke was.

234. Dit was aan luitenant-kolonel Spengler gestel dat daar getuienis was dat hy iemand aangerand het. Spengler het dit ontken. Hy het egter erken dat hy met ene Dhlamini -

die derde persoon wat hy by die hek aangehou het - ge... het. (Ek meen dat dit waarskynlik is dat hy hier verwys na Peter Molefi, n Bantoe wat getuienis gegee het). Advokaat Kentridge het die volgende vrae aan die getuie Labuschagne gestel, nl.:

"Did you notice whether Col. Spengler struck this man - hit him? --- Nee.

You didn't see that? --- Ek het nie gesien nie.

Because there is certain information that we have, that one of the men, the white men at the gate, struck this man who was being pulled in and that that gave rise to excitement in the crowd? --- Nee; ek het dit nie gesien nie.".

235. Die oorwig van getuienis dui na my beskouing daarop dat die optrede teen ten minste twee persone van so'n aard was dat n gedeelte van die skare dit as n aanranding kon beskou het. Albei voorvalle het kort voor die eerste skote geknal het, plaasgevind. Die een, Peter Molefi, was n ondersteuner van die veldtog, terwyl die tweede een Moses Smit was. (Ek het reeds vantevore na sy getuienis verwys). Smit was n lid van die Pan Africanist Congress en een van die leiers van die betogers.

236. Peter Molefi het getuig dat hy by die hek aan die westekant gestaan het. Hy sê dat luitenant-kolonel Spengler na die hek gekom het. Molefi en ander Bantoes het die hek oopgemaak. Hy het onder die indruk verkeer dat luitenant-kolonel Spengler na buite wou kom om alle toe te spreek en hy het probeer om die skare in sy onmiddellike omgewing stil te maak. Luitenant-kolonel Spengler het hom voor die bors gegryp en deur die hek gestuk. Na hy n paar maal geklap is,

is hy na die polisiestasie geneem. Hy sê dat hy hom gewillig oorgegee het, maar dat die polisie nie na hom wou luister nie. Hy sê dat die skare by die hek nie vyandigsindheid geopenbaar het nie. Terwyl hy aangerand was het iemand geskreeu dat hy hom moes onderwerp. Volgens hom sou hy by die ingang na die binneplein van die polisiestasie gestaan het toe daar geskiet was. Verskeie Bantoes gee getuienis oor hierdie voorval. Meshack Mkwanazi het langs die dubbelhek gestaan toe Molefi aangehou was. Hy sê dat Molefi geskop en geslaan was. Hy is een van die weinige Bantoe getuies wat gesien het dat klippe vanuit die skare gegooi was. Hy sê dat drie kinders klippe na luitenant-kolonel Spengler gegooi het terwyl hy besig was om Molefi aan te rand. Moses Smit verwys ook na 'n aanranding op Molefi en sê dat die skare toe die "Afrika" kreet herhaaldelik uitgeroep het, hulle arms omhoog gehou het en die duimteken gewys het. Hy het egter ontken dat die stemming van die skare by die hek as gevolg van die aanranding op Molefi enigsins verander het.

237. Die beskikbare getuienis oortuig my dat die aanhouding van Peter Molefi wel die stemming van die skare in die omgewing van die hek aan die westekant geaffekteer het, veral daar dit waarskynlik is dat hulle onder die indruk verkeer het dat hy aangerand word. Baie van hulle moes teen die tyd besef het dat daar waarskynlik geen toespraak sou wees nie. Instede daarvan word die leiers en Bantoes by die hek nou met aanhouding gedreig. Die gebeure by die hek was na my beskouing bereken om die gemoedere nog meer gaande te maak en om die belangstelling op daardie gebeure toe te spits. Die onvermydelike gevolg sou wees dat daar nog 'n groter samedromming by die omgewing van die hek sou wees en dat die

Bantoes veral teenaan die omheining aan die westekant sou leun ten einde die gebeure by die hek waar te neem. 'n Gedeelte van die skare aan die suidekant in Zwane-straat sou nie bewus gewees het van wat by die hek aan die westekant gebeur het nie. 'n Gedeelte van die skare aan die westekant wat nie naby die draadomheining gestaan het nie sou ook nie die gebeure kon waarneem nie. Waar daar dus tekens van opgewondenheid onder die skare in die omgewing van die dubbelhek was, kan 'n mens maklik begryp dat daar meer na agter in die skare beweging en indringing sou wees aan die kant van diegene wat nader aan die oorsaak van die opgewondenheid wou kom. Ek meen stellig ook dat die wat aan die westekant teenaan die draad gestaan het heelwaarskynlik oor moes leun om 'n behoorlike blik op die gebeure by die hek te kry.

238. Dit is dan soos ek die posisie enkele minute voor die polisie op die skare gevuur het in die lig van al die getuienis en met inagneming van die waarskynlikhede sien. Daar was 'n groot en opgewonde skare wat hoofsaaklik aan die suidelike en westelike kante van die polisiestasie saamgedrom het. Hoewel die graad van opgewondenheid van tyd tot tyd en van een gedeelte van die skare na 'n ander gedeelte gewissel het, meen ek dat dit aanvaar kan word dat 'n hoogtepunt in die omgewing van die dubbelhek bereik is tydens die gebeure wat daar plaasgevind het na die aankoms van luitenant-kolonel Pienaar. Dit is ook in hierdie omgewing waar Thomas More kort na die aankoms van luitenant-kolonel Spengler die skare toegespreek het om hulle nogmaals te herinner aan hulle griewe in verband met die dra van bewysboeke. Volledigheidshalwe moet ek byvoeg dat hy hulle toe ook weer aangesê het om nie teen die draadomheining te druk nie, en ook om nie 'n steurnis te veroorsaak nie. Teen die tyd wat Molefi aangeh.

158/...

was, was Tsolo en More egter nie meer daar om enige leiding te gee nie. Ek het al die getuienis en die betrokke waarskynlikhede so sorgvuldig moontlik oorweeg en tot die slotsom geraak dat dit onwaarskynlik is dat daar selfs op daardie tydstip 'n gemeenskaplike opset by die skare as 'n geheel bestaan het om die polisie aan te val. Dit is egter beslis moontlik dat baie Bantoes teen daardie tyd sodanige gedagtes gekoester het, en ek sou verwag dat dit veral die geval was by die groep in die omgewing van die hek aan die westelike kant. In hierdie verband sal U Ekskellensie in gedagte hou dat ek vroeër reeds aangedui het dat die groep veglustige jong mans wat saam met Moses Smit en Qwade van Seeiso-straat gekom het hoelwaarskynlik in daardie omgewing stelling ingeneem het.

239. Teenoor die skare aan die westelike kant, op 'n afstand van hoogstens 8 treë, het die sowat 70 polisie in 'n linie gestaan. Die vuurwapens was gelaai en die vingers was op die snellers - indien nie letterlik nie dan tog wel figuurlik gesproke. Die spanning het opgelaai. Almal, van die onervare konstabel tot die bevelvoerende offisier het die posisie van moment tot moment dopgehou. Die verwagting was dat "iets gaan gebeur". Labuschagne wat die Bantoes goed geken het, het getuig dat hy toe vir die eerste maal bang en bekommerd gevoel het. Tussen die skare en die polisie was die diamantdraadomheining.

240. 'n Voorval van klimakteriese aard het met verrassende skielikheid plaasgevind en binne sekondes 'n beslissende wending in die gebeure by die Sharpeville polisiestasie veroorsaak.

241. Luitenant-kolonel Pienaar, wat toesig gehou het van die groep polisie wat as 'n gedissiplineerde eenheid opgestel was, getuig as volg oor die gebeure by die hek na Molefi aan:

1ste ...

"And just tell us something more about what happened at the gate. How did this incident at the gate come to an end? --- At that moment, when he had the first skirmish with that Native at the gate, they appeared to come after him to get hold of this person that he had, but they failed. Then some time after that - in the meantime the crowd was leaning forward over that fence, and in places it was practically pushed over 45°. Then three things happened there practically simultaneously. I saw Col. Spengler again at the gate and I suddenly saw him stagger backwards, and the crowd bursting in through the gate. Two shots were fired from the mob, and a strong shower of stones fell amongst the Police. Almost at once, after that, two shots were heard on the left flank, from the Police, and then the whole line started shooting.

When you talk about the left flank, that would be on the Southern side - the Soutern end of the line? --- The South-Western flank. Then the whole line started firing.

Where were you at that time? --- I was still at that point.

In front of the line? --- No; I was amongst the men, probably in the line.

And you say you had not given an order to fire? --- No; I did not.

What did you do, then? --- At that stage, I was prepared to give an order to fire on the gate, where they had burst through.

Why at the gate? --- Because there, to my mind, was the immediate danger; and they were bursting through the gate.

Did you think that the danger that there was, was coming from the gate only? --- No. I was satisfied that

160/...

an attack was actually made on the Police.

You say you were under the impression that an attack was actually made at that stage? --- Yes. As far as general orders to fire were concerned, I would probably have waited a few moments longer to see whether a sustained attack would be made.

You thought the attack was definitely at the gate? --- Yes.".

242. Luitenant-kolonel Spengler se getuienis oor hierdie voorval lui as volg:

"Was daar geen ander Bantoes wat u ook geneem het, of gepoog het om in te neem nie? --- Ja; ek is weer terug na die voorhek-toe, waar 'n sekere Bantoe met 'n rooi hemp aan die buitekant baie te kere gegaan het. Ek het hom gevra wat hy soek en hy het gesê, 'We don't want passes. Afrika!' waarop die gehoor spontaan tot uitbarsting aangespoor is. Ek het hom gevra om in te kom. Hy het na die hek-toe aangestap gekom. Toe ek die Bantoekonstabel beveel om die hek oop te maak, het hy teruggedeins. Ek het toe weer beveel dat die hek toegemaak word, en daar bly staan. Terwyl ek nog daar gestaan het, het 'n Bantoe doodluiters aangestap na die hek gekom, en voor die hek kom stilstaan. Ek het weer vir hom gevra, 'Wat wil julle hê?'.

Dit was toe 'n ander Bantoe? --- 'n Ander Bantoe, ja. Hy het gesê, 'I wish to surrender myself. I and my people don't want to carry passes'. Ek het die Bantoekonstabel beveel om die hek oop te maak, en toe die Naturel probeer om in te kom, het van agter die Naturelle vorentoe gebeur, soveel so, dat ek omgestamp was. Terwyl ek in 'n bukkende posisie was, het klippe begin reën, en nog voor ek orent kon kom, het ek skote gehoor val.

161/...

Die Bantoes wat vorentoe gebeur het, wat was die gevolg? --- Die gevolg was dat Bantoes by die hek ingestroom het.

Hoe ver het hulle werklik deur die hek gekom? --- n Treë of twee.

Hoeveel, sou u sê, het so deurgekom? --- Seker 100 of 200; wat in was, was seker omtrent 50; maar wat die stroom toe ingebring het by die hek, was seker 100 of 200, binne n paar sekondes.

Wat was u indruk; wat was die bedoeling van daardie beuring? --- Ek het gevoel dat hulle n aanval loods.

Het dit vir jou so voorgekom, op daardie tydstip? --- Ja.

En toe, sê jy, het die klippe begin reën en die Polisie het begin skiet? --- Ja; die klippe het eers gereën, en toe het die Polisie geskiet.

En waar was jy tydens die skietery? --- Tussen die Polisie en die Bantoes.

Tussen die lyn wat nou skiet, en die Bantoes? --- Ja.

Maar het jy nie daar in gevaar verkeer van koeëls nie? --- Moontlik.

Was jy die heel tyd daar? --- Die heel tyd.

Nog voor die hek? --- Voor die hek.

En wat het geword van die klomp wat daar deurgedruk het? --- Met die skietery het hulle teruggehardloop.

Hulle was teruggedruk? --- Nee; hulle het teruggegaan.

Sê u dat dit die skietery gewees het wat hulle laat terugval het? --- Ja.

DIE VOORSITTER: Was die dubbelhek toe geheel-en-al oop gewees? --- Dit was heeltemal oop gemaak.".

243. Kaptein Theron beskryf die gebeure as volg:

"Is - het daar enigiets gebeur wat hom betref? --- Kol. Spengler?

Ja? --- Ja; dit het vir my geskyn hy is besig om iemand te ondervra by die hek. Hy is van die Veiligheidstak. Hy was besig om iemand te ondervra, voor by die hek. Hy het toe weer teruggegaan. Na n kort rukkie het hy weer na die hek teruggekeer, vergesel van n ander speurder. Ek ken hom ongelukkig nie. Toe het dit vir my geskyn hy was besig, daar, om n arrestasie te maak, of, alternatief, n persoon daar te ondervra. Terwyl hy daarmee besig was, het die klomp by die hek vir hom teruggedruk. Hulle het ingestorm. Terselfdertyd het ek twee skote verneem. Dit het vir my gegaan dit was van die skare afkomstig. Dit het vinnig gegaan, op daardie stadium. Daar het klippe en ander instrumente oor die draad gekom, wat na ons geslinger was. Ek was op daardie stadium tussen die skare en die opgestelde ry Polisiemanne gewees. Ek het gekyk en gesien een van die lede van die Mag, n blanke man, gryp hier na die linkerkant van sy lyf. Dit het vir my gelyk of n voorwerp hom getref het. Ek kon nie sien wat hom getref het nie. Toe die klippe kom - na die twee skote, en die klippe, het een van die manne in ons geledere sonder enige bevel n skoot gelos, of twee skote, en daarna het meer skote gevolg.

Van die manne wat daar in linie gestaan het? --- Van die manne wat daar in linie gestaan het.

Net voor ons verder gaan: Toe kol. Spengler die arrestasie uitvoer, was die manne alreeds in gelid? --- Hulle het reeds in gelid gestaan, ja.

En jy praat van n moontlike paar arrestasie wat hy uitgevoer het? --- Dit het vir my geskyn, het ek gesê, hy was besig om n arrestasie te maak, of alternatief iemand te ondervra, daar.

Dit het jou so voorgekom? -- Ja.

Was daar enige verandering in die houding, in die stemming van die skare, nadat hy dit gedoen het? --- Die lawaai het toegeneem, en dit het nog erger geword nadat hy daar gewees het. Maar daar was nie geweld gepleeg, wat ek gesien het nie. Maar ek sou sê, die lawaai het ietwat toegeneem, op daardie stadium, toe kol. Spengler daar gewees het, by die hek.".

244. Kaptein Van den Berg het op my versoek navraag gedoen oor getuienis wat daarop dui wie die eerste gevuur het. Dit kon egter nie vasgestel word nie. Na my beskouing kan egter bevind word dat een of meer van die manne in die linie wat in die omgewing van die dubbelhek gestaan het waarskynlik die eerste skote afgevuur het. Die getuies is dit nie almal eens oor die presiese verloop van sake nie, en dit is ook nie altyd duidelik of hulle mekaar weerspreek, en of dit bloot die geval is dat hulle mekaar aanvul nie.

245. Verskeie lede van die polisie wat gevuur het, het voor my getuig. Een van hierdie getuies is n konstabel Joubert van Springs wat saam met kaptein Theron by die polisiestasie aangekom het. Hy was met n sten-geweer bewapen en het 10 skote (op enkelvuur) geskiet. Hy het regoor die dubbelhek gestaan, en getuig as volg:

"Waarom het jy geskiet? --- Ek was aan die Westekant van die Polisiestasie, waar ek stelling ingeneem het. Die skare het op daardie oomblik n dreigende houding ingeneem. Hulle het ons gegooi met klippe. Ek myself was raakgegooi deur n klip op my linkerbors. Die skare wou by die hek inkom. Daar was lede van die Mag wat die skare teruggedruk het voor die hek toegemaak het. Toe hulle gooi met die klippe, het daar van die skare op ons afgestorm, deur die hek. Op daardie oomblik het ek begin vuur.

Het jy n bevel gehoor? --- Ek het geen bevel gehoor nie, en al sou daar n bevel gewees het, sou dit baie moeilik gewees het om die bevel te gehoor het.

Wanneer jy nou sê dat jy op n gegewe oomblik begin skiet het, meen jy daardeur dat jy die eerste man was wat geskiet het? --- Nee; ek was nie die eerste man wat geskiet het nie. Daar was skote gevuur voordat ek geskiet het.

Het jy geskiet omdat jy die skote gehoor het, of vir n ander rede? --- Ek het vir n ander rede geskiet.

Watter rede? --- Ek het geskiet omdat my lewe, sowel as die ander lede wat by my was, se lewens in gevaar was.

Toe jy die ander skote gehoor het, was jy onder die indruk dat n bevel gegee was? --- Ek was onder daardie indruk.

n Bevel wat jy nie kon hoor nie? --- n Bevel wat ek nie kon hoor nie.

Waarin het hierdie groot gevaar bestaan, dat jy gereken het dat julle lewens in gevaar is? --- Die skare was vreeslik opgesweep gewees. Hulle het n vreeslike dreigende houding ingeneem. Met ons aankoms daar was ons begroet gewees met vuil taal, hulle het kieries in die lug gewaai en daar was van hulle wat nog ander voorwerpe ook by hulle gehad het. Op daardie stadium, toe ons gevuur het, het hulle ons gegooi met klippe, kieries en ander voorwerpe.

DIE VOORSITTER: Ek is nie heeltemal seker nie. Waar het jy gestaan ten opsigte van die dubbele hek aan die westekant van die Polisiestasie? --- Ek het ongeveer in die middel van die hek gestaan.

Regoor die ingang? --- Regoor die ingang, by die hek aan die Westekant.

Jy het gepraat van Bantoes wat iewers ingestorm het? --- By die hek. Hulle wou by die hek inkom, toe is hulle teruggedruk. Daar was 'n arrestasie gedoen op daardie oomblik, toe wou die Bantoes by die hek inkom, vermoedelik om hom te bevry, of so-iets. Toe is die Bantoes teruggedruk en die hek is toegemaak. Op daardie oomblik het hulle met die klippe begin gooi, en die persone wat dit toegemaak het, het geritireer. Hulle het weer die hek oopgedruk en aangekom. Op daardie oomblik het ek begin vuur.".

246. Konstabel Stapelberg het naby die suidelike kant van die terrein in die linie gestaan en het 3 skote met 'n .303 geweer geskiet. Hy het verwys na die gebeure by die hek en gesê dat die skare toe meer opstandig geraak het. Hy beskryf die omstandighede waaronder hy geskiet het as volg:

"Het jy ook geskiet? --- Ja.

Het jy 'n bevel gehoor? --- Nee.

Hoekom het jy dan geskiet? --- Wel, daar het 'n Naturel gestaan met 'n klip in sy hand, en hy was van plan om na my te gooi, en ek het op hom gevuur.

Was dit die enigste klip wat gegooi was? --- Nee; daar was baie klippe gegooi, waarvan die een my ook teen die kop getref het.

Was dit nadat julle in gelid gestaan het? --- Ja.

Wat het toe gebeur? --- Ek het geval. Een van die konstabels wat langs my gestaan het, het my opgetel. Ek het nie my bewussyn verloor nie. Ek was by my volle bewussyn. Terwyl ek opgestaan het, het ek gesien dat een van die Naturelle 'n klip in sy regterhand gehad het. Hy het sy arm bokant sy kop gelig en was van plan om na my te gooi, waarop ek na hom gevuur het.

Het jy die eerste skoot afgetrek, of was daar ander skote, ook? --- Nee; ek het begin vuur nadat ek van die grond af opgestaan het. Toe is daar alreeds gevuur.

Hoe kon jy seker wees dat hy werklik na jou mik met die klip? --- Wel, ek was ongeveer ag treë van die Naturel af, en het heel voor gestaan, ongeveer vier treë vanaf die hek, aan die linkerkant van die hek, en ek kon sien dat hy duidelik na my mik.

DIE VOORSITTER: Het hy teenaan die draad gestaan, of terug van die draad? --- Hy was ongeveer n tree aan die ander kant van die draad.

VERHOOR HERVAT: Het daar iemand voor hom gestaan, of nie? --- Daar het niemand voor hom gestaan nie.

Het jy hom raakgeskiet? --- Hy het geval nadat ek gevuur het, maar ek kan nie sê dat ek hom getref het nie, aangesien daar van die konstabels rondom my gestaan het wat in dieselfde rigting as ek gevuur het.

Toe jy die persoon sien met die klip omhoog, was dit voordat daar gevuur was van enige kant, of was daar toe alreeds gevuur? --- Daar was toe alreeds gevuur.".

247. n Bantoe speurder, Edwin Litelu, het by die hek, wat toegang na die binneplein van die polisiestasie verleen, gestaan en was dus regoor die dubbelhek aan die westelike kant. Hy getuig as volg:

"Could you see a reason for the Police shooting? --- To my mind, I would say the Police were in danger of their lives.

What was the source of this danger? --- The people were more than the Police - much more that the Police.

But was there reason to fear the people? --- We did not know what they intended about the Police. They were

shouting there, and talking about Police - spitting at the Police, too.

What were they shouting? --- It was not easy to make out what they were saying, but I caught the word which they shouted, 'Afrika!'.

THE CHAIRMAN: What does that mean to you? --- I don't know what they meant.

EXAMINATION CONTINUED: Did you yourself think that the Police were in danger? --- Yes.

THE CHAIRMAN: All the Police, or only some of them? --- All the Police.

The white, and the non-white Police? --- The whites and non-whites.

EXAMINATION CONTINUED: What did you do? --- I stood there, stood and listened what would be the end.

Did you have any weapon? --- No.

Not even a kerrie? --- Not even a kerrie.

You thought there was that danger. Was there any violence at all used on either side, before the shooting? --- After the arrival of Col. Spengler, one of the leaders was arrested. A group of the people outside then came with force to the fence. I thought they would easily break down the fence.

Did anything happen? --- Then I heard the shooting.".

Hy het egter nie gesien dat daar klippe na die polisie gegooi was nie, hoewel hy na die voorval klippe binne die gronde gesien het wat nie voorheen daar was nie. Hy het gesê dat die skare lawaaierig was en dit as volg beskryf:

"The noise they made was different from any other noise that I know. They even waved their hands. There is a noise of talking loudly, not a noise of talking

loudly and making a big noise and waving hands in the air, and waving fists, too, in the air."

248. Nog n Bantoe speurder, Sidwell Kele (wat reeds 15 jaar in Sharpeville woonagtig was) het ook getuienis gegee. Hy verwys na die bevel om aan te tree en sê dat die skare daarna klippe na die polisie gegooi het. Die polisie het geskiet en toe hardloop hy weg. Hy sê dat hy bevrees was dat die skare die polisie (wat hom sou insluit) kon aanval en dat hy dan tussen twee vure sou beland. Aan die een kant sou die skare hom aanrand omdat hy n speurder was, en aan die ander kant kon die polisie hom skiet indien hy tussen die skare verkeer (as speurder dra hy nie n uniform nie en kon dus vir n betoger aangesien word). Hy sê ook dat hy gehoor het dat een van die betogers skreeu: "As julle ons nie almal arresteer soos wat ons hier is nie, omtrent paste nie, sal ons hierdie geboue afbreek.".

249. As daar op al die polisiegetuienis gelet word (ek het slegs enkele tipiese passate hierbo aangehaal) dan blyk die strekking daarvan te wees dat daar verskeie insidente was wat die afvuur van skote voorafgegaan en regstreeks daartoe aanleiding gegee het. Die lawaai het n hoogtepunt bereik en die skare het sterk teen die omheining geleun en dit oorgedruk op n manier wat die indruk geskep het dat hulle dit wou platdruk met die opset om die polisie te bereik. Luitenant-kolonel Spengler was besig by die hek om leiers aan te keer. Klippe en ander voorwerpe is na die polisie gegooi. Ek meen dat ongeveer 12 of wat getref en lig beseer was. Daar was die geknal van twee skote wat blykbaar deur iemand in die skare afgeskiet was. Daar was n skielike instroming van Bantoes tot n tree of twee binne die hek. Van die polisie regoor die hek het enkele skote geskiet en daarna was daar n

160/...

algemene sarsie. Sommige polisie het geskiet omdat hulle die woord "Skiet" gehoor het en gemeen het dat dit n bevel was. Andere het geskiet omdat hulle gemeen het dat hulle in lewensgevaar verkeer omdat daar n aanval deur die skare gedoen is en het dus nie op n bevel gewag nie. Nog n groep het geskiet omdat hulle na aanleiding van die feit dat andere besig was om te skiet besluit het dat n bevel wel gegee was maar dat hulle dit vanweë die lawaai nie gehoor het nie.

250. Die algemene strekking van die getuienis van die Bantoe getuies is dat daar van die kant van die skare geen opset was om die polisie aan te val nie, dat hulle toe nog steeds in n gemoedelike stemming was, dat geen aanval deur die skare as n geheel of selfs deur n gedeelte daarvan gedoen is nie, dat geen klippe gegooi is nie (behalwe miskien deur n paar kinders), dat daar geen instroming by die hek was nie en dat daar trouens geen optrede was wat redelikerwys as vyandiggesind bestempel kon word nie. Dit was erken dat daar lawaai was, maar dit was die lawaai van sang (veral omdat almal nie dieselfde lied op dieselfde tyd gesing het nie) en die aanhef van politieke slagkrete. Dit was ontken dat die omheining ooit erg oorgedruk was. Sommige van die getuies het gehoor dat die woord "Skiet" gebruik word. Van hulle kant het hulle die polisie optrede beskou as voorbereiding vir die verskaffing van "die antwoord" waarop hulle gewag het. Ek wil dit onmiddellik stel dat baie van die getuies my oortuig het van hulle eerlikheid waar hulle gesê het dat daar geen plan was om die polisie aan te val nie. Baie van die getuies wat ontken het dat klippe gegooi was het ook nie noodwendig onwaar getuig nie. Na my beskouing sou dit vir persone wat tussen die skare was besonder moeilik gewees het om te alle tye

waar te neem wat by n ander gedeelte van die skare plàasvind.

251. Uit die getuienis blyk dit tog dat party Bantoes besef het dat daar miskien op hulle geskiet mag word. Adam Sakwane sê dat toe die vuurwapens gelaai was, was daar n bespreking in sy omgewing oor die moontlikheid dat daar miskien geskiet mag word.

252. Daar is heelwat getuienis oor wat by die hek gebeur het, en die getuies koppel dit met die eerste skote wat geskiet was. Die strekking van die getuienis is ook dat persone na die aankoms van luitenant-kolonel Pienaar by die hek aangerand was. Een van hierdie getuies, Benjamin Maroo, getuig as volg:

> "While I was standing there, I saw that the Police had formed a line. There was a European who had a white handkerchief tied round his forehead; I don't know whether it was a Policeman, or not. In front of the gate, he caught hold of a Non-European and pulled him into the gate. He took this Non-European along until they got behind the Police as they were standing in a line. He came back and caught hold of a second person. It appeared that the second person was not willing to go along with this European. He pulled him until he got him inside. While he was pulling him inside, I then heard shots being fired.
>
> Did this European who was pulling the Non-European in at the gate - did you see anything as to the manner in which he dealt with him? --- He had him by the shoulders as I indicate on the Interpreter's shoulder, and he fiercely pulled him inside.".

Die persoon wat n sakdoek op sy kop gehad het was vermoedelik n konstabel Saaiman wat in gewone drag was. Hierdie konstabel het getuienis gegee en daaruit blyk dat hy by die

171/...

gebeure by die hek betrokke was. Hy het ontken dat hy hardhandig opgetree het. Hy is een van die getuies wat my nie beïndruk het nie. Die tweede Bantoe wat Maroo na verwys, is ongetwyfeld Moses Smit, en ek verwys later na sy getuienis.

253. Matthews Mashiya verwys ook na hierdie voorval. Sy getuienis is dat die Bantoe hardhandig behandel was. Of soos hy dit stel: "This second Non-European was taken and jerked, and it appeared from the way this European took him in that it was with bad feelings". Hy was gevra hoe die skare op hierdie voorval gereageer het, en sy antwoord was: "They had their arms raised, and I heard them saying 'Afrika! Afrika!'".

254. Simon Dhlofafa het aan die suidekant naby die suid-westelike hoek gestaan. Hy is een van die getuies wat nie die laaste gebeure by die hek gesien het nie. Indien ek sy getuienis reg verstaan het die polisie in die omgewing van die hek eerste geskiet. Die polisie wat die naaste aan hom was het hulle gewere skuins in die rigting van die grond gehou toe hy omgedraai het om weg te hardloop.

255. Joshua Motha (die busbestuurder na wie ek reeds vantevore verwys het) verwys in sy getuienis na die feit dat daar 'n digter samedromming by die hek was na luitenant-kolonel Pienaar aangekom het. Hy sê dat almal nader gestaan het omdat hulle gemeen het dat die "groot man" nou opgedaag het. 'n Sewentien-jarige Bantoe ('n seun van 'n polisie-amptenaar) het getuig dat die skare reeds begin uiteengaan het toe die Bantoe by die hek aangerand was. Hy sê "When the people saw that this man was being jerked about they tried to run away, and it could be seen, then, that there was no-one who was going to address the gathering, but they were wanting to fight with the gathering". Hy sê ook dat 'n sersant toe die bevel "skiet"

gegee het en dat die polisie toe op die skare gevuur het.

256. Moses Smit (na wie se getuienis ek ook reeds verskeie kere verwys het) is een van die getuies wat daarna verwys dat die draadomheining in 'n mate oorgedruk was. Hy was by die hek toe die polisie geskiet het. Hy verwys in sy getuienis na die geleentheid toe Molefi aangerand sou gewees het. Sy getuienis oor wat verder gebeur het lui as volg:

"When that was one, did the crowd do anything? --- Some of them were laughing but most of the people shouted this word 'Afrika!' when they saw that happening.

Do you think they shouted it at the time when this man was assaulted? --- Yes. Then the word 'Afrika!' was shouted a lot just at the time when this man was being assaulted.

After that, did anything happen to you? --- Yes; something happened to me.

What was it? --- The Policeman who caused the other Police to line up, came to me, caught hold of me, pulled me. He pushed me, struck me with the open hand, caught hold of me, pushed me towards the gate, I had had some artificial teeth in the front, here. As a result of being pushed, I fell up against the gate with my mouth and two artificial teeth broke.

Was this man who did this to you in uniform, or plain clothes? --- He was in uniform.

Do you remember anything about his uniform? Whether he had a jacket or not? --- He had a Police uniform, including the jacket, the tunic.

Do you remember anything else about how he was dressed - in trousers, or anything like that? --- The trousers of this man was the same as any other Policeman's; but what

I did notice, which was something out of the ordinary, he had some stars on his shoulder.

Was the gate open, or closed at that time? --- It was open.

Were you pushed out of the gate, or did you walk out of the gate? --- At the time when he caught hold of me and pushed me and I fell with my face against the gate, I intended going out at the gate; I had the intention to go out at the gate. I nearly fainted. I was a bit dazed.

As far as you can remember, then, did you go out of the gate? --- Yes; I did.

When the shooting started, were you outside the gate? --- I had just gone out of the gate when the shooting started.

When the shooting started, were you looking at the Police, too, or did you have your back to them? --- I had my back towards them.".

Moses Smit se beskrywing van die uniform wat die polisie-amptenaar aangehad het dui daarop dat dit n offisier moes gewees het wat hom beetgehad het. Dit is natuurlik oënskynlik teenstrydig met ander getuienis wat op hierdie voorval betrekking het.

257. Masheledi verwys ook na die voorvalle waarby Molefi en Moses Smit betrokke was. Hy sê dat Molefi aangerand was en dat Smit rondgepluk was. Hy het egter nie opgelet wat van Smit geword het nie aangesien die polisie toe begin vuur het. Hy sê ok dat hy na die gebeure gehoor het dat kinders klippe na die polisie gegooi het. John Nteso wat in Zwane-straat naby die ingang na die polisiestasiegronde gestaan het verwys ook na die geleentheid toe Molefi aangerand sou gewees het. Hy sê dat die gedeelte van die skare om hom daarteen beswaar

gemaak het en geskreeu het dat die polisie hom nie moes slaan nie. Volgens hom het hierdie voorval die skare kwaad gemaak.

258. Indien al die getuienis saamgevat word en na aanleiding van die waarskynlikhede oorweeg word meen ek dat die gebeure gedurende die laaste minute voor die vuurwapens gebruik was as volg verloop het.

259. Ek het reeds daarna verwys dat luitenant-kolonel Spengler terug na die hek gegaan het nadat hy sy kort samespreking met luitenant-kolonel Pienaar gehad het. Dit is waarskynlik dat n groot gedeelte van die skare wat in staat was om die gebeure by die hek waar te neem hulle aandag daar sou bepaal het. Andere wat nie behoorlik kon sien nie maar tog besef het dat daar iets aan die gang was sou na vore gedring het om staanplek te kry waar hulle n beter uitsig sou hê. Intussen het die skare by tye volksliedere gesing, herhaaldelik politieke slagkrete aangehef en sou van hulle waarskynlik ook beledigende opmerkings teenoor die polisie gedoen het. As gevolg van drukking van agter sou die skare teenaan die draadomheining geleun het en dit in n mate oor gedruk het. Die posisie aan die suidelike kant in die nabyheid van die suidwestelike hoek sou moontlik ernstiger gewees het as die posisie meer na die suidoostelike kant toe, aangesien die skare in die laasgenoemde omgewing nie juis bewus sou gewees het van wat by die hek gebeur nie. Uit die aard van die saak sou die skare aan die westekant meer bewus gewees het van die gebeure by die hek omdat hulle nader as die res van die skare was; maar ook daar sou slegs diegene wat teenaan of naby die draadomheining gestaan het behoorlik kon sien. Met ander woorde op hierdie tydstip sou daar na my beskouing steeds n neiging by die skare aan die westekant gewees het om saam te pak ten einde so naby moontlik aan die

175/...

omheining te kom ten einde n beter uitsig te kry op die gebeure by die hek. Die feit dat die digste samedromming in die omgewing van die hek was sou die posisie daar vererger het. Vanaf die posisie waar die polisie gestaan het sou dit dus geblyk het dat die skare steeds in hulle rigting beur en teenaan die draadomheining saampak.

260. Dit is nie my voorneme om uitsluitsel oor n saak van aanranding te doen nie maar die getuienis oortuig my dat die voorval waarby Molefi betrokke was die misnoeë van die skare wat dit waargeneem het gewek het. Dit blyk uit die luiddrugtige protes wat aangeteken is, asook die feit dat enkele klippe na die polisie (veral na Spengler) gegooi was. Die bevel om te laai is toe deur luitenant-kolonel Pienaar gegee. Hierdie uitroepe van protes het die belangstelling van die skare in die gebeure by die hek nog meer verskerp. Die bevel dat gelaai word en die uitvoering daarvan het heelwaarskynlik ook aandag op die gebeure by die hek gevestig.

261. Hoewel Peter Molefi die doelstellings van die Pan Africanist Congress ondersteun het, was hy nie n lid van die organisasie nie, en die getuienis dui ook nie daarop dat hy as een van die leiers van die betoging beskou was nie. Nogtans het sy aanhouding, anders as in die geval van Tsolo en More, tekens van protes uitgelok. Na my beskouing dui dit daarop dat die stemming van die gedeelte van die skare wat Molefi se wedervaringe gesien het verander het. As waarskynlike redes vir hierdie verandering doen ek die volgende aan die hand. Tsolo en More het die polisie gewilliglik vergesel op n tydstip toe n groot gedeelte van die skare (en veral die naby die hek) n verband tussen die polisie-optrede en die verstrekking van n antwoord gesien het. Daar is ook getuienis dat Tsolo aan die betogers sou gesê het dat hulle nie handelend

moet optree al sou daar iets met hom gebeur nie. Teen die tyd wat Molefi aangehou was het omstandighede heelwat verander. Tsolo en More was nie meer aanwesig nie en, soos uit die getuienis van Benedict Griffiths blyk, het 'n besef tot sommige van die skare deurgedring dat daar nie 'n antwoord sou kom nie, maar dat die polisie "met die mense wou baklei". In hierdie omstandighede gebeur dit nou dat Moses Smit, 'n lid van die Pan Africanist Congress en 'n erkende leier van die betogers, deur die polisie beetgepak word. Die getuienis en die waarskynlikhede dui na my beskouing daarop dat daar wel 'n skerp reaksie hierop gevolg het. Die uitroepe van protes het toegeneem. Die skare in die onmiddellike omgewing van die hek het vir 'n kort distansie die terrein binnegedring. Luitenant-kolonel Spengler was omgestamp. Aan die westekant het die skare heelwaarskynlik na vore gedring met gevolglike swaarder druk op die omheining. Selfs die wat teenaan die omheining aan die westekant was het waarskynlik daaroor geleun om 'n beter blik op die gebeure by die hek te kry. Die getuienis dat die omheining tot soveel as 45° oorgedruk was is waarskynlik oordrewe of andersins te wyte aan 'n oordrewe indruk wat geskep was deurdat persone ver oor die omheining geleun het om te kan sien. Ek het die draad-heining tydens 'n inspeksie ter plaatse gesien. Volgens sersant Grobler was dit toe nog in dieselfde toestand as onmiddellik na die gebeure. Hoewel dit duidelik was dat daar sterk drukking teen die omheining moes gewees het, het dit nogtans na my skatting nie naby 'n hoek van 45° oorgehel nie. Ek het ook nie uit die oog verloor dat 'n omheining van daardie tipe 'n mate van rekbaarheid het en dat dit as gevolg sou hê dat die graad van afwyking van die normale posisie sou verminder indien die drukking verminder word nie. Ek heg hierby aan 'n afdruk van 'n foto (Aanhangsel "P") wat

177/...

U Eksellensie n indruk gee van die toestand van die omheining tussen die dubbelhek en die ankerpaal op die noordwestelike hoek. My herinnering is dat hierdie gedeelte die ergste oorgedruk was. Van die skare (en ek twyfel of dit net kinders was) het klippe na die polisie gegooi en sommige van hulle getref. Ek meen dat die klippe slegs vanuit die skare aan die westelike kant gekom het. Een of ander persoon tussen die skare aan die westekant het twee skote met n vuurwapen afgeskiet - of altans n ontploffing wat na die knal van n vuurwapen geklink het veroorsaak. Die getuienis regverdig nie n bevinding dat die skote op die polisie gemik was nie.

262. Al hierdie gebeure het binne n paar treë van die polisie-linie plaasgevind. Luitenant-kolonel Pienaar het geen bevel om te skiet gegee nie. Die getuienis van n groot aantal getuies verwys daarna dat iemand die woord "skiet" gebruik het en dat dit min of meer met die eerste skote wat deur die polisie afgeskiet was saamgeval het. Ek kon nie vasstel of dit n ongemagtigde bevel of miskien bloot n onwillekeurige uitroep was nie. Hoe dit ookal sy, een of meer van die manne in die linie regoor die dubbelhek het gevuur. Binne n sekonde of twee het die meerderheid van die manne wat in die linie gestaan het ook begin skiet. Dit was toe omstreeks 1.40 nm.

263. Daar was n geskil oor die vraag of slegs die polisie wat in die linie gestaan het geskiet het en of daar ook deur andere geskiet was. Dit was veral beweer dat persone op die Saracens wat naby die noordelike omheining was in n noordelike en noordoostelike rigting op die skare wat toe besig was om te vlug geskiet het (onder meer met n sten-geweer). Die strekking van die polisie-getuienis was aanvanklik dat

niemand vanaf die Saracens geskiet het nie, en ook dat daar geen werklike gevaar aan die noordelike kant bestaan het nie, behalwe miskien insoverre as wat daar regverdiging sou wees om die skare as n eenheid te beskou en te behandel. Die fotograaf Berry wat saam met sy kollega Tyler in n motorkar aan die noordoostelike kant van die polisiestasie was toe die eerste skote afgevuur was het n reeks fotos geneem wat eerstens bewys het dat daar wel persone op die Saracens gestaan het toe die skare aan die noordelike kant besig was om te vlug, en die indruk geskep het dat hulle besig was om op die skare te vuur. Kaptein Van den Bergh het die aangeleentheid ondersoek en ek het getuienis daaroor aangehoor. Ek heg hierby aan n afdruk van een van die reeks fotos. (Aanhangsel "Q"). Berry self het getuig dat terwyl hy besig was om die fotos te neem hy daarvan bewus geword het dat koeëls in sy omgewing verby hom fluit. Hy het toe laag gehurk en voortgegaan om fotos te neem. Interne getuienis in die fotos dui daarop dat die kamera naby grondoppervlakte gehou was toe die besondere fotos geneem was. Konstabel Theron het getuienis gegee en erken dat hy op n Saracen gestaan het en twee skote met n .38 rewolwer geskiet het. Hy het sy optrede as volg geregverdig: "Dit het my voorgekom of die mense, die Bantoes weer wou omdraai, en toe het ek twee skote in die lug op geskiet om hulle skrik te maak". Onder kruisverhoor het hy dit so gestel: "Dit was so'n verwarring, en ek het ook maar net geskiet omdat skiet skiet is".

264. Konstabel Sneigans, wat met n Sten-geweer gewapen was, het erken dat hy op n Saracen gestaan het terwyl daar op die skare gevuur was. Hy het egter ontken dat hy gevuur het. In sy geval blyk dit dat dit in die eerste opgawes wat verstrek was in verband met ammunisie wat verbruik was gestel word dat hy wel geskiet het. Sneigans se verduideliking was dat toe

179/...

die opgawes opgestel was hy nie by die polisiestasie was nie. n Ander konstabel sou toe verkeerdelik die inligting verstrek het. Hy het erken dat die fotos daarop dui dat hy sy Stengeweer in sy hande gehad het en dat hy dit so kon gehou het dat dit n indruk skep dat hy daarmee skiet. Konstabel Sneigans was na my beskouing n uiters onbevredigende getuie, en ek kan my nie op sy getuienis verlaat nie. Die oorwig van waarskynlikhede dui daarop dat daar wel in n noordelike en noordoostelike rigting gevuur was, alhoewel ek nie in staat is om vas te stel hoeveel skote afgeskiet was nie. Dit is ook waarskynlik dat van hierdie skote afgevuur was deur persone wat op die Saracens gestaan het. Hoewel daar een persoon aan die noordoostelike kant dood aangetref was en moontlik n aantal aan die noordelike kant maar meer na die weste toe was, is dit onmoontlik om met enige mate van sekerheid te bepaal of hulle geskiet was waar hulle dood aangetref was al dan nie.

265. Kaptein Coetzee wat in Zwane-straat was het ook die posisie dopgehou. Hy kon egter nie sien wat aan die westekant by die dubbelhek plaasvind nie. Dit is sy beskrywing van wat hy waargeneem het toe die polisie begin skiet het:

> "Net voor die skietery plaasgevind het, het ek n harde geskree daar gehoor, en die massa het om beweeg, om die hoek, uit my gesig uit, daar, min of meer na die groot hek se kant-toe. Ek het later eers uitgevind dat daar n groot hek was. Toe die geskree opgaan, het ek n dowwe slag gehoor. Dit het vir my gegaan na n klein kaliber rewolwer wat afgegaan het. Daarna het ek n harder slag gehoor, wat vir my geklink het na òf n Polisie-rewolwer of n stengeweer wat op enkelvuur is, en daarna het daar n sarsie skote losgebars.".

Hoewel Bantoes hom en die polisie onder sy bevel ook uitgejou en uitgetart het, het hulle nie aangeval nie. Sy beskouing was egter dat die posisie uiters gevaarlik was en dat enige onbesonne daad die skare tot aanval kon laat oorgaan het. Hy beskryf dit so:

"In other words, your feeling was, although they were an aggressive crowd, if they were not provoked they would not attack of their own accord? --- If their self-control did not snap; because they were hysterical, at times. Their self-control could have snapped, and then there would have been trouble, too.

What do you mean, their self-control could have snapped? --- Well, every human being has his self-control. If you get angry, you can control yourself to a certain stage and after that many people can't control themselves.

And you think they were trying to control themselves? --- Well, at times, yes.

Well, I think it is obvious from the facts - we know that if this crowd of 10,000 to 12,000 had wanted to attack the Police Station when there were only twelve men in it, nothing could have stopped them? --- Well, nothing would have stopped them, even if there were 200 men.

Quite. You don't think that 150 men would have stopped them? --- No; they had no chance whatsoever. Those people would have overrun them.

How were they stopped? --- I don't know.

They were apparently stopped by the killing of 67 and the wounding of 180, we are told by about seventy men? --- That is possible.

Of course, it could be done, but it might be a massacre (?) ? --- Yes. That is why I, at the stages when it was plain to me that they wanted to attack us, when I told them

to stop, I could have ordered them then, under the Riotous Assemblies Act, to disperse and then disperse them. But I could not disperse them with those men, without firing, and to use firearms in that crowd, would have been horrible!

Why would it have been horrible? --- Because from where I stood, they stood like fish in a tin, right up for about 75/80 yards. I don't know how far a bullet would travel before it stops.

So you did not shoot? --- I did not. I waited for them to attack me.

They did not attack you? --- Thank God they didn't!".

Hy was gevra of enige van sy manne geskiet het. Hy getuig daaroor as volg:

"Did any of your men fire? --- No.

Are you sure of that? --- I am sure. I should have seen it. I was three paces behind my line of men who had firearms. But the moment the first shot, when that revolver or sten gun shot went off, I screamed to my men, because there was a terrific noise, to stand fast; 'Don't shoot. We don't know what happened there', and my men stood fast.

And they did not shoot? --- No.

Why did you scream, 'Stand fast! Don't shoot!'? --- Those men were under terrific tension the whole day, and the shooting on the other side could have caused one of them to crack.

I follow that. In other words, the position was such that one shot fired by one man could have sent off the line? --- Could possibly have done it.

That was what you were guarding against? --- Yes.

That was the danger? --- Yes.

182/...

I take it it was an obvious thing, that any officer would guard against it? --- Yes.

I take it even before that you had been impressing it on your men that they must not fire without an order from you? --- Yes. I moved up and down my line of men and as soon as I saw that tension was building up in a man, I spoke to him. I even touched him on the shoulder and I said to him, 'Calm down'.

But apart from that, you made it quite clear that if an order to shoot were given, it would come from you? --- Oh, yes, I did.".

266. Dit blyk tog dat twee konstabels wat onder sy bevel was geskiet het. Ek glo nie dat kaptein Coetzee die Kommissie opsetlik mislei het nie. Dit is beslis moontlik dat hy nie daarvan bewus geword het nie. Konstabel Els het getuig dat hy op die dak van n vragmotor gestaan het. Toe die vlugtende skare in Zwane-straat in sy rigting gehardloop het, het hy gedink dat hulle n aanval doen, en dat sy lewe in gevaar was. Hy het 2 skote met sy .303 geweer voor hom in die sypaadjie geskiet. (Els was 18 jaar oud en het so pas die Polisie Kollege verlaat). Konstabel Olivier het op die eiland wat Zwane-straat in twee bane verdeel gestaan en het 4 skote met sy .303 geweer geskiet. Hy sê dat hy in die grond voor hom geskiet het. Sy getuienis dat klippe na die polisie gegooi was kan nie aanvaar word nie. Geen ander getuie verwys daarna nie. Hy sê dat die Bantoes op hulle afgestorm het en dat hy gemeen het dat die skote hulle van rigting sou laat verander het. n Jong Bantoe, wat volgens Olivier n klip in sy hand gehad het, was op die eiland aangetref. Hierdie Bantoe het op n punt gelê wat omstreeks 40 na 50 treë vanaf die polisie was. Daar is geen getuienis wat n bevinding regverdig dat hy juis daar en nie moontlik elders geskiet was nie.

267. Ek keer nou terug na die gebeure aan die westelike kant van die polisiestasie. Die algemene strekking van die polisiegetuienis is dat die skare nie as 'n geheel op dieselfde manier gereageer het nie. Sommige, veral die wat die naaste aan die omheining was, het feitlik oombliklik gewyk. Die wat agter was het vir 'n kort tydperk ook nog na vore gedring, blykbaar omdat hulle nie besef het dat daar geskiet word nie. Binne 'n kort tydperk het almal, behalwe 'n aantal wat dit veiliger geag het om plat te val en te bly lê, op die vlug geslaan. Na die vuur gestaak was het die Bantoes wat plat-geval het maar nie beseer was nie opgespring en weggehardloop. Daar was nie op hulle gevuur nie. Die groep wat by die hek ingedring het, het ook feitlik onmiddellik teruggeval.

268. Ongeveer 73 van die 150 blanke polisie het meer as 700 skote gevuur. Ek meen dat 11 polisie met Sten-gewere verantwoordelik was vir nagenoeg die helfte van die skote. Heelparty het elkeen 10 skote met die .303 geweer geskiet (1 het 12 skote geskiet, dit wil sê hy het 'n magasyn van 10 leeggeskiet en moes toe weer gelaai het.) 'n Aantal persone het elkeen 12 skote met die .38 rewolwer geskiet. Met ander woorde, na hulle 6 skote geskiet het, moes hulle die lee doppies verwyder en nog 6 patrone laai. Die polisiegetuienis is dat skiet gestaak was sodra dit duidelik was dat die skare op die vlug geslaan het. Verskeie skattings oor die tyd wat verloop het vandat die eerste skote geskiet is totdat skiet gestaak het verskyn in die polisiegetuienis. Ek meen dit strek van 'n skatting van uiterlik 10 sekondes tot een van uiterlik 30 sekondes. Die oorgrote meerderheid van die dooies en die verwondes was blykbaar in die straat aan die westekant van die polisiestasie. Die getuienis is nie baie duidelik nie, maar dit blyk dat daar baie dooies en beseerdes in die

184/...

omgewing van die suidwestelike kant van die polisiestasie was, dit wil sê, naby die kruising van Zwane-straat en die straat aan die westekant van die polisiestasie. In n oop terrein aan die noordwestelike kant van die polisiestasie was daar ook dooies en verwondes. Enkeles was ook nog verder weg van die polisiestasie. Geen enkele betoger is op die terrein van die polisiestasie geskiet nie. Hoewel die getuienis verwarrend is, is dit my indruk dat daar, behalwe in die geval van een vrou wat in die omgewing van die hek naby die omheining dood aangetref was, geen of slegs enkele dooies en verwondes in die onmiddellike omgewing van die omheining was. Die meerderheid van die ongevalle was in die straat self en op die sypaadjie aan die westelike kant daarvan. Dit blyk ook moontlik dat daar minder ongevalle direk voor die dubbelhek was as in die omgewing van die suidwestelike en noordwestelike hoeke van die polisiestasiegronde.

269. Die mediese getuienis dui daarop dat uiterlik 30% van die ongevalle getref was op n tydstip toe hulle met hulle voorkant in die rigting van die vlug van die koeël gestaan of beweeg het. Die getuienis dui ook daarop dat n groot aantal persone onderkant die middellyf geskiet was.

270. Die algemene strekking van die getuienis van betogers is dat hulle geen rede gehad het om te vermoed dat daar op die skare gevuur sou word nie. Ek het reeds na getuienis verwys wat daarop dui dat daar wel betogers was wat die moontlikheid daarvan bespreek het toe die polisie hulle vuurwapens gelaai het. (Dit was bv., die getuienis van Adam Sakwane en Peter Lenyatso). Daar is ook getuienis dat daar eers enkele skote gevuur was - Meshoek Mkwanazi sê dat daar eers drie skote by die hek geskiet is en dat almal daarna gevuur het. Hy sê dat die skare na die eerste skote begin vlug het en dat hy ook toe

weggehardloop het. Abraham Titane wat in Zwane-straat naby die suidwestelike hoek gestaan het sê dat van die betogers in sy onmiddellike omgewing agter hom nie dadelik besef het dat daar op die skare gevuur word nie. Sy getuienis is:

"Well, when the shooting started and the first sounds of shots were heard, did nobody say anything about whether or not shooting was taking place? --- When the shooting started, I conveyed that the shooting had started. Someone had remarked, 'No. they are only playing'. I then said, 'No, no playing about it', because I saw that people were being shot dead.".

Titane se verduideliking is dat daardie persone nie kon sien wat aangaan nie. Elias Lidia (na wie ek reeds vantevore verwys het) het ook in Zwane-straat teenaan die omheining en min of meer regoor die westelike boulyn van die polisiestasie gestaan. Sy getuienis dui aan hoe hy op die eerste skote gereageer het:

"If we now come to the shooting, do you remember how the shooting started; did you see how it started? --- Well, I should say I heard the shots, and I was looking at the Police.

Do you know what gave rise to the shooting; did you see any incident that you could tell his Lordship about, that gave rise to it? --- No.

And you heard the shots. Now, I would like you to give me some particulars about the shooting. The shooting you heard, did that come from the Police on the Western side? --- Yes.

And how did the shooting sound to you - continuous, isolated shots? --- Well, they were in a volley, with two gaps between them.

That is a volley, a gap, another volley, a gap and another volley? --- The last volley was not exactly a volley; it was shots - as if they were aiming.

When the shooting started, what did you do? --- The first shooting, when it occurred, I remained stunned at my place. I was then opposite the building corner.".

My sê ook dat die eerste sarsie kort was. Dit blyk ook dat hy niks van die gebeure by die hek onmiddellik voor die eerste skote gesien het nie.

271. Ek het hierbo na die getuienis van slegs enkele getuies verwys. Na my beskouing spreek dit vanself dat 'n menigte van die betogers, en veral die wat nie 'n behoorlike uitsig op die gebeure gehad het nie, ook aanvanklik in verwarring sou verkeer het, toe daar op die skare gevuur was.

272. Indien daar nou op al die getuienis en die waarskynlikhede gelet word moet enige stelling dat die skare as't ware 'n statiese groep was toe die eerste skote geknal het as onrealisties en vals verwerp word. Die gebeure by die hek het die gemoedere van die wat dit aanskou het laat oplaai. Daar was uitroepe van protes wat bo die algemene lawaai uitgestyg het. (In hierdie verband is dit interessant om te verwys na die verslag wat Humphrey Tyler - Berry se kollega - opgestel het oor die gebeure. Hierdie verslag verskyn, onder andere, in die tydskrif "Contact" van 2 April 1960. Hy verwys na die skoot wat blykbaar deur een van die betogers gevuur was en vervolg dan:

"'That's a shot', said Berry. I was still wondering if it was when there were sudden shrill cries of 'Izwe Lethu' - women's voices it sounded - from near the police, and I could see a small section of the crowd swirl around the Saracens and hands went up in the Africanist salute. Then the shooting started.".

'n Groep het by die hek ingedring. Daar was die beweging van Bantoes van die suidelike kant om na die westelike kant, en aan die westelike kant het die skare na vore gebeur in die rigting van die omheining. Dit was 'n bewegende massa en nie 'n statiese groep nie. Die wat teenaan die draadomheining was, was besig om daaroor te leun. Klippe was gegooi. Skote het geknal. Dit was deur die polisie aanskou en een of meer van hulle in die omgewing van die hek het geskiet. Daarna het 'n sarsie gevolg wat, met moontlike onderbrekings geduur het totdat die skare uiteen was.

273. Na my beskouing bewys die getuienis dat die indringers by die hek feitlik onmiddellik teruggekeer het. Daar was vermoedelik 'n gemaal en party het mekaar omgestamp en vertrap. Die feit dat van hulle nie binne die omgewing van die hek geskiet was nie, moet na my beskouing gewyt word aan die moontlikheid dat die polisie aanvanklik nie direk op hulle geskiet het nie. Daar moet onthou word dat luitenant-kolonel Spengler en moontlik nog ander lede van die polisiemag tussen die skare by die hek en die polisie-linie was. Konstabel Joubert, wat regoor die hek was het gesê dat hy laag gevuur het - sy eerste skote in die grond in. Die getuienis en die waarskynlikhede dui na my beskouing ook op die onwaarskynlikheid dat die skare as 'n geheel onmiddellik na die eerste skote sou vasgesteek het en op die vlug geslaan het. Hulle sou nie onmiddellik besef het wat presies aan die gang was nie. Die voorwaartse beweging aan die westekant sou waarskynlik voortgeduur het omdat so baie van die skare nie in staat was om die gebeure by die hek waar te neem nie. Ek doen hierdie bevinding veral met inagneming van die waarskynlikhede. Een van Berry se fotos, asook sy getuienis daaroor, verleen steun aan hierdie bevinding dat die skare nie as 'n geheel na die eerste skote omgedraai en gevlug het nie. Na die eerste skote

188/...

van die polisie geknal het, het Berry uit die motorkar geklim en met sy langafstandkamera drie fotos van die skare aan die noordelike kant in die omgewing van die noordwestelike hoek van die polisiestasie geneem. Ek heg hierby aan n afdruk van een van die fotos wat volgens hom ten minste 5 sekondes na die eerste skote geskiet was geneem was. Dit was as bewysstuk "E" ingedien (Aanhangsel "R"). Ondanks die feit dat daar toe reeds geskiet was, kan dit gesien word dat hierdie gedeelte van die skare nog weinig bewys lewer van vrees of n neiging om te vlug. Na my beskouing sou ander gedeeltes van die skare wat in dieselfde posisie verkeer het waarskynlik ook so gereageer het.

274. Toe die hele linie begin vuur sou die posisie feitlik onmiddellik verander het. Die wat naaste aan die omheining was sou eerste besef het dat die polisie besig was om in die omgewing van die hek te vuur en hulle sou waarskynlik die eerste gewees het wat sou wou padgee. Dit is beslis moontlik dat van hulle reeds begin omdraai het na die eerste skote by die hek geskiet was. Toe die res van die linie begin skiet het sou die beweging snel toegeneem het. Maar na agter was daar na my beskouing nog n menigte wat na vore gedring het vir enkele sekondes. Dat dit tot n chaotiese toestand gelei het is seker. Dit was n malende massa mans, vrouens en kinders wat na die kant en daardie kant gehardloop, gestamp en gestoei het, wat mekaar onderstebo geloop het en uit eie beweging plat geval het om die koeëls te ontwyk. Dit is hierdie toneel wat Labuschagne ook aanskou het en hom laat dink het aan n koringland wat deur n rukwind getref word. Dit was toe duidelik dat hulle op vlug was. Die skare aan die westekant kon nie in n westelike rigting terugval nie - die omheining van die kliniekgronde het hulle gekeer. Hulle moes dus of in n suidelike of noordelike rigting hardloop.

Die wat aan die noordelike kant en a[redacted] die [redacted]delike kant in Zwane-straat gestaan het, het meer beweegruimte gehad en kon gemakliker en op 'n minder wanordelike manier vlug.

275. Ek het tot hiertoe verslag gedoen oor die gebeure by die polisiestasie onmiddellik voor en na die polisie gevuur het na aanleiding van sekere na my mening deurslaggewende waarskynlikhede asook die getuienis van persone wat daarby betrokke was. Die volgende geskilpunt waarna ek wil verwys het betrekking op die vraag of die skare of 'n gedeelte daarvan die polisie aangeval het of op die punt gestaan het om dit te doen toe die polisie begin vuur het. Ek moet beklemtoon dat ek dit by nabetragting doen in die lig van al die getuienis en na 'n geleentheid om die getuies wat daaroor getuig het waar te neem. Ek het ook die voorreg gehad om na knap pleidooie wat etlike dae geduur het te luister. Met ander woorde dit is my opset om, indien moontlik, na die werklikheid deur te dring. Na my beskouing het hierdie feit slegs 'n onregstreekse verband met die verdere vraag, nl., of, ongeag die werklikheid, 'n persoon wat te midde van die gebeure gestaan het en dus oombliklik moes besluit het redelikerwys kon gedink het dat die skare of 'n gedeelte daarvan aangeval het of op die punt gestaan het om 'n aanval te begin.

276. Ek het reeds daarna verwys dat dit my beskouing is dat die getuienis nie 'n bevinding regverdig dat daar ooit 'n gemeenskaplike voorbedagte opset was wat die skare as 'n geheel of selfs 'n aansienlike gedeelte daarvan verbind het om die polisie op 'n gegewe tyd of in bepaalde omstandighede aan te val nie. Met ander woorde, die skare het nie met so'n opset by die polisiestasie vergader nie. Dit is my uitgangspunt en indien ek in hierdie verband mistas vernietig dit

grotendeels my verdere bevindings wat daarop gebou is. Advokaat Kentridge se betoog het feitlik hierop neergekom dat die afwesigheid van so'n opset die moontlikheid dat daar tot die aanval oorgegaan is, uitskakel. Ek glo nie dat die betoog met reg so ver gevoer kan word nie. Ek meen dat die ondervinding leer dat 'n skare se optrede van oomblik tot oomblik kan verander en dat die omstandighede van die moment daardie optrede bepaal. Wat egter toegegee moet word is dat waar daar nie so'n voorbedagte opset bestaan nie dit noodwendig volg dat 'n bepaalde gemeenskaplike opset slegs kan ontstaan indien daar 'n sameloop van omstandighede is wat bereken is om die skare tot besondere gemeenskaplike optrede aan te spoor. Hoe maklik 'n skare wat feitlik geen saamhorigheidsgevoel op 'n bepaalde oomblik het nie tog binne 'n kort tyd kan verander na 'n groep met 'n gemeenskaplike opset om geweld te pleeg blyk uit die verslag van die Kommissie wat ondersoek ingestel het na die onluste in Durban gedurende Januarie 1949 waarby Bantoes en Indiërs betrokke was. By daardie geleentheid was 142 persone gedood en 1,087 beseer. Wat die onmiddellike oorsaak van die onluste betref stel die verslag (U.G.36-49) dit as volg:

> "The spark which caused this tragic explosion was almost ludicrous in its insignificance. If one sifts the deliciously perjured evidence the probable facts appear to be these. A Native boy, 14 years of age, had words with an Indian shop assistant, 16 years of age, and slapped the latter's face. The Indian youth lodged a complaint with his employer, also an Indian, who came out of the Indian Market into Victoria Street and assaulted the Native boy. In the tussle the Native's head accidentally crashed through the glass of a shop window and in withdrawing it the boy received cuts behind the ears

which caused the blood to flow. Unfortunately this happened at a time when, as we have described, a mass of Natives and Indians had congregated in quest of conveyance to their homes. The Natives saw an adult Indian assaulting a Native child and they saw blood. That was enough. They went berserk and attacked every Indian within sight.".

277. Hoewel die skare by die polisiestasie deurgaans in n toestand van opgewondenheid was en derhalwe vatbaar sou gewees het vir leiding tot geweldpleging, meen ek dat die ander omstandighede bereken was om hulle van geweldpleging te weerhou. Die besadigde optrede van hoofkonstabel Heyl, luitenant Visser, kaptein Theron en kaptein Coetzee het na my beskouing aansienlik daartoe bygedra om die soort van voorval wat tot n uitbarsting kan lei te vermy. Die gerug wat die rondte gedoen het dat n antwoord om 2-uur nm. verstrek sou word sou na my beskouing ook dieselfde effek gehad het. Die leiers van die skare het ook op versoek van die polisie en soms uit eie beweging stappe gedoen om die skare te beheer, alhoewel hulle terselfdertyd ook deur hulle optrede verseker het dat die belangstelling en entoesiasme van die skare nie kwyn nie. Vir die redes wat ek reeds opgenoem het sou die aanhouding van Tsolo en More ook nie in die omstandighede n krisis veroorsaak het nie. Na hulle verwyder was kon hulle egter ook nie meer hulle persoonlike invloed laat geld nie. Die verdere gebeure by die hek was na my beskouing egter bereken om omstandighede waaronder geweldpleging kon plaasvind teweeg te bring. Dit blyk dat van die persone by die hek onmiddellik voor die polisie geskiet het reeds besluit het om handelend op te tree, in die sin altans dat hulle opnuut weer arrestasie aangevra het. Die getuienis bewys ook dat die

192/...

stemming van die skare, maar veral van die persone in die omgewing van die hek, aansienlik verander het kort voor die polisie die eerste skote daar geskiet het. Wat my veral tref is dat hierdie skerp verandering juis in die omgewing van die hek aan die westekant ingetree het. Daar was die verheffing van stemme, die gooi van klippe, die indringing by die hek en die geknal van skote vanuit die skare.

27c. Daar is geen getuienis dat die skare aan die suidelike kant in Zwane-straat op daardie tydstip aanvallend opgetree het nie. Hulle was luiddrugtig en het heelwaarskynlik teen die omheining saamgepak. Die meerderheid van hulle sou skaars n behoorlike geleentheid gehad het om die gebeure by die hek waar te neem. Die polisie-optrede het so snel op die laaste gebeure by die hek gevolg dat daar in elk geval nie genoeg geleentheid was vir hierdie gedeelte van die skare om daarop te reageer nie. Die blote feit dat kaptein Coetzee nie op hulle geskiet het nie bewys na my beskouing dat hy ook geen optrede van hulle kant gesien het wat vir hom altans na n aanval gelyk het nie. En dit is van belang om te onthou dat daar geen draadheining tussen hom en die betogers was nie en dat die betogers aan die suidelike kant geen gewapende linie teenoor hulle gehad het nie. Die gevaar wat kaptein Coetzee ingesien het (en dit was n wesentlike gevaar) was dat die drukking teen die suidelike en westelike omheinings die hoekpaal kon omtrek en dat die skare dan noodwendig tussen die polisie sou indring. Dit blyk dat n posisie van uiterste gevaar kan ontstaan waar n gewapende polisie-eenheid hulle tussen n opgewonde skare bevind, selfs al sou die skare geheel-en-al nie gewapen wees nie. Die draadomheining het egter staande gebly. Nog n waarskynlikheid wat op die vraag betrekking het is die kennis wat die skare gehad het dat daar Saracens was, dat die polisie gewapen was, en trouens (in die

polisie aangetree het) dat hulle in gereedheid was om n aanval af te weer. Na my beskouing is dit onwaarskynlik dat die skare aan die suidekant of enige aansienlike gedeelte daarvan die polisie aangeval het of selfs op die punt gestaan het om dit te doen toe die eerste skote van die polisie geknal het. Dat hulle in n opgewonde toestand verkeer het wat met die nodige aansporing tot n uitbarsting kon gelei het is na my beskouing egter heel duidelik. Ek meen dat wat ek hierbo gestel het ook van toepassing is op die skare wat teenaan die noordelike draadomheining gestaan het.

279. Na my beskouing regverdig die getuienis die benadering wat ek hierbo aangedui het, nl., dat die skare nie in alle opsigte en vir alle doeleindes as n eenheid beskou kan word nie. Alhoewel luitenant-kolonel Pienaar nie oor al die inligting beskik het wat my in staat stel om so'n benadering te regverdig nie, blyk dit dat hy ook die posisie so ingesien het. Afgesien van sy getuienis, bewys sy optrede op daardie dag dat hy gevaar in die houding van die skare aan die westekant gesien het. Ek het vroeër in my verslag na die omstandighede verwys wat waarskynlik daartoe gelei het dat n ander stemming aan die westekant bestaan het, en veral by die omgewing van die hek n hoogtepunt bereik het kort voor die polisie gevuur het. Indien my bevindings wat ek reeds hierbo na verwys het korrek is dan blyk dit daar al die uiterlike tekens van n aanval deur die skare aan die westelike kant of altans deur n aansienlike gedeelte daarvan was op die tydstip toe die eerste skote geknal het. Die polisiegetuies wat voor my getuig het, het dit so ingesien. Luitenant-kolonel Pienaar se besluit was dat daar n aanval by die hek was, en dat hy op daardie oomblik bereid was om n bevel te gee dat n paar manne op die indringers by die hek moes vuur. Hy sê dat hy nog

enkele sekondes sou gewag het om homself tevrede te stel dat die aanval algemeen was voordat hy die hele linie opdrag sou gegee het dat hulle ook moes vuur. Luitenant-kolonel Spengler se opinie dat daar 'n aanval was moet ook vermoedelik tot die indringing by die hek beperk word aangesien hy toe sy aandag slegs daarop toegespits gehad het. Van die ander polisie-getuies het verwys na die voorwaartse beweging na en drukking teen die omheining en die gevaar in daardie optrede gesien. Dit is egter 'n feit dat die linie nie as 'n gedisiplineerde eenheid coreenkomstig die bevele van die bevelvoerende offisier opgetree het nie, en dat die bevelvoerende offisier inderdaad nie die bevel om te vuur gegee het nie. Dit val egter nie binne die bestek van hierdie verslag om die persoonlike aan-spreeklikheid van die persone wat gevuur het te bespreek nie, veral waar daar slegs 'n minderheid geleentheid gehad het om voor my te getuig. (Om dieselfde rede bespreek ek ook nie die persoonlike aanspreeklikheid van enige ander persoon of groep wat by die gebeure betrokke was nie.)

280. Daar is sekere waarskynlikhede wat na my mening soveel gewig dra dat dit na my beskouing nie geregverdig is om 'n bevinding te doen dat daar 'n algemene aanval deur die skare aan die westelike kant as 'n geheel geloods is nie. Die omheining was nog staande en luitenant-kolonel Pienaar het die optrede nog nie as 'n algemene aanval beskou nie. Hierdie omstandighede is natuurlik op sigself nie afdoende bewys nie. Die bevinding dat daar wel 'n aanval was stuit nog teen ander waarskynlikhede. 'n Aansienlike gedeelte van die skare was na my beskouing min of meer in dieselfde posisie as die skare aan die suidelike kant wat uitsig op die gebeure by die hek betref. Hulle sou ook na vore gebeur het om, indien moontlik, 'n uitsig op die gebeure te kry. Dit sou die geweldige drukking teen

onmiddellik daarop gereageer het - anders as in die geval van diegene wat verder weg was en ook nie 'n behoorlike uitsig gehad het nie. As daar ook nog 'n groep by was wat bestaan het uit die veglustige jong Bantoes wat tot op die einde die polisie in Seeiso-straat vasgekeer het, kan 'n mens begryp dat hulle wel emosioneel gereed sou gewees het om aan te val met die een of die ander opset waarna ek hierbo verwys het. (Volgens een van die lede van die Pan Africanist Congress wat voor my getuig het was daar 'n groep van hulle wat bereid sou gewees het om hulle lewens in te boet). Indien hulle in 'n oomblik van uiterste spanning nog aan Saracens en polisie-bewapening sou dink - wat te betwyfel is - sou dit hulle nie noodwendig gestuit het nie. Die getuienis dui daarop dat 'n hoogtepunt wel bereik was onmiddellik voor die indringing by die hek. Daar is egter ander oorwegings wat met hierdie vraag in verband gebring moet word. Volgens luitenant-kolonel Spengler het die indringing so plaasgevind:

"Ek het toe weer beveel dat die hek toegemaak word, en daar bly staan. Terwyl ek nog daar gestaan het, het 'n Bantoe doodluiters aangestap na die hek gekom, en voor die hek kom stilstaan. Ek het weer vir hom gevra, 'Wat wil julle hê?'

Dit was toe 'n ander Bantoe? --- 'n Ander Bantoe, ja. Hy het gesê, 'I wish to surrender myself. I and my people don't want to carry passes'. Ek het die Bantoekonstabel beveel om die hek oop te maak, en toe die Naturel probeer om in te kom, het van agter die Naturelle vorentoe gebeur; soveel so, dat ek omgestamp was. Terwyl ek in 'n bukkende posisie was, het klippe begin reën, en nog voor ek orent kon kom, het ek skote gehoor val.

Die Bantoes wat vorentoe gebeur het, wat was die gevolg? --- Die gevolg was dat Bantoes by die hek ingestroom het.

omheining veroorsaak het. (Dit sou na my mening die oorsaak daarvan gewees het dat die omheining later meer oorgedruk was as toe Berry dit waargeneem het). Ek kan my ook voorstel dat selfs diegene wat teenaan die omheining gestaan het sou oorgeleun het om n beter uitsig te kry. Die moontlikheid dat sommige van hulle gedeeltelik teen die draad mag opgeklim het ten einde sover moontlik te kan oorleun kan ook nie uitgesluit word nie. Ek het hierdie soort optrede al dikwels waargeneem by n omheinde voetbalveld wanneer die vleuel na die hoek nael. Geeneen het egter oor die omheining gekom nie. Watter indruk hierdie optrede op n persoon wat dit vanaf n afstand van ongeveer 7 of 8 treë aanskou sou maak laat ek aan die verbeelding oor. Dit is ook n feit dat diegene wat heel voor was feitlik onmiddellik wou terugval toe die eerste skote geknal het. Die wat na agter was het moontlik nie so gou besef wat werklik gaande was nie en het nog steeds na vore gebeur. Hierdie optrede kon moontlik n indruk geskep het dat daardie gedeelte van die skare die "aanval" voortsit. Na my beskouing dui die waarskynlikhede egter eerder daarop dat daar nie n algemene aanval was nie.

281. Advokaat Kentridge het toegegee dat daar een of ander voorval by die hek was, maar betoog dat die getuienis op n onwillekeurige indringing dui. Die toegewing is teenstrydig met die strekking van die getuienis waarop hy hom in hoofsaak verlaat. Afgesien van enige geloofwaardigheidsoorwegings is dit na my beskouing bo redelike twyfel bewys dat n voorval by die hek die onmiddellike oorsaak van die eerste skote was. Die getuienis dui sterk op die moontlikheid dat daar n poging mag gewees het of om n algemene aanval voor te gaan of om n beperkte aanval op die polisie by die hek te doen. Die persone in die onmiddellike omgewing van die dubbelhek was die enigste wat te alle tye gesien het wat daar plaasvind. Hulle sou ook

Hoe ver het hulle werklik deur die hek gekom? --- n Tree of twee.

Hoeveel, sou u sê, het so deurgekom? --- Seker 100 of 200; wat in was, was seker omtrent 50; maar wat die stroom toe ingebring het by die hek, was seker 100 of 200, binne n paar sekondes.

Wat was u indruk; wat was die bedoeling van daardie beuring? --- Ek het gevoel dat hulle n aanval loods.".

Onder kruisverhoor het hy toegegee dat die drukking van die skare van agter die voorstes kon laat indring het. Ek het reeds daarna verwys dat dit baie waarskynlik is dat die digste samedromming in die omgewing van die dubbelhek was. Hulle het slegs vir n afstand van twee treë ingedring en het blykbaar geen poging gedoen om luitenant-kolonel Spengler of enige ander lid van die polisiemag by die hek aan te val nie. Hulle het feitlik onmiddellik teruggeval. Dit is egter nie duidelik of hulle eers na die eerste skote of selfs al voor dit teruggeval het nie. (Daar is getuienis dat hulle by een of twee vorige geleenthede ook ingedring het, maar sonder enige werklike teenstand teruggekeer het sodra die hekke toegedruk was). Die omstandighede waaronder die hek oopgemaak was en die betoger binnegekom het asook die manier waarop die indringing plaasgevind het, dui na my beskouing op die moontlikheid dat die voorstes in werklikheid ingedruk was. As daar n opsetlike indringing was sou ek verwag het dat die beweging verder gevoer sou gewees het. Indien ek al die getuienis en waarskynlikhede in verband bring is dit my besluit dat ek nog kan bevind dat daar n aanval by die hek was nog dat daar in werklikheid geen aanval was nie.

282. Hoe dit ookal sy, die eerste skote van die polisie het n beslissende uitwerking op die gebeure gehad. Dit dien geen

nuttige doel om te oorweeg hoe sake sou verloop het indien daar nie op daardie oomblik geskiet was nie. Moontlik sou daar geen lewensverlies gewees het nie. Dis ook moontlik dat daar n erger bloedbad kon gewees het.

283. Die polisie het sonder n bevel daartoe geskiet. Daar een en moontlik twee waarneembare onderbrekings was daar aanhoudend gevuur totdat die skare uiteengegaan het. Sommige polisie het slegs n paar skote geskiet en toe uit eie beweging opgehou. Party het tot 10 rondtes met n .303 geweer en andere tot 12 rondtes met n .38 rewolwer geskiet en eers opgehou nadat hulle beveel was om vuur te staak. Heelwat skattings is gedoen van hoe lank daar geskiet was. Op die veronderstelling dat die opgawes wat gedoen is oor die aantal skote wat geskiet was betroubaar is, sou ek meen dat dit onwaarskynlik is dat daar vir n korter tydperk as ongeveer 12 sekondes gevuur was. Hierdie berekening geskied na aanleiding van die tyd wat dit sou neem om bv., 6 skote met n .38 rewolwer te skiet, die leë doppies uit te haal, nog 6 rondtes te laai en hulle ook af te skiet. Om die maksimum tydperk vas te stel is moeiliker. As al die getuienis in ag geneem word, meen ek dat dit uiters onwaarskynlik is dat dit langer as ongeveer 20/25 sekondes geduur het.

284. Verskeie offisiere getuig oor die omstandighede waaronder die vuur gestaak is. Luitenant-kolonel Pienaar getuig as volg:

> "Then, when the firing started, what did you do? --- When the firing started, at that time they were densely massed up against the fence, on all sides, so far as I could see. Some of them swung round immediately. Others bore forward for a few seconds longer and then the whole lot scattered in all directions.

But what I really want to know: What steps did you take, yourself? --- Then, when I saw that they were now in full retreat, I and Captain Theron and some of the other officers jumped amongst the men and shouted 'Stop!' I waved my hands; an order could not be heard, then.

Am I understanding you correctly that after the firing started, you first watched the reaction of the crowd? --- Yes.

Before you asked the men to stop? --- I did, yes. Some of them swung round almost at once; others still bore forward for a few seconds. Then the whole mass ran off.

What did you do to stop the firing? --- I jumped in front of the men at some danger to myself of being hit. I waved my hands and shouted 'Stop!' as loud as I could.

Did the firing stop immediately? --- Well, not immediately but probably a second or two afterwards.

And were you the only one to shout 'Stop!'? --- No. Captain Theron, who was in my immediate vicinity, did the same.

And did you hear a whistle? --- Well, just before the seconds, I should say, before the firing was finished completely, I heard a whistle.

Where did that come from? --- I am under the impression that it came from Captain Crummer, on a saracen. It came from a saracen; I could not be sure, but it came from the saracens.

The machine guns on the saracens were never put into operation at all? --- No. I must say that the fire could not have lasted longer than ten seconds; ten seconds is a relatively long time. If it had lasted longer, there must have been very many more casualties. Every second would have (inaudible).

- ADJOURNED: 11.15 a.m. -
- RESUMED: 11.30 a.m. -

GIDEON DANIEL PIENAAR, still under oath:

EXAMINATION BY MR. CLAASSEN CONTINUED:

Colonel, I think your last reply was that you estimated the time of the shooting to have been ten seconds? --- At what stage?

The duration of the shooting? --- Oh, ten seconds. I am positive that it could not have lasted longer.

Do you think that the shooting continued after the danger that you saw had been ....? --- I calculate that after the first five or six seconds, according to my judgment, the necessity for firing had stopped, and that is when we jumped in and gave the order to stop.

Do you mean by that that the shooting continued after you thought that the necessity was no longer there? --- Once fire has started, you cannot stop it with press button precision. Men are only human; they are liable to get excited; they must form their own judgment. Some may have been late in forming a judgment. It is possible that about three seconds elapsed before - according to my judgment - the necessity for fire had ceased.

Then, after the firing had ceased, what orders did you give, what steps did you take? --- I immediately gave orders that the wounded had to be attended to, the ambulance had to be called and a search had to be made for weapons and brought in.".

285. Luitenant-kolonel Spengler het ook daaroor getuig as volg (in kruisverhoor):

"Do I understand that you attempted to stop the shooting as soon as you were able to do so? --- Dit is reg, ja.

Would that mean as soon as you could get to your feet? --- Ek het op gekom op my voete, eers na die skare gekyk; toe was dit of daar n warboel is. Die voorstes wou agtertoe en die agterstes was of hulle wou stilstaan, of hulle wou vorentoe kom; en toe was dit asof die geledere breek en hulle begin weghardloop. Toe het ek omgedraai en geskree 'Stop!' en die geweers probeer in die lug op druk.

You got to your feet, of course, as soon as you could? --- Dit het moeilik gegaan. My voete was half teen die hek vas gewees. Maar ek het probeer so gou moontlik op my voete kom.

And what did you do to stop the shooting? --- Ek het geskree, 'Stop vuur!' en die man wat agter my was se geweer in die lug op gedruk.

Now, in which direction was he shooting? --- Hy het in my opinie reguit geskiet.

A sten gunner? --- Ja.

DIE VOORSITTER: Dit wil sê, reg na wes? --- Reg na Wes, ja.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Right past you? --- Ja.

And did you do that knocking up of this gun at the same as you shouted 'Stop shooting'? --- Ek het eers geskree 'Stop vuur!' maar ek twyfel of iemand dit kon gehoor het, want die gekletter van die vuurwapens was hard gewees. Toe het ek die geweer in die lug op gedruk.

You talk about the one thing and then the other; but I suppose the interval between your shout and your knocking up the gun was a fraction of a second? --- Dit is reg.

And as soon as you did that, did the shooting stop, or did it go on for some while after that? --- Dit het geleidelik afgeneem.

How long - I know it is difficult, but give me your

estimate; from the time when you knocked the sten gun upwards, for how many seconds after that would you say shooting continued? --- Seker vir drie tot vyf sekondes. Not longer than that? --- Ek glo nie. Dit is moeilik. I know it is difficult, but is that your impression? --- Ek reken dit was tussen drie tot vyf sekondes gewees. That is the main volley of shooting, or is it everything, including the ragged ...? --- Dit was alles afgehandel, toe.".

Sy skatting was dat vir ongeveer 15 sekondes gevuur was.

286. Luitenant Claassen beskryf dit as volg:

"En hoe het dit werklik tot einde geloop? --- Toe ek sien dat die skare begin omswaai en op die vlug slaan, het ek onmiddellik geskree, 'Staak vuur!' 'Stop!' Toe het die skietery opgehou. Party van die skare het dadelik, onmiddellik toe die skietery begin het, omgeswaai en weggehardloop. Ander van agter het nog na vore gebeur. Maar hulle het ook op die vlug geslaan toe hulle sien dat hulle medemense begin val langs hulle.

Toe jy geskree het 'Stop vuur!', het jy dit gedoen omdat jy so'n bevel van die kolonel gehoor het, of het jy dit op jou eie gedoen? --- Ek het dit op my eie gedoen. Ek het gemeen dat die gevaar tydelik afgeweer is en dat die noodsaaklikheid om verder te vuur, nie meer bestaan nie.

DIE VOORSITTER: Maar het jy hulle aangesê om te staak vandat u daarvan bewus was dat daar nie 'n bevel was om te vuur nie, of omdat u gemeen het die vuur was geregverdig maar dit moet nou stop gesit word want dit sal nie verder geregverdig wees nie? --- Ja; ek het gemeen dat dit nie verder geregverdig is, toe ek sien die skare begin vlug nie.

Toe die vuur begin het, was u natuurlik daarvan bewus dat daar nie 'n bevel gegee is nie? --- Ek het nie 'n bevel gehoor nie, maar ek het gemeen dat daar moontlik so'n bevel kon gewees het.

VERHOOR HERVAT: Wat was die reaksie van die skietery op die skare soos wat jy dit gesien het? --- Die skare het dadelik omgeswaai en begin vlug, maar sommige het nog geaarsel en nog na vore gekom; veral van agter het ek gesien dat daar nog was wat na vore gedruk het. Maar hulle het ook, toe hulle sien dat daar mense begin val, omgeswaai en weggehardloop. Die skare was taamlik dig. Hulle het mekaar onderstebo gehardloop. Die wat omgeswaai het, en die wat van agter na vore gebeur het, het gebots met mekaar, en baie van hulle het mekaar onderstebo gehardloop.

Toe die laaste skote geval het, was daar nog van die Bantoes teen die draad, of was hulle weg van die draad af? --- Nee; hulle was nie meer teen die draad, sover ek weet nie.

Toe die laaste skote geval het, hoe ver, sou u sê, was hulle van die draad af? --- Ek sou sê hulle was dwarsoor die straat. Sommige was nog in die middel van die straat toe die laaste skote geval het, en sommige het in die aangrensende veld gehardloop.".

287. Luitenant Freemantle se getuienis is:

"Het jy ook gehelp om die mense te kry om te stop skiet? --- Ek het, ja. Ek het hulle gehelp stop.

Wat het jy gedoen? --- Ek het geskree 'Stop!' en party se gewere afgeruk, en hulle aangesê om te stop.

Waarom het jy dit gedoen? --- Omdat net na die eerste sarsie, toe het die skare al stilgestaan en het toe, net

asof hulle begin maal. Party het half omgedraai, en daarna het ek gesien hulle slaan op die vlug, en ek het hulle gestop.

Het jy moeilikheid gehad om hulle te kry om op te hou vuur? --- Ek het nie moeilikheid gehad daar waar hulle my kon hoor nie. Hulle het onmiddellik my fluitjie gehoor blaas, en net daarna het die skote opgehou.".

288. Ten slotte verwys ek na die getuienis van Labuschagne wat ook hand bygesit het, hoewel hy nie lid van die polisiemag was nie:

"Kon jy uitmaak wat die reaksie van die skare was na die skietery begin het? --- Daar was niemand oor na die skietery nie.

Nee, maar ek bedoel, onmiddellik toe die eerste skote begin val; kon jy enige reaksie sien? --- Dit het my laat dink aan 'n koringland, waar 'n warrelwind hom ruk. Dit was net so; dit was nèt so gewees en hulle was weg, en die wat gewond was het agtergebly. Dit was blitsvinnig gewees.

Was sou jy sê as die Polisie sê vir 30 sekondes aangehou en geskiet het - was daar nog nodigheid vir só lank skiet? --- Dit is moeilik om te sê, want nadat die eerste skote geval het, het almal gehardloop en na twintig sekondes weet ek nie of daar nog iemand oor was nie. Dit was so blitsvinnig gewees; toe die eerste skote val, het die skare somar verdwyn. Hulle het oormekaar gehardloop en getrap. Hulle het by die kliniek dwarsoor die drade geval, somar bo-op hulle koppe.

DIE VOORSITTER: Het u enigsinds opgelet, nie met betrekking tot sekondes nie want tydskatting is baie moeilik; maar u het in gedagte wanneer die skietery opgehou het? --- Ja.

Nou, wat ek wil weet, toe die skietery ophou wat was die toneel voor u gewees - daardie moment toe die skote opgehou het. Wat het u gesien? --- Toe die eerste skote val en die skare wegspring, het kolonel Pienaar geskree 'Stop!' en ek het geskree 'Stop!'. Toe ek die manne so slaan, toe ek opkyk, het ek net gewonde mense voor my gesien.

En was hulle nog toe besig gewees om te skiet, of was die skietery toe al verby? --- Nee; hulle het toe dadelik gestop.

Het u enige begrip van hoe lank dertig sekondes is? --- Ja. Ek skiet baie skyf, en snel-vuur weet ek, min of meer, hoe vinnig n mens skiet. As ek sê dertig sekondes, sou ek sê dit was baie lank.".

289. Die algemene indruk wat die getuienis skep is dat hoewel enkele lede van die polisie-linie op eie houtjie die vuur gestaak het, die meerderheid dit as gevolg van n bevel gedoen het. Dit is onmoontlik om met enige mate van akkuraatheid te bepaal op watter tydstip die bevel gegee was. Luitenant-kolonel Pienaar se skatting dui daarop dat daar vir ongeveer 5 na 6 sekondes gevuur was voordat hy die bevel om te staak gegee het en dat nog 3 na 4 sekondes daarna verloop het voordat die vuur inderdaad opgehou het. Luitenant-kolonel Spengler het geskat dat daar vir ongeveer 15 sekondes gevuur was en dat die bevel om te staak gegee was na daar vir ongeveer 5 sekondes geskiet was. Hy het toe onmiddellik daarna n persoon wat met n sten-geweer geskiet het stopgesit deur die loop in die lug op te stamp. Toe was daar vir nog ongeveer 3 na 5 sekondes geskiet. Labuschagne skep die indruk dat luitenant-kolonel Pienaar "stop" geskreeu het onmiddellik na die eerste skote afgeskiet was. By verdere

ondervraging het hy dit gestel dat die bevel na 20 sekondes gegee was en dat die vuur amper onmiddellik daarna opgehou het. Dit blyk dus onveilig te wees om dit bloot as n rekenkundige vraag te beskou of om beskrywings soos "onmiddellik na die eerste skote" letterlik te aanvaar. So ook kan getuienis dat die vuur amper onmiddellik na die bevel om te staak opgehou het nie letterlik aanvaar word nie.

290. Die waarskynlikhede dui na my beskouing daarop dat luitenant-kolonel Pienaar en die ander offisiere binne n betreklike kort tydperk na die eerste skote afgeskiet was stappe gedoen het om die vuur stop te sit. Volgens luitenant-kolonel Pienaar het hy gevaar by die omgewing van die hek gesien en sou hy toe feitlik op die punt gestaan het om n beperkte opdrag om in daardie rigting te skiet, te gee. Hy sê dat hy nog n paar sekondes sou gewag het voordat hy n algemene opdrag om te skiet sou gegee het ten einde homself te verseker dat die aanval deur die skare nie slegs tot die omgewing van die hek beperk was nie. Sy indruk was dat die skare nie as n geheel onmiddellik na die eerste skote teruggeval het nie, maar dat dié wat agter was nog na vore gebeur het. Dit is dus duidelik dat hy nie die bevel tot staking van vuur gegee het bloot omdat die polisie in die linie sy opdrag dat hulle slegs op sy bevel moes vuur verontagsaam het nie, maar omdat hy eers die posisie dopgehou het en toe sy bevel gegee het na hy besluit het dat die skare as n geheel besig was om terug te val. Dit was dus onvermydelik dat daar n tydsverloop moes gewees het tussen die afskiet van die eerste skote en die gee van die bevel tot staking van vuur. Dit is n onbegonne taak om hierdie tydsverloop in terme van sekondes te stel.

291. Dit is ook duidelik dat daar n tydsverloop was tussen die gee van die bevel tot staking van vuur en die uitvoering

van die opdrag deur die manne in die linie. Luitenant-kolonel Pienaar het dit gestel: "Once fire has started you cannot stop it with press button precision", en verwys na die spanning en opgewondenheid waaronder die manne verkeer het. Na my beskouing is dit ook waarskynlik dat ander faktore daartoe bygedra het om die tydsverloop tussen die bevel tot staking van vuur en die laaste skote te verleng. Daar moet onthou word dat die manne in die linie nie gelyk begin skiet het nie. Ek het reeds daarna verwys dat dit waarskynlik is dat die manne regoor die hek eerste geskiet het. Dit was ook nie die geval dat al die manne teen dieselfde tempo geskiet het totdat die vuur eindelik gestaak was nie. Hoewel ek nie wil voorgee dat dit met sekerheid bepaal kan word nie, meen ek tog dat daar omstandighede is wat daarop dui dat die manne in die omgewing van die hek eerste opgehou het om te skiet. Ek meen dat dit uit die getuienis blyk dat daar meer offisiere in daardie omgewing as elders by die suidelike en noordelike flanke was. Labuschagne was ook in daardie omgewing. Hulle gesamentlike pogings om die vuur stop te sit sou eerder in hulle onmiddellike omgewing effek gehad het. Vir sover dit die manne in die linie betref moet in gedagte gehou word dat ek reeds die mening gewaag het dat die skare in die omgewing van die hek waarskynlik eerste gewyk het. Nou moet ook nog onthou word dat die skare nie direk weswaarts kon vlug nie, maar verplig was om of in n suidelike of in n noordelike rigting te hardloop. Dit is dus na my beskouing waarskynlik dat dit op n bepaalde tydstip die posisie was dat die skare teenoor die manne wat in die omgewing van die hek gestaan het yler sou gewees het as elders in die straat. Die grootste samedromming was by die omgewing van die hek en daardie Bantoes moes na die een of die ander kant wyk. Die manne in die omgewing van die hek

sou dus waarskynlik eerste in staat gewees het om n eie opinie te vorm oor die moontlike verdere optrede van die skare. Hierdie omstandigheid asook die optrede van die offisiere het na my beskouing die uitwerking gehad dat die manne in die omgewing van die hek die eerste was om vuur te staak en dat manne aan die noordelike en veral die suidelike flanke daarna nog geskiet het. Die waarskynlike rede is dat die bevel eers sekondes later tot hulle deurgedring het en n malende massa betogers nog voor hulle in die straat was op n tydstip toe die skare in die omgewing van die hek reeds yler was. Na my beskouing is dit waarskynlik ook een van die redes waarom daar betreklik gesproke minder ongevalle in die omgewing van die hek as bv. in die rigting van Zwane-straat was.

292. Daar was heelwat teenstrydige getuienis oor die aard van die vuur, nl., of daar onderbrekings was. Afgesien van die feit dat daar moontlik n onderbreking was na die eerste skote by die hek afgeskiet was en voordat die andere begin skiet het, is dit onmoontlik om te bepaal of daar ook nog ander onderbrekings was al dan nie. Wat moontlik is, is dat daar afwisseling was in die aantal wapens wat gelyktydig gevuur het, en dat dit n indruk van aparte sarsies geskep het. Hoe dit ookal sy, dit blyk waarskynlik te wees dat na die bevel tot staking gegee was die vuur nog deur manne aan die noordelike flank en veral deur die aan die suidelike flank van die linie voortgesit was vir n tydperk wat moontlik net so lank was soos die tydperk wat die bevel voorafgegaan het, maar waarskynlik n bietjie korter was.

293. Ek het reeds verwys na die getuienis wat betrekking het op die reaksie van die skare op die vuur. Die getuienis van sommige getuies skep die indruk dat die polisie op die

agterhoede van die vlugtende skare geskiet het nadat hulle reeds ver van die onmiddellike omgewing van die polisiestasie gevorder het. In hierdie verband was daar die getuienis van enkele getuies dat hulle getref was toe hulle reeds sover as van 50 na 100 treë gehardloop het. Daar is ook getuienis dat dooies en beseerdes op die oop terrein aan die noordwestelike en noordelike kante van die polisiestasie aangetref was. In hierdie verband moet egter onthou word dat hierdie ongevalle 'n betreklike klein minderheid van die totale aantal ongevalle uitmaak. Die betoog in verband met hierdie aspek van die gebeure het egter in hoofsaak gesteun op die onbetwiste feit dat 'n ontleding van die beserings daarop dui dat nagenoeg 70% van die ingangswonde aan die rugkant was (d.w.s. of reg of skuins van agter).

294. Oppervlakkig beskou blyk dit of die feite waarna hierbo verwys is die betoog steun. Na my beskouing moet al die relevante feite egter met mekaar in verband gebring word, en as dit gedoen word blyk dit dat die besluit waarop die betoog mik nie die enigste en ook nie die korrekte een is nie.

295. Vir sover die betoog op die feit steun dat 'n minderheid van dooies en beseerdes op 'n betreklike lang afstand van die polisiestasie aangetref was blyk dit dat sekere daarmee in verband staande oorwegings uit die oog verloor is. 'n Paar getuies het getuig oor waar hulle gestaan het toe die eerste skote afgeskiet was, wanneer en waarheen hulle gevlug het en op watter tydstip en hoe hulle verwond was. Wat die orige ongevalle in hierdie kategorie betref is daar egter geen getuienis oor waar hulle was toe die eerste skote geknal het nie, of die ingangswonde aan die voorkant of rugkant was nie, hoeveel gedood en hoeveel slegs verwond was nie, en of die beserings opgedoen was by die plek waar hulle aangetref was of

nader aan die polisiestasie nie. Afgesien van die getuies wat voor my getuig het oor hulle bewegings nadat hulle raakgeskiet was, is daar ook mediese getuienis wat daarop dui dat dit moontlik is dat persone wat beseer was tog nog sou kon beweeg het tensy hulle n doodskoot ontvang het. Dit is dus onmoontlik om te besluit dat dooies of verwondes wat op n afstand aangetref was noodwendig daar raakgeskiet was, en daar bestaan selfs nog minder regverdiging vir die besluit dat hulle deur die laaste koeëls getref was en nie vroeër nie.

296. Ek meen dat die getuienis daarop dui dat die oorgrote meerderheid van die ongevalle in die onmiddellike omgewing van die polisiestasie aangetref was, en veral in die straat aan die westekant vanaf die omgewing van die dubbelhek na die kruising van daardie straat en Zwane-straat. Daar was ook ongevalle aangetref onmiddellik aan die oostelike, suidelike en westelike kante van hierdie kruising. Ek het reeds daarna verwys dat hoewel die getuienis nie te duidelik is nie, dit tog blyk dat daar geen of slegs enkele dooies of verwondes binne n paar treë vanaf die draadomheining gevind was. Aangesien die oorwig van getuienis bewys dat die skare as n geheel nie voor die eerste skote geknal het teruggeval het nie (al sou aanvaar word dat sommige dit tog wel gedoen het) het dit my eers vreemd voorgekom dat so min persone naby die omheining na die voorval aangetref is. Na my beskouing is die volgende die enigste bevredigende uitleg. Die eerste skote het by die hek geknal. Ek is geneig om die getuienis dat daar eers laag geskiet was te aanvaar, al sou dit dan net gewees het omdat polisie tussen die linie en die hek was. Die betogers by die hek het onmiddellik begin terugval. Dit is ook moontlik dat van die betogers wat elders teenaan die westelike omheining gestaan het binne n sekonde of wat besef

210/...

het dat daar geskiet word en geprobeer het om te vlug. Die skare wat meer na agter gestaan het, het nog na vore gebeur. Die res van die polisie-linie het begin vuur, en daar is getuienis dat van hulle ook aanvanklik laag gevuur het. (Daar moet onthou word dat 'n ontleding van die mediese getuienis daarop dui dat nagenoeg 280 koeëlwonde getel was. Party persone is deur meer as een koeël getref, terwyl daar vermoedelik ook gevalle sou gewees het waar een koeël meer as een persoon verwond het. Daar moet ook nog rekening gehou word met die feit dat persone wat ligte beserings opgedoen het of andersins die feit dat hulle verwond was wou verberg het nie na die hospitaal gegaan het nie. As alles in ag geneem word blyk dit tog dat ongeveer 'n helfte van die 700 en meer koeëls wat afgeskiet was niemand getref het nie. Die waarskynlikheid is dus dat baie van die polisie op die een of ander tyd of laag of hoog moes geskiet het, en hulle getuienis in daardie verband skyn dus aanvaarbaar te wees.) Dit sou die betogers naby die draad nog 'n sekonde of wat gegun het om terug te val teen die stroom in van die wat nog na vore gebeur het. Toe daar op daardie stadium op die skare gevuur word sou daar dus 'n wemelende massa betogers voor die polisie-linie gewees het. Die waarskynlikheid is dat van die menigte wat vir hulle eie behoud platgeval het die meerderheid van diegene wat naaste aan die polisie was sou gewees het. (Sommige van hulle was getref waar hulle gelê het - heelwaarskynlik deur opslagkoeëls of skote wat laag gemik was). Daar is ook getuienis dat van dié wat raakgeskiet was nog weg gekruip het. Na my beskouing is dit op die getuienis die waarskynlikste uitleg vir die feit dat so min dooies of verwondes naby die omheining aangetref was.

297. U Eksellensie sal in gedagte hou dat op die tydstip toe die polisie met mening op die skare begin vuur het was die

skare nie n statiese massa nie. Sommige beur na agter, sommige nog na vore, andere koes die kant en dan daardie kant. Baie het platgeval en tot na die laaste skote bly lê. Intussen word daar geskiet. Na nog n paar sekondes sou selfs die wat agter was en die laaste was om na vore te beur besef het dat hulle in gevaar verkeer en pogings gedoen het om te vlug deur om te draai of suid of noord te hardloop. Dit is na my beskouing waarskynlik dat die polisie - en veral die vanaf die middel na die suidelike flank van die linie - nog besig was om te vuur. En op daardie tydstip sou daar nog n massa betogers teenoor hulle in die straat gewees het. As al hierdie feite in gedagte gehou word dan is dit na my beskouing verstaanbaar waarom so baie persone nie van voor getref was nie. Die getuienis bewys na my beskouing dat die oorgrote meerderheid van persone wat of gedood of verwond was geskiet was terwyl hulle nog in die straat aan die westekant van die polisiestasie was, en terwyl daar nog n aansienlike skare was. n Stelling wat daarop neerkom dat die polisie op die agterhoede van n skare wat besig was om van hulle weg te vlug geskiet het kan na my beskouing hoegenaamd nie met die feite gerym word nie. Dit kan ook nie sondermeer aanvaar word dat ongeveer 70% van die ongevalle waarna ek so pas verwys het van agter of skuins van agter geskiet was nie. Om so'n verhouding te kan bepaal sou daar meer inligting moes wees oor die aantal wat elders raakgeskiet was en die aard van hulle verwonding. Ek aanvaar egter as waarskynlik dat n betreklike hoë persentasie van die persone eerder van agter as van voor getref sou gewees het. Ek het ook aanvaar dat dit baie waarskynlik is dat die oorgrote meerderheid van die betogers in die rigting van die polisie sou gekyk het toe die eerste skote geknal het. Fotos wat vroeër van gedeeltes van die skare geneem was dui daarop dat dit op daardie tydstip

nie die geval was nie. Daar is egter n sterk moontlikheid dat van die eerstes wat raakgeskiet was met hulle rugkante op die polisie gekeer was.

298. Daar was langdurige kruisverhoor oor die stappe wat luitenant-kolonel Pienaar sou moes gedoen het om die skare uiteen te jaag voordat die polisie op hulle gevuur het. Na my beskouing is dit nie ter sake nie. Die polisie regverdig hulle optrede met verwysing na die optrede van die betogers wat deur hulle as n aanval beskou was. Hulle sê dat hulle geskiet het omdat hulle lewens in gevaar was. Dit altans is die strekking van die getuienis van al die polisie wat voor my getuig het. Ek het natuurlik nie al die polisie wat geskiet het as getuies geroep nie; maar daar bestaan geen rede om te dink dat enigeen van hulle geskiet het bloot om die skare uiteen te jaag nie. Die polisie, en veral die offisiere, was bewus van die stappe wat gedoen moes word voordat geweld gebruik word om n skare uiteen te jaag. Hulle optrede elders op daardie dag getuig daarvan. Dit val ook nie binne die bestek van hierdie verslag om te besluit of die doen en late van luitenant-kolonel Pienaar gedurende die kort tydperk wat hy by die polisiestasie aanwesig was daarop dui dat hy aan enige pligsversuim of die oortreding van enige wetsbepaling skuldig is nie.

299. Ek het reeds daarna verwys dat die manne wat geskiet het in hulle getuienis voorgee dat hulle op daardie oomblik van oordeel was dat hulle lewens in gevaar was. Of daar so'n gemoedstoestand bestaan het is natuurlik n feite-kwessie. Hoewel sommige van die polisiegetuies my nie beïndruk het nie, meen ek dat dit aanvaar kan word dat hierdie gemoedstoestand waarskynlik aanwesig was by die manne wat gevuur het. Wat die meerderheid van die manne wat getuienis gegee het betref meen ek dat hulle geglo kan word waar hulle gesê het dat dit hulle

213/...

gemoedstoestand was. Wat die res van die manne wat gevuur het betref kan ek natuurlik geen finale besluit waag nie aangesien ek nie hulle getuienis verneem het nie. Dit is egter waarskynlik dat hulle in dieselfde trant sou getuig. Dit val in elk geval nie binne die bestek van hierdie verslag om enige bevinding te doen in verband met die vraag of die manne wat gevuur het, of enige van hulle, ondanks hulle gemoedstoestand soos hierbo aangedui aan pligsversuim of 'n misdryf skuldig is nie.

300. Na die skietvoorval was daar geen verdere poging van die kant van die betogers om weer as 'n eenheid by of in die omgewing van die polisiestasie bymekaar te kom nie. Afgesien van die feit dat enkele voertuie (onder meer die van persmanne) onmiddellik na die skietvoorval onder die klippe gesteek was, was daar blykbaar geen verdere voorvalle van geweldpleging nie.

301. Daar is 'n geskil oor die optrede van die polisie onmiddellik na die vuur gestaak was. Die betoog voor my was dat daar geen stokke of kieries of ander voorwerpe wat as wapens beskryf kon word na die skietvoorval deur die polisie gevind was nie en dat die bewysstukke wat ingedien was nie daardie dag opgetel was nie maar later versamel is. Dit was ook betoog dat die klippe wat as bewysstukke ingedien was op 'n oneerlike manier bymekaar gemaak was en by wyse van meinedige getuienis in verband met die gebeure in verband gebring is. Ek is nie voornemens om tot 'n ontleding van al die getuienis oor te gaan nie. Na my beskouing is die betoog geheel-en-al ongegrond. Ek het reeds daarna verwys dat die getuienis nie 'n bevinding regverdig dat die skare as 'n gewapende skare beskou kon word nie. Die bewysstukke wat ingedien is bewys dit ook gladnie. Wat die klippe betref is

214/...

die betoog net so ongegrond. Aangesien die polisie gevuur het kort na die klipgooiery begin het twyfel ek of daar n besondere groot aantal klippe gegooi was. n Dosyn of wat klippe het die polisie getref. Dit is waarskynlik dat nog meer gegooi was wat niemand getref het nie. Dit is onmoontlik om te bepaal presies hoeveel klippe gegooi was of selfs om by benadering die getal aan te dui. n Vyfgelling kastrol klippe van verskeie groottes is ingedien as synde die klippe wat opgetel was. Ek het die klippe nie getel of laat tel nie - daar kon so min soos 50 of soveel soos 200 gewees het.

302. Dit was ook voor my betoog dat die getuienis daarop dui dat die blanke polisie sonder uitsondering skuldig was aan skandalige vernalatiging van die beseerdes en dat hulle - en blykbaar die Bantoe polisie ook - niks gedoen het om die lyding van die verwondes te versag nie. Die beskuldiging was dat die polisie slegs begaan was om die lyke te verwyder en dat die verwondes aan hulle lot oorgelaat is. Daar is getuienis dat die beseerdes na die sypaadjie gedra was. n Bantoe getuie het getuig dat die Bantoe polisie hierdie persone mishandel het - en dit as gevolg van die uitdruklike opdrag van die blanke polisie gedoen het. Indien hierdie beskuldiging selfs ten dele waar sou wees, sou dit elke regdenkende persoon tot in sy diepste wese skok.

303. Vir sover dit die getuienis voor my betref, skyn dít die feite te wees. Labuschagne, die Superintendent van Sharpeville, getuig dat hy onmiddellik na die vuur gestaak was, na n munisipale voertuig wat buite die polisiestasie-terrein geparkeer was gehardloop het en toe na die munisipale kantore by die ingang na die woonbuurt gejaag het. Vandaar het hy ambulanse ontbied. (Daar moet onthou word dat daar geen telefoniese verbin... ussen die polisiestasie en

Vereeniging was nie). Die Brandweerhoof het getuig dat die eerste oproep om 1.49 nm. vanaf die munisipale kantore ontvang is. Die beskikbare ambulanse het onmiddellik vertrek en na ongeveer 5 minute by die polisiestasie aangekom. Labuschagne het saam met 'n ambulans na die polisiestasie teruggekeer. Die Brandweerhoof (ene Van Vuuren) het vanaf Sharpeville nog meer ambulanse ontbied. Dit blyk ook dat luitenant-kolonel Pienaar onmiddellik opdrag gegee het dat ambulanse ontbied moes word. Luitenant Freemantle het die radiotoestel van 'n Saracen gebruik om ambulanse te ontbied. Hierdie feite was hoegenaamd nie betwis nie. Die eerste ambulanse was dus binne 10 na 15 minute by die polisiestasie en die ambulanspersoneel sou vermoedelik toe in beheer van die hantering van die beseerdes gewees het. Dit was nie voor my betoog dat hulle van enige pligsversuim beskuldig kon word nie.

304. Die Brandweerhoof sê dat toe hy by die polisiestasie aangekom het was die polisie besig om die beseerdes te help. Labuschagne het self ook getuig dat hy hulp verleen het en stappe gedoen het om beseerdes te laat verwyder. Afgesien van die feit dat hy my in die algemeen as 'n geloofwaardige persoon voorgekom het, is dit hoogs onwaarskynlik dat hy afsydig sou gestaan het teenoor inwoners van Sharpeville.

305. Die ambulanspersoneel het blykbaar onmiddellik stappe gedoen om die beseerdes na die hospitaal te verwyder. Die Brandweerhoof het op die toneel gebly totdat al die beseerdes verwyder was. Hy wou klaarblyklik eers die beseerdes help en het die polisie versoek om polisievoertuie te gebruik om lyke so gou moontlik te verwyder sodat die beskikbare ambulanse slegs vir die vervoer van beseerdes gebruik kon word. Die polisie het dit dan ook gedoen. Aangesien daar aansienlik

minder lyke as beseerdes was en aangesien die hantering van lyke vermoedelik minder versigtigheid benodig as die hantering van beseerdes sou ek verwag het dat die lyke met groter spoed verwyder sou geword het. Die polisie het dit op versoek van die ambulanspersoneel gedoen omdat gemeen was dat dit die beseerdes se posisie sou verlig deurdat hulle gouer vervoer kon word. (Die Brandweerhoof het verduidelik dat dit n besonder warm dag was, en dat hy die lyke nie langer as wat nodig was daar wou laat lê nie). Hierdie optrede van die polisie is aangewend as grond vir die beskuldiging dat hulle eers die dooies versorg het.

306. Die getuienis dui daarop dat enkele minute na die laaste skote geskiet was verloop het voordat die polisie die polisiestasieterrein verlaat het en tussen die dooies en beseerdes beweeg het. Ek vermoed dat hulle vir n tydperk sou getalm het om eers vas te stel of die betogers weer sou terugkeer. Daar was blykbaar ook n gevoel van verslaentheid oor wat gebeur het - n verslaggewer van die "Rand Daily Mail" wat daar opgedaag het voor die polisie die polisiestasieterrein verlaat het getuig van sy gewaarwordings in daardie verband.

307. Ek het reeds daarna verwys dat die eerste ambulanse binne 10 na 15 minute opgedaag het en dat die Brandweerhoof toe verantwoordelik was vir die hantering van die ongevalle. Daar bestaan na my beskouing nie die minste regverdiging om sy getuienis te wantrou nie. In elk geval moet ook onthou word dat die polisie nie toegerus was om eerstehulp te verleen nie. Dit is duidelik dat hulle niks in daardie verband gedoen het of kon doen voor die ambulanse opgedaag het nie. Daar is egter getuienis dat van die polisie (blank sowel as Bantoe) en munisipale amptenare die beseerdes in dié opsig tot hulp

gekom het, nl., om hulle in gemakliker posisies te plaas en om water aan hulle te gee. Ek meen dat hulle nie meer kon doen in die paar minute voor die ambulanse opgedaag het nie. Na die ambulanspersoneel opgedaag het sou hulle verantwoordelikheid aanvaar het en die nodige stappe gedoen het. Ek het reeds hierbo daarna verwys dat die polisie sodanige hulp as wat versoek was verleen het.

308. Afgesien van die getuienis van getuies soos bv., Elias Lidia en Eerwaarde Robert Maja, steun die betoog op n aantal fotos wat ene Robinson, fotograaf van die "Rand Daily Mail", kort na die voorval geneem het. Dit is heeltemal korrek dat hierdie fotos nie aandui dat blanke polisie besig is om enige bepaalde beseerde op die tydstip toe die foto geneem was te help nie. Die fotograaf se getuienis dat hy nie die fotos met enige bepaalde opset geneem het nie, bv., om te toon dat slegs Bantoes die beseerdes gehelp het, kan aanvaar word. Elke foto gee n blik van ongeveer 1/50ste van n sekonde van n bepaalde situasie en kan slegs as bewys vir daardie tydperk en ten opsigte van die besondere toneel dien. Daar is soveel aanvaarbare getuienis dat die polisie so gou moontlik stappe gedoen het om hulp vir die beseerdes te ontbied en self ook waar moontlik hulp verleen het, dat die getuienis tot die teendeel verwerp moet word. Dan moet daar na my beskouing ook nog gelet word op die onwaarskynlikheid dat onder die sowat 150 blanke en 140 Bantoe polisie nie n enkele een sou wees wat bereid sou gewees het om n gekerm na water of n versoek om gehelp te word om in n gemakliker posisie te lê te beantwoord nie. Ek kan natuurlik nie beoordeel of die polisie nog meer kon gedoen het nie. Ek het hierbo gehandel met die aantyging dat die polisie opsetlik afsydig gestaan het en die beseerdes aan hulle lot oorgelaat het. Na my beskouing is die aantyging vals.

309. Ek het egter sekere bedenkings oor die optrede van enkele polisie (blanke sowel as Bantoe) na die skietvoorval. Sommige van die beseerdes wat getuienis gegee het, het verwys na opmerkings wat party lede van die polisie hulle laat ontval het. Hoewel party getuies se getuienis klaarblyklik oordrewe was, het andere my weer beïndruk waar hulle getuig het dat enkele lede van die mag woorde teenoor beseerdes gebesig het wat nie alleen onvanpas was nie maar bewys lewer van 'n gesindheid wat skerp veroordeel moet word. Dit dien egter nie ook nog as bewys dat dit die gesindheid deur die bank was nie.

310. Dit het ongeveer 'n uur geneem om die beseerdes te verwyder. Hulle is in hospitale opgeneem. Daar het die mediese praktisyns en ander personeel wonderbaarlike werk gedoen om lewens te red, verminking te voorkom of te verminder en hulle die behandeling te gee wat hulle omstandighede vereis het. Die mediese praktisyns en die personeel verdien lof vir wat hulle gedoen het.

311. Daar het niks noemenswaardig later die dag plaasgevind nie.

SLOT.

312. Ek het hierbo na die beste van my vermoë en so volledig soos moontlik verslag gedoen oor die gebeure waarop U Eksellensie se opdrag betrekking het. Die notule van die verrigtinge en ander dokumente word vir veilige bewaring aan die Sekretaris van Justisie oorhandig.

P.J. WESSELS.

Regterskamers,
Hooggeregshof,
PIETERMARITZBURG.

23/9/1960.

STC 326:792.8
Mzumba.

African folk ballet of power and potential

THE BALLET: Mzumba (Bantu Social Centre).

Star 15/12/66 S

By Frank Morton

WHAT IS HERE CALLED A BALLET is in fact something much more and much less. It is a type of pageant-folk-play where set pieces of singing and dancing are linked by a semblance of action and dialogue.

It is in this respect more unique, though probably less indigenous to the African people.

But that it has a considerable potential was plain from last night's preview.

It is highly stylised — a blend of raw folk art with a measure of more commonplace theatrical exposition.

While I can see no good reason why this type of show should not be able to combine the elements of both traditions, it did strike me that had it been more balletic throughout in the sense that mime and movement were substituted entirely for dialogue, it might have avoided some of the incongruity and been even more powerful and gripping.

As it is, the type of story dealt with — a journey, a meeting, a romance, a wedding, culminating finally in the sacrifice of the new bride by the witch doctor to the gods of rain — is not far removed from the type of material on which Western classical ballet has been established. And, of course, the main emphasis is upon the ensemble scenes, the marriage, the casting of the bones, the sacrifice.

It struck me forcibly during last night's performance that here, perhaps, was the nucleus of a completely African folk ballet, such as many peoples have attempted to develop in recent times in order to give artistic expression to particular traditions and traits of their nation.

For this reason alone it was a stimulating evening.

The huge and at times terrifying vigour of the artists carried all before them with a sweep. The only musical instruments used were drums, with the odd shrieking cadences of a reed whistle.

Otherwise the dancing ensembles were accompanied by singing — that weird, powerful harmony of African voices, which in its violence and impact can produce effects no symphony orchestra ever could.

I, for one, should be very interested to see it again, presented on a more suitable stage, and in greater detail.

I think that then we might find we have indeed a significant new kind of folk ballet to show the world.

Pages
17 to 26
omitted.
See Supplement

however, even now required that a magistrate or police officer

> "shall endeavour to draw the attention of such persons in a manner which appears to him best suited to the circumstances and.... shall command them in a loud voice to disperse or to discontinue the conduct in question forthwith and shall warn them that if they fail to disperse or discontinue such conduct within a space of time stipulated by him, force will be used."

Only after such command has been "uttered thrice" and the crowd has failed to disperse may force be used. Moreover "the degree of force so used shall so far as possible be limited to the achievement of the objects for which it is applied ". "Firearms or other weapons likely to cause serious bodily injury shall not be used unless in the opinion of the magistrate, commissioned officer or authorized officer" (viz. a police officer of a rank not lower than the rank of sergeant duly authorised thereto by a commissioned officer) "such a course is essential in the public interest or for the protection of life or property". It is not surprising that even in a state of emergency these standards of behaviour are

still/...

still required of the police; for without them there would result what Macaulay called "the most frightful of all spectacles, the strength of civilization without its mercy".

19. The Standing Orders of the S.A. Police relating to the use of Arms (Appendix IV hereto) specifically enjoin members of the Force to render obedience to the principles which have been set out above. The opening sentence of Reg. 741 makes it clear that -

> "...members are entrusted with arms for their own preservation and that of their barracks and prisoners..."

and that -

> "... It cannot be too strongly impressed on every policeman how essential it is, not only to guard against the slightest misuse of his arms, but to observe the utmost forbearance that humanity, combined with prudence, can dictate, before incurring the moral as well as legal responsibility of firing upon the people - a measure which should never be resorted to until every other means shall have failed to ensure the preservation ofpeace and good order."

According/...

According to Lt. Claassen (pp. 887, 892), this doctrine forms part of the training of every member of the Force. So too, Reg. 746 warns policemen that if they use fire-arms they must -

> "be well prepared to prove that they acted with becoming humanity, caution and prudence, that they were compelled by necessity alone to have recourse to their arms, and that no more force, or no more dangerous weapon, was used than was necessary in the circumstances."

Reg. 748 lays down the salutary ultimate principle, or "final warning" as it is called:-

> "When in doubt, do not fire."

20. Standing Orders provide the following guidance of a more specific kind for members of the Force:-

(a) Whenever the police, acting under orders, shall receive directions to fire, they must not on any account do so except by regular word of command from their senior officer or other senior present (Reg. 745 (4)).

(b) The senior officer present must give all

his attention to the supervision of the men acting under his orders and must give deliberate word of command to fire a specific number of rounds (Reg. 745 (5)).

(c) No greater number of men are to be detailed to fire than is considered absolutely necessary (Reg. 745 (6)).

(d) The officer in command must exercise the utmost forbearance, consistent with the safety of the party, before he gives the order to fire and must, in every instance, exercise a humane discretion as to the extent of such firing (Reg. 745 (7)).

(e) The firing ought to be at the leaders of the riot or at the assailants of the Force, and, if possible, with effect (Reg. 745 (2)). In other words, it ought not to be indiscriminate. (Reg. 745 (3)).

(f) No shot must be fired after the necessity for firing has ceased to exist (Reg. 745 (8)).

(g) It follows that the officer in command must -

(i) ascertain all the relevant facts of the emergency in order to enable himself to exercise a proper discretion:

Lt. Claassens, pp. 889, 898;

(ii) guard against the slightest misuse by his men of their arms:
Lt. Claassen, p. 889;
Cf. Capt. Coetzee, p. 963;

(iii) ensure that he deploys his men so that his commands can be communicated to them in all the circumstances of the emergency:
Lt. Claassen, pp. 889, 891.

These conclusions, which were endorsed by Lt. Claassen, a police officer of 30 years experience, demonstrate the practical steps which must be taken if any genuine attempt is to be made to apply Standing Orders. They are implicit in Standing Orders and are to be found clearly expressed in the relevant provisions of the Queen's Regulations for the Army, a copy of which is annexed hereto (Appendix V hereto).

(h) For the guidance of policemen not under the command of a senior the following are the circumstances laid down in which they may use their own discretion to open fire:-

(i) If their stations or barracks are attacked;

(ii)/...

(ii) If an attempt is made to deprive them of their arms and their prisoners;

(iii) to defend themselves or another person or persons from death or serious injury, or another person or persons from an unlawful attack;

(iv) Tö effect the arrest or prevent the escape of a prisoner in certain circumstances.
(Reg. 742).

(i) Whenever the circumstances can be met by firing merely to wound or maim, great care should be exercised not to kill; but if a policeman believes on reasonable grounds that he is in imminent danger of death, he is justified in firing to kill (Reg. 743).

21. It is implicit in Standing Orders that the provisions thereof should be known not only to officers - that goes without saying - but also to all members of the Force (Lt. Claassen, pp. 897, 892). They should also so familiarize themselves with the handling of their arms that they have perfect control over them - and, it may be interpolated, over themselves - in action

(Regs./...

(Regs. 741, 743 and 746).

22. Standing Orders contain no directions as to the use of automatic weapons - a somewhat surprising omission in view of the fact that at Sharpeville a large number of non-commissioned police officers and constables were equipped with, and used, Sten sub-machine guns, and the fact that the "Saracens" were equipped with, though their crews did not use, their formidable Browning machine guns. It appears from paragraph 82 of the Report of the Nyasaland Commission of Inquiry (the Devlin Report; Cmnd. 814, p. 41) that in the Federation of Rhodesia and Nyasaland the only member of the police force who is authorised to carry a Sten gun is a platoon commander in the Police Mobile Force (i.e., the Special riot squad of the police, vide para. 73). "Clear instructions" are given that it is never to be used on "automatic" unless "in a desperate emergency". That Commission pointed out that "the Sten gun although set for single shots, i.e., repetition, may easily fire a burst" and that it "is for this reason an undesirable weapon for use where there are crowds".

D. TOPOGRAPHY.

23. Sharpeville is an African township situated to the west of Vereeniging. Its population is approximately 36,000 people, of whom 8,655 are adult males, 6,943 adult females and 20,863 children under the age of 18 years (Labuschagne, p. 425).

24. The police station is situated not far from the western boundary of the township, near the intersection of the two main thoroughfares, Seeiso Street and Zwane Street. Each street has double carriage-ways separated by an island; and the two streets meet at an acute angle at a traffic circle west of the police station. Seeiso Street is the principal thoroughfare leading to the municipal offices on the eastern boundary of the township and thence to Vereeniging itself. It runs in a direction somewhat north of east, while Zwane Street runs in a direction roughly east from the traffic circle. The police station is at the intersection of Zwane Street and a tarred road which runs from Zwane Street to Seeiso Street. This road is on the western boundary of the police station; and it was in this road and Zwane Street to the south that the crowd congregated.

25. The police station stands in its own grounds and consists of a building containing a charge office, cells and other offices and having an enclosed yard at the back (that is on the north side) in which vehicles may be parked. Access to this yard is gained through a large iron gate in a wall on the western side of the building. To the west of the building is a fairly large open space planted with grass. Thegrounds are enclosed by a 4'6" diamond mesh wire fence in which

there/...

there are two gates - a small gate on the southern side or Zwane Street side giving access to the charge office, and a large double gate on the western side approximately in the middle of the western fence. From this gate a driveway leads to an iron gate in the western wall of the police station building. On the south side the police station building is very close to the fence. The gates in the fence are no higher than the fence itself. Neither gate has a lock.

26. Opposite the police station on the western side of the tarred road connecting Seeiso and Zwane Streets is a municipal clinic which is also surrounded by a fence. This fence on its eastern side corresponds both in length and height with the fence of the police station on the western side. The fence of the clinic and the fence of the police station are approximately 25 paces apart. This tarred road is narrow, and runs north to south at that point but curves away slightly to the west some little distance to the north of the police station. On both the police station side and the clinic side there is a rough though not stony pavement. It is only at the intersection with Zwane Street that these pavements have kerbstones.

27. North of the police station, on the road connecting Zwane and Seeiso Streets and after it curves to the west, there is a block of shops (on the eastern side of the road), and a municipal library (on the western side). There is an open grass field between the shops and the police station and another between the

library/...

library and the clinic. The grass field north of the police station extends for some considerable distance to the east to an area in which there are houses. This field is criss-crossed by a number of pathways.

28. The features described above can be seen on Exhibits B and B. 1., which are aerial photographs of the police station taken from the south, and Exhibits J and K, which are aerial photographs of the police station taken from the north. These photographs were taken between 11 and 11.30 a.m. on 21st March, 1960.